



SINODE VAN DIE
NG KERK IN OOS-KAAPLAND

SAKELYS

VEERTIENDE VERGADERING

13 - 16 OKTOBER 2025

“Ek is die Alpha en die Omega, die Een wat is en wat was en
wat kom’, sê die Here God, die Almagtige.” (Openb 1:8)

Aantekeninge

SAKELYS

VEERTIENDE VERGADERING SINODE NG KERK IN OOS-KAAPLAND



WILLOWS KONFERENSIESENTRUM

GQEBERHA

13 TOT 16 OKTOBER 2025

Aantekeninge

INHOUDSOPGAWE

SAKELYS

VOORWOORD	7
ROETEKART	12
LYS VAN AFGEVAARDIGDES	13
A1 VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN / ORDEKOMMISSIE	19
A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE	26
Identiteit, visie en roeping	26
Samestelling	30
Opdragte deur Sinode 2021	31
Wersaamhede van die Sinodale Kommissie	34
Bylaag A2.1: Visie op die kerk – Opmerkings uit die Apostolicum	42
Bylaag A2.2: Hantering van 2021-besluit oor Selfdegeslagverhoudinge	46
A3 BEGELEIDING	55
Ontwrigting	55
Begeleiding van predikante	60
Voortgesette Bedieningsontwikkeling	66
Begeleiding van gemeentes	67
Bylaag A3.1: Samevatting Konstitusie Stutterheim-Eenheidsgemeente	76
Bylaag A3.2: Ooreenkoms NGK Nahoon en NHK Oos-Londen	78
A4 NAVORSING (PRAKTYKGERIGTE ONDERSKEIDING)	80
Uitgangspunte van die verslag	81
Konteks: Suid-Afrika en die Provinsie Oos-Kaap	82
Konteks: NG Kerk en Sinode Oos-Kaapland	92
Storiemuur: NG Kerk in Oos-Kaapland	96
Die Nuwe Testament werp lig	100
Ons strewe om die evangelie uit te leef	103
Nuwe moontlikhede in die NG Kerk	113
Bylaag A4.1: Navorsingstrategie vir missionale transformasie	117
Bylaag A4.2: Storiemuur: Die verhaal van die NG Kerk in Oos-Kaapland	121
Bylaag A4.3: Impak van ringsprojekte op ringe, gemeentes en gemeenskappe	130
A5 VERSLAG STRATEGIESE BESTUUR	140
Sinodale Fondsekommissie	140
Finansiële verslag	142

A6	VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE	147
A7	IN MEMORIAM	155
B	BESKRYWINGSPUNTE	158
C	BESKRYWINGSPUNTE - BEPALINGS EN REGLEMENTE	Geen
D	VERSOEKSKRIFTE	Geen
E	BYLAE	161
	E1: Skrywe deur die "Apostel Paulus" aan gemeentes	161
	E2: Matteus 28	165

HANDELINGE

[Die Handeling van die Sinode is 'n afsonderlike bundel wat na afloop
van die Sinode gepubliseer word]

F.	LAAT STUKKE
G	VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES
H	HANDELINGE VAN DIE SINODE
I	BYLAE
J	BESLUIT AAN KERKRADE

VOORWOORD

1. WELKOM

1.1 Baie welkom by die Veertiende Gewone Vergadering van die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland, een van die nege samestellende sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ons sinode het 52 jaar gelede in Oktober 1973 afgestig van die NG Kerk in Wes-Kaapland.

1.2 Mag elke afgevaardigde iets van die dinamiek en avontuur van kerk-wees in 'n tyd soos hierdie beleef. Dit is 'n besondere tyd om die Here na te volg en getuies van Sy liefde en trou te wees.

1.3 Die Sinode bestaan uit 12 ringe en 101 gemeentes. Meer as 180 afgevaardigdes sal die vergadering bywoon. Ons verteenwoordig meer as 40 000 belydende en 8 000 dooplidmate in Oos-Kaapland.

2. WAT JY VAN DIE VERGADERING MOET WEET

2.1 Doelwitte en werkswyse

2.1.1 Hierdie sakelys en die Sinode se werksprogram is met die volgende **doelwitte en werkswyse** in gedagte ontwerp:

- Sinode 2025 is minder op verslag doen en veel meer op **skeppende, kreatiewe samesyn** gerig.
- Ons **fokus** is die vraag hoe bediening in ons gemeentes, ringe en Sinode moet lyk **op reis na 2035 en verder**.
- Ons **verken ons omgewing**, beide die geskiedenis (lengte-snit) en huidige werklikhede (dwars-snit), ten einde God se teenwoordigheid en God se geleenthede vir ons te ontdek.
- Ons let op watter **moontlikhede** die breër NG Kerkverband vir ons ontsluit, sodat ons dit op ons reis kan benut.
- Ons proog om die "eerste swaeltjies" te onderskei wat God se toekoms vir ons aankondig. Waar sien ons die eerste bloeisel van die nuwe lente?
- Ons kom **nie met vooraf antwoorde en bestaande kennis** alleen nie, maar **stel onself oop** om nuwe moontlikhede te ontdek.
- Ons word nie deur ons probleemstorie oorweldig nie, maar bou as medewerkers van God voort op die wyse waarop God reeds by ons teenwoordig is. Ons streef om **God se alternatiewe verhaal** met ons waar te maak.
- Ons kom nie na die vergadering om na voordragte te luister nie, maar om **na mekaar te luister, opbouend saam te werk en saam te skep**.

2.2 Die storie agter die beplanning van Sinode 2025

2.2.1 Hoe het ons by die raamwerk, beplanning en fokus van Sinode 2025 uitgekom?

- Ringskommissies en die Sinodale Kommissie het 'n Leiersberaad in Maart 2025 gehou.
- Daar het ons die verhaal van ons Sinode sedert 1990 aangeteken, en gelet op die oorheersende, verlammeende probleemstorie wat ons dikwels so sterk in sy greep het.

- Ons het ook bewus geraak van God se alternatiewe storie, die dun, goue lyn van God se teenwoordigheid deur ons verhaal.
- Vanuit hierdie bewussyn het ons oor die toekoms begin nadink. Ons het gevra hoe die Here ons in hierdie tyd wil gebruik om bediening te ontwerp waardeur ons getrou aan God se komende koninkryk (die dun lyn van God se teenwoordigheid) kan leef.
- By hierdie Sinode deel ons die storie, maar neem dit ook verder. Hoe kan ons aanpasbare ontwerpe vir bediening bou wat getrou aan God se teenwoordigheid by ons is. Hoe verwag God van ons om 'n **voorsmaak, teken en instrument van die Koninkryk van God** te wees?
- Om dit te wees, bou ons by die Sinode **prototipes** (eerste wyse of maniere van bediening, wat verder ontwikkel en aangepas word soos ons vorder). Prototipes is heeltemal anders as bloudrukke (vaste voorafbeplande modelle).

2.3 Hoe afgevaardigdes behoort deel te neem

2.3.1 Tree vanuit met die volgende oorwegings op:

- **Wees oop vir God en vir mekaar.** Die lewende God is by ons teenwoordig. Jesus lei ons deur sy Woord en Gees. Wees daarop ingestel.
- **Berei goed voor.** Lees veral **Verslag A3** en baie spesifiek **Verslag A4** goed deur.
- **Wees nederig oor jou eie bydrae.** Nie een van ons het die finale antwoorde nie. Die blote herhaling van bestaande insigte en benaderings is nie voldoende nie.
- **Wees leerbaar.** Kom om te ontdek. Aanvaar dat ook jy nuwe insigte moet verwerf. Leerbaarheid impliseer dat ons nederig en oop is vir ander, nuwe gedagtes, woorde en perspektiewe.
- **Wees oop om ontwrig te word.** Wanneer ons God ontmoet, word ons bevestig maar ook ontwrig. Daar is nuwe werklikhede en uitdagings wat ons onseker laat en dikwels verdwaal en ontredderd laat voel. Aanvaar dit, maar bly oop vir God en God se toekoms.
- **Luister.** Die bydraes van ander, in die groot vergadering maar ook in die kleingroep is waardevol. Slegs saam kan ons bou aan God se nuwe toekoms.
- **Wees bedagsaam in jou optrede.** Moenie groeps gesprekke domineer nie, maar moet ook nie afskakel en jouself onttrek nie. Moenie dat sinisme, vrees of apatie die oorhand kry nie. Wees veral in die kleingroep maklik vir die ander om mee saam te werk.
- **Wees hardwerkend.** Dikwels verkies ons om by geleenthede op te daag waar ons agteroor kan gaan sit en ontvang. Hier gaan dit nie werk nie. Jou bydrae en insette gaan van groot waarde wees.
- **Wees verbeeldingryk.** Ons is hier om bediening te her-verbeel. Ons vorm nuwe prentjies. Ons droom die drome, sien die visioene en hoor die profesieë wat die Heilige Gees aan die kerk se jongmense en ou mense, ons seuns en dogters, skenk (Handelinge 2:17).

2.3.2 Die **fasiliteerder** wat ons kom begelei is dr. Frederick Marais van die Eenheid vir Sosiale Innovasie van die Hugenote Kollege. Voorts besef ons dat baie predikante en gemeentes onder druk verkeer. Ons nooi dus 'n **spreker**, praktiese teoloog prof. Yolanda Dreyer, om insette oor predikante-versorging te gee.

3. KERN VAN HIERDIE SAKELYS

3.1 Die kern van die Sakelys of Agendaboek wat u nou voor oë het, is geleë in:

- Hoofstuk A3 – Begeleiding
- Hoofstuk A4 – Praktykgerigte onderskeiding

3.2 Hierdie twee hoofstukke bevat die **boublokke** waarmee ons 'n nuwe toekoms kan bou op 'n realistiese en toepaslike wyse. Lees dit dus asseblief aandagtig deur.

3.3 Die hart van verslag A4 lê in die opsomming van die storiemuur en die beskrywing van die prototipes tydens die Leiersberaad geskep, met die beskrywing van die **onderliggende temas** in die prototipes.

3.4 'n Wyse teoloog het aan gemeentes gesê: “**Find a usable future in your past**”. By die lees van Hoofstuk A4 is dit 'n goeie uitgangspunt om in gedagte te hou.

4. VOORBEREIDING

4.1 Berei jouself asseblief deeglik voor deur hierdie sakelys met goeie aandag deur te werk. Stel uself op hoogte met die inhoud van die dokumente, aangesien dit as gelese beskou sal word.

4.2 Die inhoud van hierdie sakelys is baie ver verwyder van die tradisionele sinodale verslae waarmee baie van ons kerklik “grootgeword” het! Waar die NG Kerk tans in 'n besondere fase van voorbereiding vir 'n nuwe tyd verkeer, sal u oplet dat baie van die dokumente ons juis help voorberei om die Here in 'n tyd soos hierdie na te volg.

4.3 Die Sakelys is grootliks toekomsgeoriënteerd.

5. VERANDERING AAN AFVAARDIGING

5.1 U het hierdie sakelys ontvang met kontakbesonderhede voorsien deur u gemeente se kerkkantoor. Indien u om een of ander rede nie die vergadering kan bywoon nie, moet u dit asseblief onverwyld aan u sekondus oorhandig.

5.2 Ek versoek leraar-afgevaardigdes om enige verandering aan u afvaardiging soos gepubliseer in hierdie sakelys *vooraf* onder my aandag te bring. Indien 'n nuwe geloofsbrief voorgelê moet word, moet u ook asseblief vooraf met my skakel. Stuur gerus 'n boodskap na 082 9234 178 of e-pos na danie@ngkok.co.za.

6. VERGADERPLEK

6.1 Die Sinode vergader by die Willows Konferensiesentrum in *Marine Drive*, net suid van Port Elizabeth, enkele kilometer van die Universiteit.

6.2 Raadpleeg die ingeslote roetekaart aan die einde van hierdie verslag.

6.3 Vind ook 'n **Google Maps QR-kode** wat na die vergaderplek lei aan die einde van hierdie verslag.

7. REGISTRASIEREËLINGS

7.1 Registrasie vind op Maandag, 13 Oktober 2025 vanaf 09:00 tot 11:00 in die eetsaal van die Willows-Konferensiesentrum plaas. U teken by registrasie vir u dokumente, waaruit die presensielys

vir die Sinode saamgestel word. Moet asseblief onder geen omstandighede 'n ander afgevaardigde se dokumente namens hom/haar neem nie. **Elke afgevaardigde moet by die registrasietafel aanmeld.**

7.2 Kom asseblief so vroeg as moontlik (d.w.s. reeds om 09:00 of so gou moontlik daarna), aangesien heelwat sake uitgesorteer moet word.

7.3 Die **Openingseremonie** vind om 11:30 plaas. Die sinode konstitueer as deel van dié seremonie.

7.4 Middagete vind eers na die opening plaas.

7.5 Die vergadering duur tot Donderdag, 16 Oktober, om 14:00.

7.6 Let daarop dat die vergadering ook saans werk. Inligtingsgesprekke word as voorbereiding vir die volgende dag se besluitneming gevoer.

8. AFWESIGHEID

8.1 Afgevaardigdes word versoek om alle sittings getrou by te woon. Verlof vir afwesigheid moet met opgaaf van redes by die Skriba of Notulekommissie ingedien word.

9. RAADPLEEG DIE VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN / ORDEKOMMISSIE

9.1 Verslag A1, die Verslag van die Ontwerpspan / Ordekommissie, bevat baie belangrike reëlings waarvan u ook op hoogte moet wees. Dit raak onder andere fasette soos:

- Mediese inligting
- Reis- en verblyfkoste (dit word vanjaar anders hanteer as in die verlede)
- Kleredrag (gemaklik)
- Noodtelefoonnommers, en
- Tydelike kommissies.

10. STEMMINGSPROSEDURE

10.1 Selfoon: Ons vra elke afgevaardigde om 'n selfoon met 'n werkende WhatsApp-toepassing saam te bring sinode toe. Dit moet op die selnommer funksioneer wat op die geloofbrief aangebring is. Ons beoog om van elektroniese stemming gebruik te maak.

10.2 Stembriefies: Tydens bepaalde stemmings maak die vergadering van stembriefies gebruik. U ontvang genummerde stembriefies tydens registrasie. Wanneer gestem moet word, sal die voorsitter aandui watter nommer stembriefie u moet gebruik. Slegs daardie nommer is geldig. Volg hierdie instruksies noukeurig, en moenie stembriefies aan ander afgevaardigdes “uitleen” nie. Elke afgevaardigde kry sy/haar eie stel genummerde briefies.

11. TYDELIKE KOMMISSIES

11.1 Indien u ingedeel is by een van die Tydelike Kommissies (sien die Ontwerpspan se verslag - **A1**) moet u asseblief seker maak dat u die vergaderings van die betrokke kommissie bywoon. Daar is ook voorbereidende gesprekke en toerusting vir sommige van hierdie tydelike kommissies – verwys na **Verslag A1** in hierdie bundel.

12. OM SAAM TE BRING

12.1 Maak seker dat u hierdie sakelys saambring, asook u Bybel en 'n pen. U ontvang by registrasie 'n lêer met skryfpapier, 'n naamkaartjie en stembriefies.

12.2 Bring asseblief 'n **selfoon** saam met **WhatsApp** geïnstalleer en geaktiveer. Die selfoonnommer moet dieselfde wees as die selfoonnommer wat op die geloofsbrief aangebring is.

12.3 Indien jy wil swem, bring asseblief 'n **swemhanddoek** saam.

13. VOORBIDDING

13.1 Doen asseblief getrou voorbidding vir die vergadering.

13.2 Gebed vir Sinode: Gemeentes word spesifiek opgeroep om vanaf Sondag, 14 September, in die eredienste vir die Sinodale Vergadering te bid.


14. DANKWOORD

14.1 Baie dankie aan almal wat op een of ander wyse deel was van die reël van hierdie vergadering: die lede van die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie, die lede van die Ontwerpspan / Ordekommissie, asook die leraars, kerkrade en skribas in kerkkantore.

Baie dankie!

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode


Skakel na Google Maps:



Sakelys aanlyn beskikbaar:

<https://ngkok.co.za/sinode-2025/>

WILLOWS KONFERENSIESENTRUM



LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

Die gemeentes word in alfabetiese volgorde en daarna ontstaansdatum gelys. Beide die primarii en sekundi-lede verskyn op hierdie lys, *met sekundi in kursiewe druk*.

Predikante wie se besonderhede in blokkieshakies verskyn, is bevestig in 'n ander gemeente, maar lewer gekontrakteerde dienste in die spesifieke gemeente.

1. ABERDEEN (1855)

Ds C James

Oudl D van der Westhuizen

**Oudl MM Beneke*

**Oudl MH van Loggerenberg*

2. ADELAIDE (1890)

Ds PCPA Odendaal

Oudl FJ Every

Oudl JB Marais

3. ALBANIE (1831)

Ds CT Müller

Oudl BC Hoole

Diak E Schoonbee

4. ALEXANDRIA (1854)

Ds DJ de Kock

**Oudl R Heyneke*

5. ALGOA GEMEENSKAPSKERK (1959)

Vakant

**Oudl (ds) E Bester*

Oudl A Louwrens

Oudl PWA Ras

Oudl MJ Olivier

6. ALGOAPARK (1953)

Dr PS Stoltz

Oudl D Matthee

Oudl B Terblanche

7. ALIWAL-NOORD (1852)

Ds D Vermaak

Ds N Muller

**Oudl E Schulze*

**Diak PC Hector*

Oudl RJ Coetzee

Oudl LA Oberholster

8. ANCHOR OF HOPE - PORT ELIZABETH-SENTRAAL (1924)

Ds GJ Noeth

Diak D Roux

Diak JFS Strydom

9. BARKLY-OOS (1873)

Vakant

Oudl WD Cloete

Oudl J Schoeman

10. BLOUWATERBAAI FAMILIEKERK – SWARTKOPSRIVIER (1976)

**Ds B Marais*

Oudl JA Kruger

Oudl J Kapp

11. BOTHASRUS (1941)

Ds R van Niekerk

Oudl JA Engelbrecht

12. BUFFELSRIVIER (1962)

Ds JH Kleynhans

**Diak MEM Bezuidenhout*

13. BURGERSDORP (1846)

Ds Q Nel

Oudl DC Lourens

14. CAMBRIDGE (1952)

-

15. CATHCART (1907)

Vakant

Oudl WR de Bruin

**Oudl YC de Bruin*

16. CLEARVIEW (2015)

Vakant

Oudl GO McKerry

Oudl NJ Botha

17. COLESBERG (1826)

Dr CF Herbst
Oudl JJ Lingenfelder

18. CRADOCK (1818)

Ds C Slabbert
Oudl AJ Pienaar
Oudl FJ Lombard

19. CRADOCK-NOORD (1966)

Ds J-R Nieuwenhuizen
Oudl J Swart
**Oudl W de Villiers*

20. CRADOCK-OOS (1951)

Vakant
Oudl PCW Potgieter
**Oudl N Barkhuysen*

21. DESPATCH-DAGBREEK (1984)

Vakant
**Oudl M Smit*

22. DESPATCH-EENDRAG (1965)

-

23. DESPATCH-NOORD (1976)

Ds DW O'Kennedy
Oudl FM Ferreira
Oudl AJ Bezuidenhout

24. DESPATCH-SUID (1969)

Ds AM Preller
Oudl M Victor
Oudl HS Marx

25. DIAS (1981)

Ds W Venter
Oudl J Pretorius
Oudl MD Boshoff

26. DORDRECHT (1857)

**Dr EP Büchner*
**Oudl C Van Pletzen*

27. ELLIOT (1890)

**Ds HE Botha*
CJ Kotzé (waarnemer)

28. FORT BEAUFORT (1949)

[Ds PCPA Odendaal - Adelaide]
Oudl CR Botha
**Diak Z Janeke*
**Oudl JL Van der Merwe*

29. GAMTOOSVALLEI (1944)

**Ds L McLachlan*
**Oudl JE Both*
**Oudl MM Viljoen*

30. GAMTOOSVALLEI-OOS (1958)

Ds MA Ferreira
-

31. GLEN LYNDEN (1829)

Vakant
Oudl GJ de Klerk
Oudl WA van de Vyver

32. GONUBIE (1986)

Ds JJ Pretorius
Oudl CJH Steinberg
Oudl JJ Jacobs

33. GRAAFF-REINET (1792)

Ds HJ Ekkerd
**Oudl I Boshoff*

34. GRASVOËLKOP (1978)

Ds GV Ehlers
Oudl AE Joubert
**Diak Z Trytsman*

35. HOFMEYR (1876)

Vakant
-

36. HUMANSDORP (1849)

Ds DC Thomas
Oudl AA Scholtz

37. HUMANSDORP-OOS (1976)

**Ds M Badenhorst*
Oudl JHM van Heerden
Oudl GP Hoffman

38. INDWE (1906)

Vakant
-

39. JAMESTOWN (1891)

Vakant
Oudl AC de Klerk
Diak JH van der Walt

40. JANSENVILLE (1855)

Ds AD Botha
*Diak C Fourie
Oudl A du Preez

41. JEFFREYSBAAI (1969)

Ds PJ Janse van Rensburg
Ds D Higgs
Ds N Greyling
*Ds HM Van Der Watt
Oudl PJ de Wet
Oudl A Jansen van Vuuren
*Oudl L Steyn
*Diak T Pieterse
Oudl SJ Noeth
Diak LCA Muller
Diak V Kuhn

42. JOUBERTINA (1907)

Ds HJ Roberts
Oudl JO Kritzinger
Oudl AA van der Mescht
Oudl W Strydom

43. KAREEDOUW (1906)

Ds JH Vermaak
Oudl JJ Scheepers
Diak MS Strydom

44. KING WILLIAM'S TOWN (1912)

*Ds B Esterhuyzen
WCJ Brink (waarnemer)

45. KLIPPLAAT (1944)

Vakant
-

46. KRAGGAKAMMA (1973)

Ds MG van Rooyen
Ds DT Wessels
*Oudl DM Nortjé
Oudl HP Bakkes
**Oudl S Tait*
Oudl PE Pretorius

47. LADY GREY (1862)

Vakant
Oudl JHJA Hattingh
Oudl A Nel
**Oudl S van Huyssteen*
**Oudl A Wheeler*

48. LOERIE (1938)

Vakant
Oudl P Viviers

49. MACLEAR (1916)

Vakant
-

50. MIDDELBURG-KAROO (1852)

Vakant
Oudl WJ Olivier

51. MISGUND (1950)

Ds DJ Botha
-

52. MOLTENO (1881)

[Dr DH Davel – Sterkstroom]
Oudl SJP Greyvenstein
Oudl DH Els

53. MTHATHA (1890)

Ds BSK Kock
-

54. MURRAYSBURG (1855)

Ds JJ Joubert
Oudl JH Swanepoel

55. NAHOON (1960)

Ds CP van der Walt
Oudl LW van de Merwe
**Oudl A Bishop*
**Oudl J Richardson*

56. NEWTONPARK (1953)

Ds CC Pienaar
Diak PJDT Roux
Diak E Marais

57. NIEU-BETHESDA (1878)

Vakant
Oudl WAS Olivier

58. NOUPOORT (1944)

Vakant

-

59. OOS-LONDEN (1905)

Ds NW Bezuidenhout

Ds JH Coetzer

*Oudl MM Nel

*Diak M Sieberhagen

**Oudl M Müller*

Oudl JC Coetzer

60. OOS-LONDEN-WESHEUWELS (1971)

Ds WP Petzer

-

61. PARKHEUWEL (1955)

*Ds C du Pisanie

-

62. PATERSON (1906)

*Ds M Wessels

*Oudl H Feuth

63. PATMOS (1962)

Ds J Grobbelaar

Oudl C van Loggerenberg

Oudl HP van Heerden

64. PEARSTON (1859)

Vakant

*Oudl JA Troskie

Oudl JVG Moolman

Diak S de Lange

Diak R Moolman

65. PORT ELIZABETH (1907)

Ds TL Wait

Oudl AJ De Villiers

Oudl PL Bouwers

66. PORT ELIZABETH-DE DUIN (1963)

Ds DJF de Jongh

Oudl FE Potgieter

Oudl HS Fourie

67. PORT ELIZABETH-HEIDEVELD (1982)

*Ds R Vosloo

Diak J Van der Heever

**Diak T-L Parker*

68. PORT ELIZABETH-HOOGLAND (1972)

Ds PCJ Nel

*Ds S Ribbens

Oudl WC Breytenbach

*Diak L Bonthuys

Oudl IR Ellis

Oudl DJL Venter

69. PORT ELIZABETH-LORRAINE (1976)

Ds PG Loubser

*Ds T Pieterse

Oudl J Sieberhagen

70. PORT ELIZABETH-NOOITGEDACHT (1959)

Ds R-J de Kock

*Oudl A van der Merwe

**Oudl HPW Roberts*

71. PORT ELIZABETH-NOORD (1933)

Ds JD de Bruin

Oudl CR Lamastra

**Oudl PA Oelofse*

72. PORT ELIZABETH-SHERWOOD (1987)

Ds DW Mouton

Ds WU Barnard

*Oudl PE Olivier

Diak GF Buys

Oudl P Stoffberg

Oudl JC Hickman

Oudl DPD Coetsee

73. PORT ELIZABETH-SIONSRAND (1970)

Ds PH Voigt

Oudl JB van der Schyff

Oudl L Strauss

74. PORT ELIZABETH-SONHEUWELS (1964)

Vakant

Diak MJ van Tonder

Oudl DG Saayman

75. PORT ELIZABETH-WES (1940)

-

76. QUEENSTOWN (1854)

*Ds D Viljoen
 *Oudl IH Roodt
Oudl M du Plessis
Oudl JS Olivier

77. RETIEF (1958)

Ds JM Janse van Rensburg
 Diak DV Rossouw

78. RIETBRON (1913)

Ds JJ Eksteen
 Oudl HL de Wet
Oudl DR Jansen van Vuuren

79. SOMERSET-OOS (1825)

*Ds N Stoffels
 Ds R Nieuwenhuizen
 Oudl JL Fourie
 *Oudl M de Villiers
 *Diak MS Wilken
Oudl JJA Truter

80. SOMERSTRAND (1983)

Ds V du Plessis
 Diak R Lloyd
Oudl (dr) JD Prinsloo
 *Oudl JJ Havemann

81. SONDAGSRIVIER (1918)

Ds J Grobler
 Oudl MLJ Jürgens
Oudl GD van der Merwe
Diak J van Eck

82. SONDAGSRIVIER-SUID (1938)

*Ds L Van Zyl
 *Diak E Van den Bosch

83. SONDAGSRIVIERMOND (2008)

*Ds E van der Westhuizen
 Oudl WM van der Merwe
Oudl C Serfontein
 *Diak M de Wet

84. STERKSTROOM (1891)

Dr DH Davel
 *Oudl SE Pieterse
 *Diak M Jordaen

85. STEYNSBURG (1875)

Ds JG van Tonder
 -

86. STEYTLERVILLE (1876)

Dr NJG van der Westhuizen
 *Oudl HL Maritz
Oudl H Bezuidenhout
Oudl R Goldschagg

87. STUTTERHEIM (1948)

Ds DO Strydom
 -

88. SYDENHAM (PORT ELIZABETH) (1946)

Vakant
 *Oudl GM Moses
 *Diaken C Barkhuizen
 Dr WJ Wiid (waarnemer)
 *Diaken LA Fourie
Diaken JJ Strydom

89. TARKASTAD (1863)

Ds AC Vlok
 *Oudl LMD Wait

90. TSITSIKAMMA (1944)

Ds WD Sauer
 Oudl DT Loots

91. UGIE (1903)

Vakant
 -
 CJ Kotzé (waarnemer)

92. UITENHAGE (1817)

Ds L Oliver
 Diak R Heyman
 *Diak L Scholtz
 *Oudl P van Vuuren

93. UITENHAGE-DE MIST (1950)

*Ds T de Jongh
 Oudl C van Dalen
 *Oudl I Julies

94. UITENHAGE-NOORD (1950)

Ds TJ van Schoor
 *Oudl CH Nel
Oudl AF Boyce

95. UITENHAGE-OOS (1950)

Ds HN Lochner
Oudl PP Stroebel
Oudl AG Calitz

96. UITENHAGE-WINTERHOEK (1971)

Ds HJ Meyer
Oudl GS Skene
Oudl PB Jacobs

97. VANSTADENSRIEVER (1966)

Ds A van Jaarsveld
Oudl Q Osborne
**Diak C van Leeuwen*
**Diak E Vosloo*

98. VENTERSTAD (1882)

Vakant
Oudl PA Marais

99. WALMER (1929)

Ds C Coetzee
**Oudl JM Underwood*
Oudl HI Nell

100. WATERFORD (1919)

Vakant
**Oudl JS Nell*
Oudl MJ Nell

101. WILLOWMORE (1864)

-

A1: VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN / ORDEKOMMISSIE

Die volgende aanbevelings word vir goedkeuring aan die vergadering voorgelê:

1. VERGADERPLEK, REGISTRASIE EN OPENING

1.1 Die vergadering word gehou by die Willows Konferensiesentrum, Marine-rylaan, Gqeberha vanaf Maandag 13 tot Donderdag 16 Oktober 2025.

1.2 Registrasie vind op 13 Oktober vanaf 09:00 tot 11:00 plaas, in die eetsaal van die konferensiesentrum.

1.3 Geen afgevaardigde mag die lêer namens 'n ander afgevaardigde in ontvangs neem nie. **Elke afgevaardigde moet persoonlik registreer.**

1.4 Die konstituering en openingseremonie vind om **11:30** plaas.

1.5 Afgevaardigdes word vriendelik versoek om hul sitplekke teen 11:15 in te neem.

1.6 Middagete vir al die afgevaardigdes word op die eerste sittingsdag vanaf 13:00 by die konferensiesentrum bedien.

2. DOEL

2.1 Die doel van die vergadering is onderskeiding van God se wil en roeping vir die bediening van die NG Kerk in Oos-Kaapland oor die volgende 4 jaar. Wat is dit wat die Here op sleutelgebiede deur ons wil doen? Waarheen nooi Hy ons om saam met Hom te gaan?

2.2 Gevolglik gaan groot dele van die Sinode in ontwerpmodus plaasvind, volgens die beginsels van sosiale innovasie.

2.3 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is as verband saam op reis - as gemeentes en ringe van die Oos-Kaap, maar ook in Algemeen-Sinodale verband. Belangrike sake en verslae wat in hierdie opsig kennisname en besluite verg, verskyn ook op die sakelys.

2.4 Die Sinode is ook 'n saam-wees geleentheid. Ons wil nie net besluite neem nie, maar mekaar ook beter leer ken en in ons vertrouwe in mekaar groei. Ons vriendskap is 'n prioriteit.

3. OPENING EN KONSTITUERING

3.1 Die opening en konstituering van die vergadering word om **11:30** deur die voorsitter van die Sinodale Kommissie waargeneem.

3.2 Die opening en volle vergadering vind in die groot vergadersaal van die Willows Konferensiesentrum plaas.

4. ORDEKOMMISSIE / ONTWERPSPAN

4.1 'n Ordekommissie, wat as Ontwerpspan optree, is as volg saamgestel: Dr Dewald Davel (sameroeper); di MG van Rooyen, Jan Grobbelaar, Danie Mouton (skriba), Eldré Bester, Wikus Venter, Jurie Pretorius en Nardus Greyling.

5. SITPLEKKE EN GROEPSINDELING

5.1 Die vergadering vind in groepsverband plaas. Afgevaardigdes ontvang hul groepsindeling en ander besonderhede by registrasie.

6. SITTINGSURE

6.1 Die tydskedule van die vergadering is as volg:

		Maandag	Dinsdag - Woensdag	Donderdag
Ontbyt	07:00 - 08:15		X	X
Dagwyding	08:30 - 09:00		X	X
Oggendsitting 1	09:00 - 10:30		X	X
Dag 1 - Registrasie	09:00 - 11:00	X		
Dag 1 - Opening	11:30 - 13:00	X		
Teepouse	10:30 - 11:00		X	X
Oggendsitting 2	11:00 - 13:00		X	X
Middagete	13:00 - 14:00	X	X	X
Middagsitting 1	14:00 - 15:30	X	X	
Koffiepouse	15:30 - 16:00	X	X	
Middagsitting 2	16:00 - 18:00	X	X	
Ringe	18:00 - 18:30	X	X	
Aandete	18:30 - 19:30	X	X	
Aandsessie	19:30 - 20:45	X	X	
Tydlike Komm.	20:45	X	X	

NB: Openingseremonie, Maandag 13 Oktober, om 11:30

6.2 Die sinode sluit Donderdagmiddag om 14:00 af. Middagete sal in die vorm van kospakkies beskikbaar wees.

6.3 Die **Sinodale Kommissie** konstitueer onmiddellik nadat die sinode verdaag het.

7. PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE

7.1 Die Ordekommissie / Ontwerpspan het die Program van Werksaamhede voorberei op grond van die vier sinodale funksies en die beplanning van die Leiersberaad (vergelyk **Verslag A4**). Die sentrale tema van die vergadering is die innovasie van bediening met die oog op 2035.

7.2 Die Sakelys volg die Program van Werksaamhede soos deur die Ontwerpspan beplan.

8. KLEREDRAG

8.1 Die drag is gemaklik en netjies-informeel.

9. AKKOMMODASIE / ETES / VERVERSINGS

9.1 Afgevaardigdes van buite Gqeberha word op die terrein van Willows Vakansieoord op koste van die vergadering gehuisves. Die sinode huur die hele kampterrein. Waar afgevaardigdes hul eie, alternatiewe akkommodasiereëlings tref, is 'n vasgestelde tarief betaalbaar.

9.2 Afgevaardigdes vanaf Gqeberha word versoek om tuis te oornag weens die beperkte aantal oorslaapgeriewe. Daar word reiskoste vir hierdie afgevaardigdes voorsien.

9.3 Etes en verversings word op koste van die vergadering aangebied. Bykomende drinkgoed is vir die rekening van die spesifieke afgevaardigde. Etes begin met die middagete van 13 Oktober en eindig weer met middagete op 16 Oktober. Gqeberha-afgevaardigdes word ingesluit om middag en aandetes saam met die ander afgevaardigdes te geniet. Almal wat oorslaap, geniet ontbyt op die terrein.

10. VOORBEREIDING VAN SAKELYS

10.1 Die Sakelys is deur die Direkteur Sinode, skriba van die Sinodale Kommissie, voorberei en gedupliseer en waar moontlik versend deur die kantoor van die Direkteur Sinode ten einde afgevaardigdes nie later as die einde van September 2025 te bereik nie. Die sakelys sal vroeër reeds elektronies vir alle afgevaardigdes beskikbaar wees.

10.2 Weens onbetroubare posdienste word die sakelys elektronies na alle afgevaardigdes gestuur.

10.3 Die sakelys sal tydens die vergadering as gelese beskou word. Berei dus asseblief noukeurig voor.

11. VOORBIDDING VIR DIE SINODE

11.1 Gemeentes word opgeroep om vanaf **Sondag, 14 September** vir die Sinode te bid.

11.2 Daar word 'n gebedspan saamgestel om voor en tydens die sinode voorbidding te doen. Die bedoeling is dat 'n gebedskoördineerder uit elke gemeente as skakelpersoon tussen die sinode en gemeentelike voorbidders optree. Ds Eldré Bester sal daaglikse gebedsversoeke op die sinode se Facebookblad beskikbaar stel - www.facebook.com/ooskaap.

11.3 Ons sal dit dus waardeer as gemeentes daaglikse, aktiewe bid vir die sinode en gebeure by die sinode op ons Facebookblad en op Twitter sal volg.

12. KOMMUNIKASIE

12.1 Ons sal daaglikse gebeure by die sinode kommunikeer. Hierdie kommunikasie sal primêr deur Facebook plaasvind - volg die gesprek oor die sinode by www.facebook.com/ooskaap

12.2 Die dokumente van die sinode is beskikbaar via ons **webblad** by www.ngkok.co.za (klik op "Sinode" op die keusebalk bo-aan die blad.).

13. SPREKERS

13.1 Die Ontwerpspan reël met enkele sprekers van buite wat die werksaamhede van die vergadering dien.

14. HANTERING VAN DIE NOTULE / HANDELINGE

14.1 Die notule word deur die Notulekommissie versorg en sal daagliks aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word. Die notule sal in finale vorm deur die Sinodale Kommissie goedgekeur word.

14.2 Na goedkeuring deur die SK word die notule as deel van die Handeling aan gemeentes gestuur vir die aandag van die afgevaardigdes.

15. REISKOSTE EN DAGGELDE

15.1 Reiskoste word op die volgende basis bereken: een motor per gemeente vir elke vier afgevaardigdes, na en van Gqeberha.

15.2 Afgevaardigdes van Gqeberha word ook op 'n vaste basis vergoed vir reiskoste.

15.3 In die lig van punt 9.3 word geen daggelde uitbetaal nie.

16. AFKONDIGINGS

16.1 Die Skriba en Notulekommissie keur en hanteer alle afkondigings.

17. VERLOF VIR AFWESIGHEID

17.1 Aansoeke om afwesigheid word by die Skriba en Notulekommissie ingedien, wat dit daagliks aan die vergadering voorlê, waarna dit in die notule gepubliseer word.

17.2 Geen lid van die vergadering mag sonder verlof van die vergadering afwesig wees nie.

18. GROEOPLEIERS

18.1 Die afgevaardigdes is in groepe verdeel ten einde maksimum deelname aan die besprekings ter vergadering te bevorder.

18.2 Groepleiers is aangewys en ontvang toerusting op Maandagoggend, 13 Oktober, vanaf 10:00 tot 11:00. Groepleiers word afsonderlik gekontak. Groepleiers ontmoet ook die eerste aand net nadat die Sinode verdaag.

19. TYDELIKE KOMMISSIES

19.1 Die Tydelike Kommissies is deur die Ordekommissie / Ontwerpspan saamgestel uit die afgevaardigdes (Bep 35.7).

19.2 'n Sameroeper verantwoordelik vir die konstituering van die kommissie, is benoem. Nadat die kommissie gekonstitueer het, kies hulle hul voorsitter en skriba.

19.3 Die skriba van elke Tydelike Kommissie besorg sy kommissie se verslag/e aan die Notulekommissie wat dit in samewerking met die Skriba van die Sinode nasien, versorg en laat dupliseer.

19.4 Alle voorstelle, besluite of beskrywingspunte met finansiële of regsimplikasies word na onderskeidelik die Tydelike Kommissie vir Fondse en die Tydelike Regskommissie verwys. Voorstellers het die reg om hul aanbeveling by die Tydelike Fondsekommissie / Tydelike Regskommissie te motiveer.

19.5 Tydelike Kommissie vir die Notule / Sakeregister / Besluite aan Kerkrade

19.5.1 Samestelling

Di DW Mouton (sameroeper), DO Strydom en W Venter (hulpskribas), di N Stoffels, R-J de Kock, en L McLachlan.

19.5.2 Hierdie kommissie vergader op Maandag 13 Oktober om 10:00 by die moderatuurstafel.

19.6 Tydelike Regskommissie

19.6.1 Samestelling (Bep 35.1.7)

Leraars: Dr DH Davel, di J Grobbelaar, J Vermaak, R Vosloo, R Nieuwenhuizen.

Kerkraadslede: C van Loggerenberg, WC Breytenbach, JHM van Heerden, LMD Wait.

19.6.2 Hierdie kommissie vergader wanneer dit saamgeroep word.

19.7 Tydelike Fondsekommissie

19.7.1 Samestelling (Bep 35.7.2)

Ring	Leraar	Kerkraadslid
Albanie	PCPA Odendaal	CR Botha
Algoa	MG van Rooyen	A Louwrens
Burgersdorp	D Viljoen	PA Marais
Cradock	C Slabbert	WJ Olivier
Dordrecht	EP Büchner	C van Pletzen
Graaff-Reinet	JJ Eksteen	I Boshoff
Humansdorp	N Greyling	JE Both
Oos-Londen	B Esterhuyzen	AJ de Jager
PE	V du Plessis	F Potgieter
PE-Wes	PH Voigt	P Stoffberg
Sondagsrivier	JM Janse van Rensburg	D Rossouw
Uitenhage	HJ Meyer	GS Skene

19.7.2 Hierdie kommissie vergader wanneer dit saamgeroep word.

19.8 Tydelike Kommissie vir Algemene Sake, Ekumene, Leer en Aktuele Sake

19.8.1 Samestelling

Leraars: DH Davel, MG van Rooyen, CF Herbst, DW Mouton, W Venter, JJ Pretorius

Kerkraadslede: FE Potgieter, J Swart, D van der Westhuizen, A Jansen van Vuuren

19.9 Stemmetellers

19.9.1 Samestelling

Di D Viljoen (sameroeper), N Muller, DJF de Jongh, WU Barnard, Q Nel, R Nieuwenhuizen, L van Zyl, M Wessels.

19.9.2 Die kommissie is ook verantwoordelik vir die uitdeel van alle stukke.

19.9.3 Hierdie kommissie vergader op Maandag 13 Oktober om 11:00 by die moderatuurstafel.

19.10 Kommissie vir Reiskoste

19.10.1 Die Tydelike Fondsekommissie sal, indien nodig, ook as Reiskostekommissie optree.

19.11 Direkteur Sinode

19.11.1 Die Direkteur Sinode is in adviserende hoedanigheid by alle tydelike kommissies betrokke.

20. SKAKELING MET DIE MEDIA

20.1 Skakeling met die media word deur die voorsitter en skriba hanteer.

21. DAGWYDINGS EN DAGSLUITINGS

21.1 Sangbegeleiding word hanteer deur di Nico Bezuidenhout en Jan Coetzer. Die dagwydings word deur 'n liturgiese span gekoördineer.

22. NOODHULP EN MEDIESE DIENSTE

22.1 Basiese noodhulpbenodigdhede is voortdurend beskikbaar. Kontak mev Chantall Vermaak indien u hiervan gebruik wil maak.

22.2 Daar is met die volgende dokters gereël om vir die duur van die vergadering op bystand te wees: Petra Conradie, Louis Visser en André Loots. Hul praktyk (Intercare Summerstrand) is geleë te Agtstelaan 1, Somerstand, telefoon 041 583-2121.

22.3 In die geval van dringende nooddienste kan die volgende **ambulansdienste** geskakel word:

- Netcare by 082 911
- GardMed by 041-3736777
- Relay EMS by 086 106 1061
- Bester EMS by 083 207 1944

22.4 Vir na-uurse mediese aandag kan u die ongevalle-afdeling van

- **Life Mercantile Hospitaal** skakel 041 404 0414 / 041-404 0400
- **Greenacres Hospitaal** skakel by 041 390-7306 of 041 390-7298.
- **St. George's Hospitaal** skakel by 041-392 615 / 041-392 6178 / 041-392 6111

22.5 Persone wat nie oor private mediese dekking beskik nie, kan gebruik maak van die **Livingstone Hospitaal**, Stanfordstraat, Korsten. Die ongevalle-afdeling word bereik by 041-405 9111.

22.6 Mediese dienste sal in alle gevalle vir die rekening van die betrokke pasiënt (afgevaardigde) wees.

23. AFSLUITING

23.1 Die afsluiting sal op Donderdag, 16 Oktober deur die ondervoorsitter waargeneem word. Dit geskied in oorleg met die liturgiespan en die Ontwerpspan.


24. SLOT

24.1 Die Kommissie bid die sinode 'n geseënde vergadering toe.

Dr Dewald Davel (Voorsitter)

Ds Danie Mouton (Skriba)

Skakel na die Sakelys en ander dokumente:



Die volledige sakelys is beskikbaar
op die Sinode se webblad
by www.ngkok.co.za

Klik op "Sinode" in die keuselys
bo-aan die webblad

A2: SINODALE KOMMISSIE – VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE VIR DIE PERIODE 2021-2025

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die Sinodale Kommissie doen hiermee soos volg verslag oor haar werksaamhede sedert die vergadering van die Sinode in Oktober 2021.

1. GEBED VIR DIE GEMEENTES, RINGE EN SINODE VAN OOS-KAAPLAND

Ons gebed vir die Sinode van 2025 is die gebed van Paulus vir die Efesiërs (3:16-19):

16 Ek bid dat Hy vir julle na die rykdom van sy heerlikheid dít sal skenk:
om deur sy Gees met krag
na die innerlike mens versterk te word,
17 sodat Christus deur die geloof
in julle harte mag woon,
terwyl julle in die liefde
gewortel en gegrond is,
18 sodat julle volledig in staat mag wees
om saam met al die heiliges
tot die besef te kom
van die breedte en die lengte
en die hoogte en die diepte,
19 ja, om die liefde van Christus te leer ken, wat alle begrip te bowe gaan,
sodat julle gevul mag word
met al die volheid van God.

IDENTITEIT, VISIE EN ROEPING

2. GELOOFSVERBINTENIS VAN DIE KERKVERBAND IN OOS-KAAPLAND

2.1 As gemeentes, ringe en sinode vorm ons saam 'n **hegte verband** met 'n gemeenskaplike identiteit, visie en roeping. Dit is diep ingebed in ons verhouding met God, maar ook met mekaar. Ons is nie elkeen 'n eiland of 'n silo nie, maar leef in verbondenheid. Ons sinode se leuse is: 'n Vriendekring wat saam groei.

2.2 Ons lewe voor die aangesig van die **lewende God**, Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie Heilige Gemeenskap trek ons deur Jesus Christus en die krag van die Heilige Gees in 'n **geloofsgemeenskap** in. Die lewende God is ook 'n **aktief-handelende God** wat steeds op 'n sending in God se wêreld is om lewe te bring, geloof, hoop en liefde aan te vuur. Vanuit hierdie verhouding leef, beweeg en handel ons.

2.3 Ons formuleer hierdie verbintenis in die taal van die Apostoliese Geloofsbelydenis: **een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges**. Dit is die belydenis van die Here se kerk oor die eeue, en ook dié van die Christelike kerk regoor die wêreld. Ons identiteit, visie en roeping verbind ons met die eerste apostels en gelowiges, deur die eeue, maar ook met almal wat die Vader tot vandag toe in die Naam van die Seun deur die Heilige Gees bymekaarbring in Sy kerk.

2.4 Gevolglik het ons steeds die **verwagting** om God in ons tyd aan die werk te sien, en te beleef dat God ons kragtig gebruik waar ons vanuit hierdie identiteit en roeping dien.

2.5 Die praktyk van hierdie teologiese visie word uitgespel in ons sinodale geloofsverbintenis:

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.

Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan 'n heilige kerk wat deur wet en belydenis 'n ligdraer in die wêreld is.

Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan 'n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan.

Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan 'n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is.

Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee.

Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

2.6 Prakties gestel: Ons is geroep om te bou aan eenheid, praktiese diensgestalte aan die evangelie te gee, die boodskap van Jesus uit te dra, blymoedige offers te gee, na mekaar om te sien en ander se belange eerste te stel.

2.7 Die Sinodale Kommissie is daartoe verbind om prosesse van **geloofonderskeiding** in die Oos-Kaap te bevorder. Geloofonderskeiding is liefde wat groei in begrip en fyn aanvoeling sodat ringe en gemeentes die regte dinge kan identifiseer wat die Here wil hê hulle moet doen.

2.8 Ons is nie 'n verband waar die sinode of sinodale kommissie *namens* gemeentes en ringe kies hóé om ons visie en geloofsverbintenis uit te leef nie. Ons begelei ringe en gemeentes om self **geloofonderskeiding** by die Here te hoor wat Hy plaaslik op gelowiges se harte druk.

2.9 AANBEVELING

Die vergadering neem kennis

3. BELIGGAMING VAN DIE OOS-KAAPLANDSE ROEPING

3.1 Die kernvraag is hoe ons praktiese gestalte gee aan ons identiteit en roeping? Hoe beliggaam ons dit? Ons geloof is nie net oortuigings nie, maar ook dade.

3.2 Met die formulering van ons identiteit en roeping (paragraaf 2) is 'n dokument saamgestel wat aan die hand van die Apostoliese Geloofsbelydenis (Die Twaalf Artikels) nadink oor die praktiese uitleef van ons belydenis.

3.3 Die volledige dokument is as **BYLAAG A2.1** by hierdie verslag aangeheg.

3.4 Hier is 'n kort opsomming van die inhoud:

'N PRAKTIESE VISIE VIR BELIGGAMING VAN DIE KERK SE ROEPING

1. ONS GLO AAN EEN KERK

Die kerk se eenheid spruit uit die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie eenheid is 'n gawe van God, maar is reeds van die vroegste tye af bedreig deur interne konflik, verskille oor leer en strukturele skeuring. Voorbeelde sluit in twis in gemeentes, leerstellige verdeeldheid, en historiese skeuringe soos tussen Oos en Wes, en later die Reformasie. In Suid-Afrika het afstigtings selfs binne

dieselfde kerklike geloofstradisie plaasgevind. Die sinode het daarom die roeping om eenheid aktief te bevorder: deur ondersteuning aan gemeentes en ringe, deur versoening binne die NGK-familie, en deur ekumeniese verhoudinge met ander kerke uit te bou.

2. ONS GLO AAN 'N HEILIGE KERK

Die kerk is heilig omdat Christus haar geheilig het. Hierdie heiligheid is egter ook 'n roeping – om 'n lewe van gehoorsaamheid, gebed en dankbaarheid te leef. Heiligheid sluit elke lewensterrein in: persoonlik, gemeenskaplik en selfs institusioneel. Die kerk bly terselfdertyd 'n gemeenskap van sondaars, wat afhanklik bly van vergifnis en genade. Die sinode wil hierdie roeping ondersteun deur toerusting van leiers, leiding oor etiese kwessies, en openbare getuienis in die samelewing.

3. ONS GLO AAN 'N ALGEMENE (KATOLIEKE) KERK

Die algemene kerk is wêreldwyd en tydloos; dit bestaan uit alle ware gelowiges, oral en deur alle eeue. Tog is elke plaaslike gemeente volledig kerk in eie reg. Hierdie wêreldwye eenheid gee uitdrukking aan verskeidenheid – in liturgie, tradisie en bediening. Die sinode werk daaraan om plaaslike en sinodale verbintenisse betekenisvol te hou, en bevorder die sendingroeping van die kerk, ook deur bedieninge aan spesifieke groepe te help fasiliteer.

4. ONS GLO AAN 'N CHRISTELIKE KERK

Christus is die hoof van die kerk. Daarom leef die kerk as profetiese (verkondiging), priesterlike (diens en offers) en koninklike (selfbeheersing en hoop) gemeenskap. Die sinode is geroep om nie op haarself gefokus te wees nie, maar in diens van die gemeentes en hulle barmhartigheidswerk op te tree. Ook word samewerking met ander instellings gesoek om Christus se liefde sigbaar te maak.

5. ONS GLO AAN DIE GEMEENSAP VAN DIE HEILIGES

Die kerk is 'n geloofsgemeenskap waar mense met mekaar verbind is deur Christus. Soos in die Bybel, beteken dit 'n lewe van mededeelsaamheid, liefde en diens. Die sinode het die taak om hierdie verbondenheid te koester, te versterk en geleenthede te skep waarbinne gemeentes mekaar dien tot heil van mekaar en die wêreld.

4. 'N VERBANDSKERK

4.1 Agtergrond

4.1.1 Vir Gereformeerdes is die plaaslike gemeente volledig kerk, maar dan in verband met ander gemeentes. Geen plaaslike gemeente kan ooit die volheid van die kerk van Christus uitdruk nie, sodat verband altyd belangrik bly.

4.1.2 Hierdie oortuiging is daarvoor verantwoordelik dat die Gereformeerde tradisie beskryf word as een van die mees ekumeniese tradisies in die kerkgeskiedenis. Gereformeerdes weet dat ons slegs in betrekking met ander gemeentes, uiteindelik die volle omvang van die liggaam van Christus, volledig kerk kan wees.

4.1.3 Hierdie opvatting gaan terug op die Bybelse hantering van die begrip *ekklesia* (kerk) in die enkelvoud om 'n gemeente op 'n bepaalde plek (bv. Jerusalem, Korinte, Antiogië) of in 'n bepaalde streek, bv. Judea of Samaria, aan te dui.

4.1.4 Kerke vind hul verband met mekaar dus in Christus. In die Nuwe Testament was die kerk nog in wording, sodat die struktuur in sy verbandsvorm nog onontwikkel was. Soos wat die kerk gevestig

geraak het, word struktuur noodsaaklik. Die Bybel gee egter baie min leiding oor hoe die struktuur moet lyk.

4.1.5 Strukture moet gevolglik die missie van die kerk dien. Strukture bestaan nie ter wille van sigself nie, maar moet die kerk in staat stel om sy roeping uit te voer. Ons roeping is deelname aan God se missie, arbeid of sending in die wêreld. Die kerk moet altyd verseker dat strukture nie 'n momentum van hul eie kry nie en Christus, sy regering en sy roeping verduister nie.

4.1.6 Deur die geskiedenis het die kerkverband in reformatoriese kerke 'n sterk ondersteunende rol vir plaaslike gemeentes gespeel. 'n Voorbeeld is die wyse waarop die klassis (ring) in die Nederlandse konteks gefunksioneer het, nadat Kerkorde-artikels by die Sinode van Emden (1571) dit in die lewe geroep het:

Kandidate tot die bediening is geëksamineer, proefpreke is aangehoor en kandidate tot die bediening toegelaat. Die klassis het vier keer per jaar vergader, gemeentes besoek (persoonlike visitasie) en probleme hanteer. Die predikante van die klassis is in preekringe ingedeel sodat die bediening in elke gemeente vlot kon verloop. Die klassis was die onmisbare verbandsliggaam waar die gemeente sy hulp gekry het. Die sinodes was bloot net vergaderings sonder 'n voortgaande adres of kantoor. Die voortgang van die sinode na die vergadering het gekom toe daar klem geplaas is op die effektiwiteit van die kerk in die moderne samelewing. (Sakelys OK Sinode 2002 bl 23)

4.1.7 Gemeentes het behoefte aan die ondersteuning van die kerkverband in die uitvoering van hul roeping. Die struktuur waardeur die kerkverband in die NG Kerk tot uitdrukking kom, is dié van Ring, Sinode en Algemene Sinode soos dit tydens die Hervorming ontwikkel het. (Lees gerus die volledige hoofstuk oor die kerkverband in die Sakelys van die Buitengewone Sinode Oos-Kaapland 2002 bl 22v.)

4.2 Ondersteunende rol

4.2.1 Dit is oorwegings soos hierdie wat die NG Kerk in Oos-Kaapland tot die formulering van die rol van die kerkverband gebring het. Die Sinode funksioneer ter ondersteuning van die roeping van Ringe en Gemeentes. Die Ring begelei en rig die bediening in 'n bepaalde area.

4.2.2 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis.

5. SINODALE FUNKSIES

5.1 Die Sinode rig haar werksaamhede aan die hand van vier sinodale funksies. Hierdie funksies verteenwoordig die instrumente of modi waardeur die geloofsverbintenis uitgevoer word:

- Visionêre leierskap
- Begeleiding
- Navorsing
- Bestuur

5.2 Die vier sinodale funksies, verbind aan die vyf aspekte van ons geloofsverbintenis, vorm die oriënteringspunte aan die hand waarvan hierdie verslag saamgestel is.

5.3 AANBEVELING

Die vergadering neem kennis.

6. MISSIONALE VERTREK PUNTE

6.1 Reeds sedert 2003 het die sinodale verband in Oos-Kaapland gekies om missionaal te wees. Hierdie beweging het van grondvlak regdeur die kerk gegroei. Die Algemene Sinode het in 2013 formeel 'n missionale uitgangspunt gekies het.

6.2 Die raamwerkdokument of verslag wat die missionale identiteit van die NG Kerk bevestig (AS 2013) is beskikbaar op die Sinode se webblad by <http://ngkok.co.za/as2013/missie-verslag.pdf>.

7. SINODALE RITME

7.1 Ten einde uitvoering aan al die vaste oriënteringspunte te gee, is 'n bepaalde sinodale ritme geformuleer wat verseker dat die kerkverband jaarliks deur 'n sinvolle proses van geloofsonderskeiding gaan.

7.2 Aan die begin van elke kalenderjaar doen die SK-Dagbestuur strategiese en teologiese beplanning. Die inhoud van die padberade word onder andere hieruit geformuleer.

7.3 Wat ringe betref, aktiveer die padberade die jaarlikse ritme van geloofsonderskeiding. Reeds daar word besin oor die omgewing en oor wat die Here deur die ring en gemeentes wil doen.

7.4 Teen die tyd van die ringsvergaderings het die gesprek uitloop op praktiese projekte om uitvoering aan die Here se roeping te gee.

7.5 Hoewel wonderlike aksies – getrou aan ons geloofsverbintenisse – reeds uit die prosesse van onderskeiding en ringsprojekte voortgespruit het, is daar steeds 'n behoefte aan die voortdurende verduideliking en inoefening van geloofsonderskeiding.

7.6 Die meeste ringe het wegbeweeg van 'n geformaliseerde styl van vergadering, waar bloot verslag oor die afgelope jaar ontvang word.

7.7 Ons gebed is derhalwe dat ons kapasiteit om saam te droom, te bid, en te wag op die verrassende inisiatiewe wat die Gees in ons skep, sal toeneem – met liefde in begrip en fyn aanvoeling vir waarop dit werklik aankom.

SAMESTELLING

8. PERSONEEL EN VERGADERINGS

8.1 Die Sinodale Kommissie het met toewyding en wysheid oor die afgelope termyn funksioneer. Daar het 'n goeie gees van samewerking geheers wat oop en eerlike gespreksvoering ingesluit het. Die gesprek het deurlopend konsultasie met ringe en kerkrade tydens die padberade ingesluit.

8.2 Die Kommissie se samestelling het ietwat verander soos lede vertrek, bedank en afgetree het. Die samestelling lyk tans soos volg:

8.2.1 Dagbestuur

Dr DH Davel - Voorsitter

Ds MG van Rooyen - Ondervoorsitter

Ds J Grobbelaar - Aktuarius

Ds DW Mouton – Skriba / Direkteur Sinode

Ds E Bester - Addisionele lid

Ds JJ Pretorius

Ds N Greyling

Ds W Venter

Mnr T van der Mescht - Deskundige Lid Finansies

8.2.2 Lede deur die ringe aangewys

Albanie: Ds W Venter, oudl H Feuth

Algoa: Ds MG van Rooyen, oudl PV Spies

Burgersdorp: Ds N Muller, oudl PA du Plessis

Cradock: Ds C Slabbert, oudl J Swart

Dordrecht: Ds BSK Kock, oudl WD Cloete

Graaff-Reinet: Ds HJ Ekkerd, oudl IJ Boshoff

Humansdorp: Ds N Greyling, oudl J Both

Oos-Londen: Ds JJ Pretorius, oudl CJH Steinberg

Port Elizabeth: Ds C Coetzee, oudl FE Potgieter

PE-Wes: Ds PH Voigt, oudl T Kriek

Sondagsrivier: Ds AM Preller, oudl EJ Gous

Uitenhage: Ds HN Lochner, oudl NKJ Skene

8.3 Die Sinodale Kommissie het vyf keer in die reses vergader, terwyl die SK-Dagbestuur 18 keer vergader het. Daar is ook 'n aantal elektroniese stemmings gehou wat behoorlik genotuleer is.

8.4 Tydens die Sinode van 2021 is dr Chris van Wyk as voorsitter aangewys. Hy het op 10 Oktober 2024 as voorsitter en lid van die Sinodale Kommissie bedank. Dr Dewald Davel is op 14 November 2024 deur die Sinodale Kommissie as nuwe voorsitter verkies.

OPDRAGTE DEUR SINODE 2021

9. HANDELINGE VAN DIE SINODE

9.1 Die Handeling van die dertiende vergadering van Sinode Oos-Kaapland (2021) is na afloop van die vergadering deur die Sinodale Kommissie goedgekeur en deur die Direkteur Sinode amptelik op die webblad gepubliseer. Dit is ook elektronies na gemeentes en predikante versprei.

9.2 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis.

10. BESLUITTE AAN KERKRADE, RINGE EN LERAARS

10.1 Drie samevattinge van besluite deur Sinode 2021, gerig op kerkrade, ringe en leraars, is aan die betrokke partye gestuur.

10.2 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis.

11. KERKORDEBOEK OPGEDATEER

11.1 'n Nuwe uitgawe van die Kerkordeboek vir Oos-Kaapland is na Sinode 2021 deur die Sinodale Regskommissie voorberei, deur die Sinodale Kommissie per mandaat van Sinode 2021 goedgekeur en op die Sinode se webblad as Oos-Kaapland Kerkorde 2022 gepubliseer. Dit is ook elektronies na gemeentes versprei.

11.2 Na afloop van Algemene Sinode 2023 is die wysigings aan die Algemene Sinode se artikels en reglemente in die Oos-Kaaplandse Kerkordeboek aangebring. Die nuwe uitgawe is deur die Sinodale Kommissie per mandaat van die Sinode 2021 goedgekeur en as Kerkordeboek 2024 op die Sinode se webblad gepubliseer.

11.3 Kerkordeboek 2024 geld tans as die amptelike weergawe van die volledige Kerkorde vir Oos-Kaapland.

11.4 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis.

12. SELFDEGESLAGVERBINTENISSE

12.1 Die Sinode het in 2021 die volgende besluit geneem (Notule pt 31.3):

1. Die sinode erken dat die verskille in die verstaan van Skrifgesag en Skrifinterpretasie die onderlinge gesprek in die Sinode en Algemene Sinode bemoeilik en tot verwydering en selfs verguising gelei het.

2. Die sinode gee opdrag aan die SK-Dagbestuur (met die reg van koöpsie) om 'n proses en inligtingstuk te ontwerp vir gespreksvoering in gemeentes en ringe in 2022 oor selfdegeslagverhoudings met terugvoering uit die gemeentes en ringe aan die Sinodale Kommissie aan die einde van 2022.

3. Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om die volgende sinode van 'n voorstel te bedien wat uit die prosesse en ondersoeke vloei.

Goedgekeur

12.2 Die besluit behels twee opdragte:

- Aan die SK-Dagbestuur om 'n proses (en inligtingstuk) vir gespreksvoering in gemeentes en ringe te voer, met terugvoer aan die Sinodale Kommissie;
- Aan die Sinodale Kommissie om hierdie sinodale vergadering (2025) met 'n voorstel te bedien wat uit bogenoemde prosesse en ondersoeke vloei.

12.3 Die SK-Dagbestuur het in die periode 2022 tot 2024 'n indringende proses in die sinodale gebied gefasiliteer en ook inligting versamel oor ander sinodes se hantering van die saak.

12.4 Die Sinodale Kommissie het op 14 November 2024 'n verslag goedgekeur wat die volledige proses uiteensit met 'n aanbeveling aan Sinode 2025. Die verslag is by hierdie verslag aangeheg as **BYLAAG A2.2**.

12.5 Kortliks opgesom, kom die verslag (Bylaag A2.2) op die volgende neer:

Opsomming van die Verslag oor die Hantering van Sinode Oos-Kaapland 2021 se Besluit oor Selfdegeslagverhoudings (SGV)

2022

Die SK-Dagbestuur het 'n vraelys opgestel en dit aan 91 leraars gestuur; 55 het gereageer. Die vraelys het predikante ingelig oor gemeentelike en persoonlike standpunte oor SGV. 'n Klein meerderheid leraars het aangedui dat hulle die 2019-besluit van die Algemene Sinode ondersteun, maar dat hulle dit nie noodwendig in die praktyk toepas nie. Terugvoer is by opeenvolgende padberade geverifieer. Die SK-Dagbestuur het besluit dat verdere gesprekke plaaslik en kontekstueel moet geskied, waar gemeentes 'n behoefte daaraan uitspreek. Die saak is op die agenda van die Sinodale Kommissie (SK) gehou.

2023

Die SK het kennis geneem van hoe ander sinodes die saak hanteer het en gewag op die nuwe Algemene Sinode se besluit. Die Algemene Sinode 2023 het besluit om die 2019-besluit te handhaaf, maar met groter ruimte vir verskillende standpunte en met 'n pastorale fokus. Sinode Oos-Kaapland se SK-Dagbestuur het daarop besluit om gemeentes wat bystand benodig, pastorale ondersteuning te bied en om modelle te ondersoek vir gemeentes wat wil skuif van sinodale verband.

2024

Regsadvies het bevestig dat gemeentes nie uit verband met die NG Kerk kan tree nie, tensy alle lidmate saamstem in 'n proses wat volgens streng gemeenregtelike reëls vir 'n *universitas* (die regsterm vir die regsposisie van 'n gemeente) toegepas word. Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) het wel 'n prosedure goedgekeur vir gemeentes om van sinode te verander. Een gemeente stel belang. Die kerkraad van 'n ander gemeente het die verband met die NG Kerk opgeskort, maar dit is ongeldig en het geen regsgevolg nie. Die SK-Dagbestuur het intussen sinodale ontwikkelinge landwyd bly volg.

Hierdie opsomming gee 'n oorsig van 'n deeglike, meerjarige proses en moedig lesers aan om die volledige verslag te lees vir 'n volledige begrip van die dinamiek en besluite – vergelyk BYLAAG A2.2.

12.6 Faktore wat die Sinodale Kommissie in sy uiteindelijke besluit verreken het

- Die saak het oor die afgelope vier jaar deeglike, deurlopende en indringende aandag geniet;
- Die menings van leraars is getoets deur 'n vraelys en deur gesprekke by die padberade van 2022 en 2023. Leraars is van mening dat die hantering van die Algemene Sinode se besluite in 2019 (en 2023) ten beste op die vlak van die plaaslike kerkrade en leraars plaasvind;
- Kerkrade, leraars en lidmate slaag inderdaad daarin om 'n konstruktiewe weg hieroor te vind;
- Hoewel daar opponerende standpunte in gemeentes is, vind lidmate en leraars dit oorwegend moontlik om ruimte hiervoor te laat en in belang van die koninkryk en gemeente saam te werk;
- Kerkrade, leraars en gemeentes wat teen selfdegeslagverhoudinge is, funksioneer volledig binne die ruimte van die Algemene Sinode se besluite. 'n Aantal kerkrade het inderdaad die ruimte benut om plaaslike beleid te formuleer, wat tot rustigheid in gemeentes gelei het;
- Waar gemeentes om bystand gevra het, het die SK-Dagbestuur dit verleen. Dit het verskillende vorme aangeneem, bv. persoonlike besoeke en korrespondensie;
- Verskeie sinodes het indringend oor die Algemene Sinode se SGV-besluite gesprek gevoer en het selfs in gevalle meerdere buitengewone vergaderings hieroor gehou. Nie een sinode het ten tye van die opstel van hierdie verslag bande met die Algemene Sinode verbreek nie. (Nota: Namibië het in 2025 bande verbreek en beoog blykbaar om dit met bilaterale ooreenkomste te vervang.)
- **Predikante adviseer in gesprekke tydens die padberade van 2022 en 2023 dat Sinode Oos-Kaapland nie 'n aktiewe rol speel om SGV-standpunte te fasiliteer deur besluite en kollektiewe intervensies nie.**

12.7 Besluit deur die Sinodale Kommissie op 14 November 2024

12.7.1 Die Sinodale Kommissie neem kennis van die indringende wyse waarop die Algemene Sinode se SGV-besluite sedert 2021 in ons sinodale gebied hanteer is, en

12.7.2 spreek dank uit teenoor alle leraars, lidmate en kerkrade wat aan die prosesse deelgeneem het.

12.7.3 Die Sinodale Kommissie verbind hom om die pad van pastorale begeleiding te bly stap en moedig lidmate, leraars of kerkrade wat bystand benodig aan om by die Sinodale Kommissie se dagbestuur aan te klop, en

12.7.4 beveel by Sinode 2025 aan dat geen verdere besluite of aksie nodig is nie.

12.8 Aanbeveling aan Sinode 2025

AANBEVELING:

In die lig van stappe soos geneem en die verbintenis van die Sinodale Kommissie om 'n pastorale pad van begeleiding te bly stap, besluit die Sinode dat geen verdere aksie of besluite nodig is nie.

WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

13. VIER SINODALE FUNKSIES

13.1 Die Sinode voer sy werksaamhede deur 'n fokus op vier funksies uit:

- Visionêre leiding
- Begeleiding
- Navorsing
- Strategiese bestuur

13.2 Deur die oorsig van die Sinodale Kommissie word verseker dat al vier funksies aandag kry.

13.3 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis.

14. SKAKELING MET DIE ALGEMENE SINODALE VERBAND

14.1 Vyf lede van die Sinodale Kommissie dien namens Sinode Oos-Kaapland op die Algemene Sinodale Moderamen (ASM).

14.2 In die reses het die ASM aan bepaalde belangrike sake aandag gegee wat ten opsigte van visionêre leiding implikasies het vir die lewe van gemeentes en ringe in Oos-Kaapland. Dit sluit in:

- 'n Handleiding vir diensleraars, wat ook in Oos-Kaapland geïmplementeer en op ons webblad beskikbaar gestel is;
- Verdere besinning oor roetemerkers en ondersoek hoe dit op 'n positiewe en konstruktiewe wyse geïmplementeer kan word;
- Teologiese opleidingsmodelle en bedieningsmoontlikhede vir gemeentes, waaronder klein gemeentes;
- Die vorming van 'n Netwerk vir Teologiese Opleiding wat met twee kuratoria in gesprek was oor aspekte van teologiese opleiding en kerklike dosente;
- Meewerking rondom die beplanning, organisering en uitvoering van besluite deur die Algemene Sinode geneem;
- Deelnemende gesprekke oor konsep-verslae van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake aan die Algemene Sinode;
- Deelname aan die skryf van verslae van bepaalde taakspanne en ad hoc werkgroepe;
- Deelname aan scenario-beplanning vir die toekoms van die NG verband;
- Deelname aan verskeie taakspanne en fokusgroepe van die ASM.

14.3 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

15. SKAKELING MET RINGE

15.1 Waar versoek, het die Sinodale Kommissie en/of Direkteur Sinode oor bepaalde behoeftes en uitdagings met ringe geskakel en aktiewe ondersteuning gebied.

15.2 Aanwys van lede op ringstugliggame of appèlliggame: Die Sinodale Kommissie het ooreenkomstig die Kerkorde waar versoek lede op tugliggame deur ringe aangestel of appèlliggame aangewys.

15.3 Terugvoer van Ringe: Tydens elke vergadering van die Sinodale Kommissie word heelwat tyd afgestaan uit verslag deur ringsverteenvoerders oor die welsyn van ringe. Hier is 'n opsomming van aspekte wat oor die reses na vore gekom het:

Ring van Albanie

Die ring bestaan uit verskeie gemeentes versprei oor 'n groot gebied. Ondanks afstande is die verhoudings goed en daar is 'n sterk onderlinge sorg onder leraars. Vakatures is oor tyd gevul of aangepak met brugleraars of samewerkingsooreenkomste. Inisiatiewe rondom jeugbediening is met entoesiasme ontvang. Sommige kleiner gemeentes ervaar uitdagings met vergoeding en strukture, maar die ring beweeg positief vorentoe, onder andere met betrokkenheid by IN PAS.

Ring van Algoa

Algoa se ringgemeentes toon oor die algemeen goeie samewerking, selfs met uitdagings soos personeelwisseling, vakatures en die nalatenskap van Covid. Verskeie leraars is beroep en nuwe strukture vir gemeenskaplike bediening is geïmplementeer. Sopkombuise en jeugbediening getuig van volgehoue betrokkenheid. Samewerking tussen gemeentes en met ander denominasies word benut om bedieningsdoeltreffendheid te verhoog.

Ring van Burgersdorp

Die ring dek 'n uitgestrekte geografiese gebied en bestaan uit 'n aantal gemeentes, waarvan sommige nie hul eie leraar het nie. Die ring ondersteun kleiner gemeentes met gesamentlike pastorale bediening. Heropbou ná 'n kerkbrand is suksesvol voltooi. Leraarsverhouding is oor die algemeen goed, al is daar soms spanning weens organisatoriese veranderinge. Finansiële uitdagings en die behoefte aan nuwe beroepe bly faktore.

Ring van Cradock

Gemeentes in hierdie ring het oor die jare gereeld deur predikantswisselings gegaan. 'n Paar gemeentes het afgetrede leraars of brugleraars in diens. Ten spyte van uitdagings, insluitend droogte en selfs oorwegings van dolering, is daar ondersteuning vanuit die ring. Die ring dra ook by tot projekte en help met strukturele ontwikkeling waar nodig.

Ring van Dordrecht

Die ring beleef uitdagings met betrekking tot ouderdom en afname in lidmaattalle. Predikantsposisies word soms gevul met kontrakleraars of brugleraars. Daar is 'n verskeidenheid maatskaplike en geestelike drukpunte in die gebied, maar ook tekens van hoop, soos gemeentes wat feesvieringe hou en aan musiek- en jeuggeleenthede deelneem. Die ring het deur 'n moeilike fase van verdeeldheid gegaan oor sommige sake, maar hou vol met bediening.

Ring van Graaff-Reinet

Verskeie gemeentes in hierdie ring is permanent vakant, en sommige het besluit om nie weer voltydse leraars te beroep nie. Ander het egter suksesvolle beroepe gedoen. Onderlinge ondersteuning tussen leraars is sterk. 'n Paar gemeentes oorweeg nuwe gebruike vir hulle geboue en daar is samewerking met ander denominasies. Die ring beskik oor 'n lang geskiedenis, waaronder die oudste gemeente in die Sinode Oos-Kaapland, en werk aan strukturele en pastorale volhoubaarheid.

Ring van Humansdorp

Die ring groei en ontwikkel positief. Semigrasie het verskeie gemeentes laat groei. Daar is verskeie nuwe aanstellings gemaak en die ring is proaktief met visitasie en strategiese beplanning. 'n Kultuur van samewerking en leierskapontwikkeling is sigbaar, met seminare en kursusse wat leiers toerus. In gemeentes sonder voltydse leraars is emeriti betrokke.

Ring van Oos-Londen

Die ring het 'n goeie kultuur van onderlinge ondersteuning tussen leraars. Sommige gemeentes het ooreenkomste met mekaar gesluit, en ander het gesamentlike bedienings met ander kerke (bv. die Hervormde kerk). Predikante beleef ook persoonlike uitdagings, maar die ring bly oor die algemeen stabiel. Ná Covid het energie en betrokkenheid afgeneem, maar daar is tekens van herstel en volhoubaarheid.

Ring van PE

Die ring het beduidende verandering beleef, met verskeie nuwe aanstellings en strukturele aanpassings. Gemeentes fokus meer doelbewus op die koninkryk en gemeenskapsimpak. Inisiatiewe soos interkulturele bediening, samewerking met ander denominasies en vernuwingsinisiatiewe vir jongmense dra vrug.

Ring van PE-Wes

Die ring bestaan uit gemeentes met uiteenlopende kontekste, met 'n fokus op innovering. 'n Klein gemeente word in vennootskap tussen 'n afgetrede leraar en 'n bedienaar bedien. Samewerking tussen gemeentes is versterk, met gesamentlike beroepe en strukture. Inter-generasionele bediening het 'n sterk fokus geword, en ringsprojekte is doelbewus plaaslik aangepas. 'n Paar gemeentes is onder finansiële druk, maar verhoudinge tussen leraars bly goed.

Ring van Sondagsrivier

Hierdie ring het gemeentes met uiteenlopende bedieningskontekste. Daar is sterk onderlinge verhoudinge tussen leraars, en gesamentlike projekte soos uitreike en betrokkenheid by die polisie diens dra by tot 'n gevoel van sinvolle bediening. Sommige gemeentes gebruik afgetrede leraars of persone geleëtimeer as diensleraar. Samewerking en oorskryding van historiese grense is belangrik in hierdie ring.

Ring van Uitenhage

Die ring het 'n geïntegreerde benadering tot bediening begin volg, met 'n gesamentlike jaarprogram en sinvolle spanbougeleenthede. Die predikante werk nou saam en funksioneer feitlik as kollegas in een groter konteks. Gemeentes het post-Covid weer begin groei, ook in finansiële opsig. Ringsprojekte en dissipelskapinisiatiewe word gekoördineer, met predikante wat in mekaar se gemeentes preek.

15.4 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

16. SKAKELING MET GEMEENTES

16.1 Waar versoek, het die Sinodale Kommissie en/of Direkteur Sinode oor bepaalde behoeftes en uitdagings met gemeentes geskakel en aktiewe ondersteuning gebied.

16.2 Die aktuaris het ook op versoeke kerkordelike adviese aan gemeentes gebied.

16.3 Die Voorsitter (eers ds Jasper Louw en 'n volgende keer dr Chris van Wyk) vergesel deur die Direkteur Sinode, ds Danie Mouton, het die kerkraad van die NG Kerk Willowmore by twee geleenthede besoek. By die eerste geleentheid was die konsulent, ds Kobus Eksteen, ook teenwoordig. Die kerkraad het die verband met die NG Kerkverband opgeskort, maar dit het uiteraard nie regsgevolge nie. Tydens die besoeke is die kerkraad telkens versoek om by die sinode te bly inskakel en ook hulle standpunte by die vergaderings van die kerkverband te kom stel.

16.3 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

17. RINGSPROJEKTE

17.1 Die Sinodale Kommissie het jaarliks aansoeke van Ringe vir bepaalde ringsprojekte ontvang en toekennings gemaak. Ringsprojekte gee aan ringe geleentheid om koninkryksprojekte te onderneem.

17.2 Fondse bewillig: Aangesien Ringsprojekte onder meer deur sinodale kollektasies befonds word – kollektasies wat tydens eredienste opgeneem word – het Covid 'n enorme negatiewe impak op die grootte van die toekennings gehad. Uit **sinodale dankoffers (heffings)** word bykomend 'n persentasie aan ringsprojekte toegeken. Die impak van Covid op gemeentes se inkomste het die beskikbare bedrae negatief geraak. Nietemin is daar groot stof tot dankbaarheid. Die bedrag vir ringsprojekte in die reses toegeken (sedert 1 Maart 2021) beloop **3,4 miljoen rand**.

17.3 Fondse ontsluit: Naas die sinodale toekenning, skep ringe en gemeentes ook hul eie fondse wat bydra tot die ringsprojekte. Hoewel daar nie akkurate data hieroor versamel word nie, kan uit die ringsprojek-aansoeke afgelei word dat die projekte oorhoofs bedrae van tot drie keer die grootte van die toekennings ontsluit.

17.4 Ringskommissies kry tydens die Sinode geleentheid om terugvoer te gee oor die impak wat hul ringsprojekte gehad het. Hierdie terugvoer word ingesluit by **Verslag A4 Navorsing**. Verwys dus ook daarna.

17.5 Tydens padberade het die SK-Dagbestuur gesprekke met elke ring gefasiliteer oor die voortsetting en moontlike wysigings aan die sisteem van ringsprojekte. Die aanvoeling was deurgaans dat die sisteem moet voortgaan.

17.6 AANBEVELING:

Die Sinode neem met dankbaarheid kennis.

18. COVID-19

18.1 Die Covid-19 inperking was een van die mees ontwrigtende gebeure in menseheugnis, ook in die lewe van die NG Kerk in Oos-Kaapland. Naas die sosiale impak, is die finansiële gevolge ook wyd gevoel. Terwyl die meeste gemeentes die finansiële gevolge oorkom het, is daar sosiaal en in terme van geestes-gesondheid gevolge wat nog lank met ons sal wees.

18.2 Tog was Covid-19 ook 'n tyd van ongekende inisiatief en die ontginning van nuwe moontlikhede om geestelike gemeenskap in stand te hou of selfs te skep.

18.3 In terme van die ondersteuning van mede-lidmate en lede van die groter gemeenskap, ten opsigte van noodhulp en finansiële steun, het Covid ook van die beste in die kerk na vore gebring. Terwyl daar haas nie 'n uitgebreide familie of vriendekring is wat nie geliefdes aan die dood afgestaan het nie, getuig gelowiges ook van die Here se steun en sorg.

18.4 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

19. ROETEMERKERS

19.1 Die Algemene Sinode het beide in 2019 en 2023 rigtinggewende besluite geneem oor die implementering van “roetemerkers” as proses van lewenslange geloofsontwikkeling en geloofsvorming. Dit bring die hele lewe met God se betrokkenheid in verband.

19.2 Deel **A4**, die verslag oor die Sinode se Begeleidingsfunksie bevat meer inligting oor roetemerkers.

19.3 Die SK het in die reses telkens moeite gedoen om op hoogte te kom van die betekenis en inhoud van roetemerkers ten einde dit teologies te evalueer en te beoordeel hoe inligting hieroor in ons sinodale sisteem versprei kan word. Só het die SK-Dagbestuur bv. op 2 Februarie 2022 'n indringende persoonlike gesprek met dr Tienie Bosman, sameroeper van die algemene Sinode se roetemerker-taakspan, gevoer.

19.4 Ten spyte van oorwegende positiewe winspunte, was daar ook vrae. 'n Wesenlike knelpunt is die siening dat roetemerkers eintlik belydenisaflegging vervang, en dat daar slegs dooplidmaatskap van die NG Kerk is. Wie gedoop is, is dus 'n lidmaat. Veral in die hedendaagse kerkklimaat is ons diep bewus van die rol wat verantwoordelike besluitneming in gemeentes-as-regspersone speel en van die belang om te weet wie die beloftes en verbintenisse soos vervat in die vroeë tydens belydenisaflegging aanvaar het.

19.5 Hierdie besorgdheid het ook wyer in die kerkverband uitgekling. In Oktober 2024 het die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) besluit die status quo rondom belydenisaflegging bly geld tot die volgende Algemene Sinode van 2027. Spesifiek die volgende reëling (Kerkorde 2019) is steeds van toepassing:

24.10 Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diensleiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs belydende lidmate tot die ampte (diens, leierskap) gekies word.

19.6 Die SK is positief oor die roetemerkers, maar besluite hieroor het onduidelikheid geskep wanneer lidmate as kerkraadslede verkies kan word, en wanneer lidmate deur approbasie deelneem aan handelinge in die gemeente, en wanneer hulle aanspreeklikheid aanvaar vir besluite in die gemeente. In ons kerkreg is die gemeente die regspersoon, wat deur die kerkraad as bestuursorgaan handel. Bepaalde besluite van die kerkraad moet deur die gemeente goedgekeur word (approbasie, bv. wanneer nuwe kerkraadslede of die beroep van 'n leraar afgekondig word). Daarom is dit noodsaaklik om seker te wees wie almal handelbevoegde lede van die regspersoon (die gemeente) is.

19.7 AANBEVELING:

Die Sinode gee aandag aan die positiewe winspunte in die implementering van roetemerkers in gemeentes, onder leiding van die plaaslike kerkraad. (Verwys Verslag A4).

20. PROTOKOL VIR DIE HANTERING VAN NAVRAE OOR TEOLOGIESE OPLEIDING IN DIE NG KERK

20.1 Die ASM (Algemene Sinodale Moderamen) en Algemene Kuratorium (die liggaam wat toesig hou oor teologiese opleiding in die NG Kerk) het 'n protokol ontwikkel wat gevolg word wanneer lidmate of ampsdraers vrae oor teologiese opleiding en teologiese dosente het.

20.2 Die SK het deelgeneem aan die uitvoering van die protokol deur navrae oor bepaalde dosente na die Algemene Kuratorium te verwys.

20.3 Die protokol is sedert die jongste vergadering van die Algemene Sinode in die Kerkorde opgeneem. Dit is te vind in Kerkorde 2024 van Sinode Oos-Kaapland, Algemene Sinode Reglement 10 op bl 111 – punt 3.3.5.

20.4 Dit staan enige lidmaat of ampsdraer vry om van die protokol gebruik te maak.

20.5 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

21. HULPVERLENING AAN DIE KERK IN DIE OEKRAÏNE

21.1 Na die verwoestende militêre inval in die Oekraïne het Sinode Oos-Kaapland fondse ingesamel om gemeentes in die Oekraïne met bediening en die verskuif van kwesbare persone uit oorloggebiede te help. Die Ring van Sondagsrivier en die gemeente van Despatch-Suid het leiding geneem.

21.2 'n Totale bedrag van R198,000 is ingesamel en oorbetaal. Volledig verslag oor die aanwending van die fondse is aan die SK-Dagbestuur gedoen.

21.3 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

22. DEELNAME AAN NASIONALE RAMPNETWERK

22.1 Sinodes van die NG Kerk het mekaar se hande geneem om 'n nasionale Rampnetwerk in vennootskap met ander geloofsgebaseerde organisasies op die been te bring. RESPOND, 'n kerklike nie-regeringsorganisasie is as opleidingsvennoot gekies.

22.2 Die opleiding van RESPOND met die oog op die inskakeling van Oos-Kaapland by die NG Kerk se Rampnetwerk, asook die nasionale kerklike netwerk, het suksesvol van 4-5 Junie 2024 plaasgevind. 15 persone van die meeste ringe in die sinodale gebied het die opleiding voltooi.

22.3 Tydens die opleiding was Kariega deur kitsvloede geteister. Die hulpverlening was 'n gevallestudie vir die opleiding. Van die deelnemers aan die opleiding was ook betrokke by die skenk van hulp.

22.4 Sinode Oos-Kaapland se rampfonds het ook donasies ontvang. Die Sinode het finansiële hulp aan NGK Uitenhage-De Mist en VGK Ebenhaesar in Kariega verleen.

22.5 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

23. KOMMUNIKASIE, GRENS.POS EN WEBBLAD

23.1 Die Sinode se webblad by <https://ngkok.co.za> is 'n belangrike bron van kommunikasie met hoofsaaklik gemeentes, kerkrade en personeel.

23.2 Die weeklikse e-nuusbrief, Grens.Pos, word versend aan ampsdraers en lidmate wat daarop ingeteken het. Sowat 35 tot 40 uitgawes verskyn per jaar. Sedert die vorige Sinode is ongeveer 150 uitgawes versprei. Sake van belang vir bediening en gemeentes, nuwe teologiese publikasies, VBO-geleenthede, verjaarsdae, 'n lys aflospredikers, en die beroeping, bevestiging en emeritaat van predikante kry aandag. Funksies van gemeentes verskyn ook wanneer gemeentes daarvoor vra.

23.3 Die sinodale kantoor stuur ook omsendskrywes aan kerkrade, kerkkantore, leraars en ringe wanneer nodig.

23.4 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

24. PROSES VIR GEMEENTES WAT VAN SINODE WIL VERANDER

24.1 Die Algemene Sinode het Artikel 32 wat oor die samestelling van sinodes handel, gewysig om voorsiening te maak dat gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel, dit kan doen. Die besluit is opgeskort totdat 'n finale prosedure waarvolgens dit kan gebeur, goedgekeur is.

24.2 Die ASM (Algemene Sinodale Moderamen) het die prosedure op sy vergadering van 29-31 Oktober 2024 gefinaliseer, waarmee die opskorting van die wysiging aan Artikel 32 ook opgehef is.

24.3 Die prosedure is aan gemeentes gekommunikeer en kan by die Direkteur Sinode aangevra word.

24.4 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

25. PADBERADE EN PREDIKANTEBYEENKOMS

25.1 Deur middel van die vyf moderatuurslede het die SK moeite gedoen om jaarliks byeenkomste van predikante en gemeenteleiers te hou. In 2022 en 2024 het dit in die vorm van padberade, d.w.s. streeksbyeenkomste met ringe, geskied. In 2023 is 'n groot predikantebyeenkoms by Willows gehou.

25.2 Na die Covid-inperking was dit duidelik dat daar 'n hernude behoefte aan persoonlike samesyn is.

25.3 Opleiding vir kerkkantore: Tydens die 2024-streeksbyeenkoms het me Colleen de Wet van die Kerkargief ons vergesel om opleiding aan kerkkantoorpersoneel te bied. Dit was uitstekend bygewoon.

25.4 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

26. LEIERSBERAAD: FOKUS OP DIE TOEKOMS

26.1 'n Leiersberaad met lede van Ringskommissies is in Maart 2025 in Gqeberha gehou. Die **doel** van die byeenkoms was om bediening in die Oos-Kaap te bedink en daarvoor te beplan op reis na 2035. Die vrae wat ons wou hanteer is: Waarheen mik ons vir 2035? Wat druk die Here ons op die hart? Hoe lyk die toekoms wat op die kerk (gemeentes, ringe, die sinode) wag en hoe gaan ons getrou aan die Evangelie daarop reageer? Dr Frederick Marais van die Skool vir Innovasie aan die Huguenote Kollege het as fasiliteerder opgetree.

26.2 Tydens die Leiersberaad het deelnemers 'n storiemuur gebou om die verhaal van bediening in Oos-Kaapland oor die laaste 40 jaar vas te vang, en te vra hoe God in hierdie verhaal aanwesig was. Mens raak bewus van 'n byna oorweldigende probleemverhaal, maar dan is daar ook die goue draad van God se teenwoordigheid, en die alternatiewe verhaal wat God deur God se kerk skryf.

26.3 'n Redaksionele span het die verhaal van die storiemuur agterna gedokumenteer, Dit verskyn in Verslag A5 wat oor navorsing handel.

26.4 Weens die oorweldigende belang van 'n sinvolle herontwerp van bediening in lyn met God se verhaal met die kerk neem ons die proses tydens die sinode verder. Dr Frederick Marais is as fasiliteerder genooi.

26.5 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

27 FIDUSIËRE VERANTWOORDELIKHEID: FINANSIES

27.1 Die Sinodale Kommissie is ook verantwoordelik om toesig oor die Sinode se finansiële belange te hou. Aspekte soos die ouditering van die Sinode se jaarlikse finansiële state, die wyse waarop die Sinodale Fondsekommissie die beleggingsportefeulje bestuur, die aansoeke en toekennings rondom ringsprojekte en begrotingsbestuur het van vergadering tot vergadering aandag geniet.

27.2 Ter wille van finansiële deursigtigheid ontvang elke ringsverteenvoorder op die Sinodale Kommissie jaarliks 'n afskrif van die geouditeerde finansiële state en word al die goedgekeurde ringsprojekte asook die bedrae toegeken publiek op die sinode se webblad gepubliseer.

27.3 Die Sinodale Kommissie rapporteer dat die sinode se finansies en die bestuur daarvan gesond en stabiel is.

27.4 Volledige verslag oor die finansies word in Verslag A6, Strategiese Bestuur, gedoen.

27.5 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

28. TEN SLOTTE

28.1 Hiermee vertrou die Sinodale Kommissie dat sy werkzaamhede die goedkeuring van die sinode sal wegdra.

Met seënbede,

Dr DH Davel (Voorsitter)

Ds DW Mouton (Skriba)

Lede van die Sinodale Kommissie

BYLAE AANGEHEG:

A2.1 – 'n Visie op die Kerk: Enkele opmerkings uit die Apostoliese Geloofsbelydenis

A2.2 – Uitvoering van die besluit van Sinode 2021 oor Selfdegeslagverhoudinge

BYLAE TOT A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

BYLAAG A2.1

'N VISIE OP DIE KERK: ENKELE OPMERKINGS UIT DIE APOSTOLICUM (TWAALF ARTIKELS)

“Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges”

TEOLOGIESE BESINNING : WAT IS ONS IDENTITEIT?

1. ONS GLO AAN EEN KERK

1.1 Die eenheid van die kerk ontspring aan die eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom bid Jesus: “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U my gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees” (Joh 17:11). Die eenheid van die kerk lê dus buite haarself in haar oorsprong in een Here, een God en Vader, en een Gees wat van die kerk een liggaam met een doop, een hoop en een geloof maak (Ef 4:4-6).

1.2 Hierdie eenheid is van die vroegste tyd af op verskillende maniere bedreig en selfs opgehef.

1.2.1 Binne die grense van een gemeente is daar twisvrae, faksies, stryd om leraars, onverdraagsaamheid en ander onenighede soos in briewe van Paulus aan Korinthe, Galasiërs en Filippense vertel.

1.2.2 Binne die verband van kerke kan onenigheid ontstaan oor teologiese vrae waaroor daar nie eenstemmigheid bereik kan word nie. Die Apostelkonvent in Jerusalem (Hand 15) oor die wet en besnydenis is 'n voorbeeld van 'n strydgesprek binne die verband van die vroegste gemeentes. Dit is in die eerste vyf eeue na Christus opgevolg met vrae oor die Triniteit en Christus se twee nature. Tydens ekumeniese konsilies (sinodes) is geloofsbeslissings gevel wat onder andere neerslag gevind het in credo's soos Nicea en Athanasius.

1.2.3 Die totstandkoming van parallelle konfessionele tradisies het die een kerk van Christus verder verdeel. Die skeuring van een kerk tussen Oos en Wes in 1054 en binne die Westerse Katolieke kerk in 1521 met die Reformasie, is opgevolg met 'n tallose verdere verdeeldheid wat in die Pinkster- en Onafhanklike kerke hul uiterste punt bereik het.

1.2.4 Selfs binne een konfessionele verband het verskeurdheid tot stand gekom. Dink maar aan die tallose skeuringe onder Nederlandse Gereformeerde kerke sedert 1834 wat na die verdeeldheid tussen Gereformeerde, Hervormde en NG Kerke onderskeidelik in SA oorgedra is. Ons eie geskiedenis spreek daarvan: die driedubbele afstigting van die NG Sendingkerk in 1881, NGKA in 1911, RCA in 1968, asook die wegbreking van die APK in 1986, is voorbeelde hiervan.

1.3 Vanuit hierdie identiteitsmerk as een kerk, het die sinode die volgende roeping:

1.3.1 Die sinode skep fasiliteringsmeganismes om gemeentes en ringe te ondersteun sodat die eenheidsverhouding binne gemeentes en ringsverband versterk word.

1.3.2 Die sinode steun inisiatiewe op plaaslike vlak om gestalte te gee aan eenheid binne die NGK familie.

1.3.3 Die sinode neem aktief leiding om die eenheid binne die NGK familie in sinodale en breër sinodale verband te bevorder.

1.3.4 Die sinode steun inisiatiewe op plaaslike vlak en neem aktief leiding om ekumeniese betrekkinge met ander Christelike kerke buite die NGK familie te vestig en uit te bou.

2. ONS GLO AAN 'N HEILIGE KERK

2.1 Die heiligheid van die kerk is 'n toegerekende heiligheid aangesien Christus Jesus vir ons die heiliging geword het (1 Kor 1:2, 30). Ons is vanweë ons geloof deur Christus en die Heilige Gees geheilig (1 Kor 6:11) en staan vanweë Christus se verdienste volmaak voor God ons Vader.

2.2 Hierdie heiligheid is terselfdertyd 'n roeping om te leef volgens ons status: “Wees heilig, want Ek is heilig”, roep God tot sy volk in Israel en die Nuwe Testament. Ons moet in ons hele lewenswandel geheilig wees soos Hy wat ons geroep het heilig is (Lev 11:44; 1 Pet 1:15).

2.3 Die riglyn vir 'n heilige lewe is die wet van die Here. Dit begin met gebed as vernaamste deel van ons dankbaarheid (HK vr 116) en staan op die vervulling van die wet in Christus sonder dat een jota of tittel daarvan verbygaan. “Geliefdes, dis nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Wie sy geboorte gehoorsaam, bly in God en God in hom. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.” (1 Joh 2:6, 7; 3:24).

2.4 Die stryd om heiligheid omvat die Christen se hele lewe - woord, gedagte en daad - en hou die visie van God se heilige ryk in die ganse kosmos vas (kyk Jes 11:1-9; Ps 24). God het alles - konings, heersers, maghebbers, gesagsvoerders - vir Christus geskep; die hele wêreld met Homself versoen, en Christus die eerste plek in die heelal laat inneem (Kol 1:15-20). Daar is dus geen lewensfeer uitgesluit van die roeping om 'n heilige kerk te wees nie.

2.5 Die stryd om heiligheid is egter ook na binne. Die gemeenskap van heiliges (communio sanctorum) is terselfdertyd die gemeenskap van sondaars (communio peccatorum). Dieselfde Gees wat ons van sonde en vergifnis oortuig, is die een wat ons gedrag bepaal om onberispelik te lewe en die vrug van die Gees te dra. 'n Heilige kerk is dus 'n nederige kerk en verstaan dat sonde ook institusioneel in doen en late gestalte vind. 'n Heilige kerk is egter ook 'n vreugdevolle kerk, omdat God getrou en regverdig is om ons van al ons sonde te vergewe en selfs aan ons oortredinge nie meer dink nie (1 Joh 1:9; Jer 31:31-34).

2.6 Vanuit hierdie identiteitsmerk as heilige kerk, het die sinode die volgende roeping:

2.6.1 Die sinode ondersteun die heiligheid “na binne” deur aan leiers uit gemeentes/ringe toerusting te verskaf om as volwasse Christene in vandag se wêreld te lewe.

2.6.2 Die sinode gee waar nodig leiding oor brandende vrae wat die leer en lewe van ons lidmate raak.

2.6.3 Die sinode speel 'n rol om die openbare gesig van die NGK in die Oos-Kaap te vestig om o.a. saam met ander kerke die wil van die Here vir ons samelewing te verkondig en in toepaslike projekte uit te leef.

3. ONS GLO AAN 'N ALGEMENE (KATOLIEKE) KERK

3.1 Die algemeenheid van die kerk verwoord dat die kerk die evangelie oor die hele wêreld heen dra (Hand 1:8; Matt 28:19) en vanuit Christus oor alle eeue heen bestaan en sal bestaan (Matt 28:20; Joh 10:28-30). Die kerk is ekstensief in tyd en ruimte, want Christus, die Hoof van die kerk, is ook Koning oor die ganse wêreld en “'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie” (NGB art 27).

3.2 Terselfdertyd is elke plaaslike (lokale) gemeente volledig kerk in die volle sin van die woord soos tot uitdrukking kom in die merktekens van evangelie, sakramente en tug (NGB art 29). Die kerk is - paradoksaal gesproke - algemeen in haar lokaliteit.

3.3 Dit gee aanleiding tot 'n groot verskeidenheid van kerk-wees, bv. liturgie, tradisie, credo en spiritualiteit waarin die katolieke kerk juis kreatiewe uitdrukking vind (vgl. briewe aan verskillende gemeentes in NT). Hierby is mans en vroue, kinders, jongmense, volwassenes en bejaardes as een Pinkstergemeenskap inbegrepe (Hand 2, 1 Kor 12-14).

3.4 Vanuit hierdie identiteitsmerk as algemene kerk, het die sinode die volgende roeping:

3.4.1 Die sinode is self uitdrukking van die verband tussen lokale kerke en bevorder deurentyd ons geloof in 'n “algemene” kerk waarvan die NGK 'n uitdrukking is.

3.4.2 Die sinode verseker gepaste verbandsreëlings op ringsvlak as uitdrukking van sowel die “plaaslike” as “algemene” kerk.

3.4.3 Die sinode beskou verskeidenheid in pas met plaaslike omstandighede as kreatiewe uitdrukkings van die Gees in die kerk, en gee leiding - waar nodig - oor gepaste uitdrukkings van ons gereformeerde tradisie.

3.4.4 Die sinode verseker dat die verkondigingstaak van die kerk “oor die hele wêreld” maksimaal bevorder word.

3.4.5 Die sinode neem inisiatief om bedieninge aan spesifieke teikengroepe (kinders, ouers, ens) te vestig waar dit nie binne kleiner verbande of op projekbasis opgeneem kan word nie.

4. ONS GLO AAN 'N CHRISTELIKE KERK

4.1. Die betekenis van 'n “Christelike” kerk hang met Christus, die Gesalfde saam (HK, vr 31). Hy roep mense tot geloof en self hulle in die tradisie van Israel as profeet, priester en koning (1 Pet 2:9).

4.2. As profetegemeenskap bely en verkondig die kerk (1 Joh 2:27); as priestergemeenskap dien die kerk deur lewende offers te bring (Rom 12:1-2; Heb 13); as koningsgemeenskap weerstaan die kerk versoekings, heers oor die sonde, en verwag die ewige heerskappy van Christus (2 Tim 2:12).

4.3. Waar profesie onder die “algemene” kerk en koningskap onder die “heilige” kerk kan tuiskom, val die klem op die Christelike kerk as offergemeenskap. Christus is ons enigste Hoëpriester en het eens en vir altyd die offer vir ons sonde gebring (Heb 10:11-14). Ons offers dra geen heilswaarde nie, maar is uitdrukkings van ons dankbare antwoord op die genade wat ons verniet ontvang het (Rom 12:1; Heb 13:16).

4.4. Die wesenlike van ons godsdienst is om onself aan God en sy diens weg te gee (Rom 12:1). Ons geloof is 'n offer in diens van God en ons lewens is drankoffers wat vir die evangelie uitgegiet word (Fil 2:17).

4.5. As priestergemeenskap is die Christelike kerk by uitnemendheid 'n barmhartigheidsgemeenskap. Ons word gekenmerk deur ons gasvryheid aan onbekendes (Heb 13:2); ons hart vir hulle wat gebrek ly (1 Joh 3:17); ons fokus op siekes, gevangenes, regsloses (Jak 1:27) en die wat deur die samelewing uitgestoot word (Heb 13:3). Ons het nie met lippetaal lief nie, maar met die daad omdat ons die genadejaar van die Here aankondig (1 Joh 3:18; Luk 4:19).

4.6 Vanuit hierdie identiteitsmerk as Christelike kerk, het die sinode die volgende roeping:

4.6.1 Die sinode het 'n dure verantwoordelikheid om haarself nie ernstig te neem ter wille van haar eie status of behoud nie: as sinode van 'n Christelike kerk, is die sinode (mense, strukture, infrastruktuur) radikaal in diens van haar samestellende gemeentes ter wille van die evangelie.

4.6.2 Die sinode tree so op dat die vermoë van gemeentes en ringe as barmhartigheidsgemeenskappe versterk word.

4.6.3 Die sinode is geroep om - waar omstandighede dit vereis - projekte aan te pak of bedieninge te vestig wat nie in kleiner verband kan tuiskom nie.

4.6.4 Die sinode soek aktief samewerking met ander Christelike kerke, NGO's en die staat om te verseker dat die liefde van Jesus prakties aan mense bedien word.

5. ONS GLO AAN DIE GEMEENSAP VAN DIE HEILIGES

5.1. Dat die kerk 'n “gemeenskap” is, stam uit die Ou Testament waar die volk van die Here 'n innige verbondsgemeenskap vorm. Deur besnydenis word mense ingelyf by hierdie spesiale gemeenskap en deur die wet word 'n leefstyl gekweek wat pas by die Here se mense (Gen 17, Ex 20): Hulle sien om na mekaar en het 'n hart vir vreemdelinge, wese en weduwees. Daarom sing die Psalms van 'n verlange om in die geloofsgemeenskap te leef (Ps 84); en word dood vereenselwig met diegene “buite gemeenskap”.

5.2. In die Nuwe Testament leef die vroegste gemeente in Jerusalem as besondere geloofs-gemeenskap (Hand 2): Hulle breek brood van huis tot huis, gee hul besittings vir mekaar, kom gereeld by die tempel bymekaar, loof en prys die Here, en sorg reeds vroeg vir die Griekssprekende weduwees (Hand 7).

5.3. Die beelde vir die gemeente spreek van hierdie innige verbondenheid: die kerk het baie lede, maar net een liggaam (1 Kor 12); daar is baie stene, maar net een gebou (1 Pet 2); daar is baie kinders, maar net een Vader in een huisgesin (Ef 4).

5.4. Deur die doop word ons ingelyf by hierdie nuwe verbondsgemeenskap waarvan Christus die Hoof is (Kol 2). En deur die nagmaal word ons telkens deur die een brood en een beker herinner aan ons verbintenis aan Christus en aan mekaar. Hier leef ons in liefde met mekaar met 'n oog vir die nood van die wêreld (1 Joh 3).

5.5 Vanuit hierdie identiteitsmerk as gemeenskap van gelowiges, het die sinode die volgende roeping:

5.5.1 Die sinode neem oorhoofs verantwoordelikheid om deur sy funksies die unieke veelheid van gemeentes met innige verbondenheid binne ons kerkverband saam te snoer, en om hierdie band te vier en te versterk.

5.5.2 Die sinode skep 'n styl en atmosfeer waar elke gemeente besef dat hulle verplig is om hulle gawes gewillig en met vreugde tot nut en heil van ander gemeentes en die noodlydende wêreld aan te wend (HK, Vraag 55).

BYLAAG A2.2

UITVOERING VAN DIE BESLUIT VAN SINODE 2021 OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGE GERIG OP VERSLAG AAN SINODE 2025

2021

1. DOEL

1.1 Die Oos-Kaaplandse Sinode het in Oktober 2021 die volgende besluit geneem:

1. Die sinode erken dat die verskille in die verstaan van Skrifgesag en Skrifinterpretasie die onderlinge gesprek in die Sinode en Algemene Sinode bemoeilik en tot verwydering en selfs verguising gelei het.

2. Die sinode gee opdrag aan die SK Dagbestuur (met die reg van koöpsie) om 'n proses en inligtingstuk te ontwerp vir gespreksvoering in gemeentes en ringe in 2022 oor selfdegeslagverhoudings met terugvoering uit die gemeentes en ringe aan die Sinodale Kommissie aan die einde van 2022.

3. Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om die volgende sinode van 'n voorstel te bedien wat uit die prosesse en ondersoeke vloei.

1.2 Die **doel van hierdie verslag** is om 'n gemotiveerde aanbeveling aan die Sinodale Kommissie te maak, met die oog op die beplanning van Sinode 2025.

1.3 Ons gee eerstens 'n historiese oorsig oor die wyse waarop die Sinodale Kommissie (SK) en die SK-Dagbestuur van die Sinodale Kommissie die saak sedert 2021 hanteer het. 'n Lang en uitgebreide proses van konsultasie het plaasgevind.

2. HISTORIESE AGTERGROND

In hierdie paragraaf gee die SK-Dagbestuur 'n oorsig oor die wyse waarop hierdie besluit sedert 2021 uitgevoer is. Die historiese agtergrond het drie momente:

- Verslag oor 'n vraelys wat in 2022 onder predikante gesirkuleer is;
- Besluite wat die Sinodale Kommissie in 2022 oor die saak geneem het;
- Besluite wat die Sinodale Kommissie in 2023 oor die saak geneem het.

2022

2.1 Vraelys onder predikante in 2022

2.1.1 Ter uitvoering van die besluit wat Sinode 2021 oor SGV geneem het, het die SK-Dagbestuur op sy vergadering van 2-3 Februarie 2022 'n vraelys saamgestel vir voltooiing deur leraars in gemeentes. Dit was vir die aandag van gelegitimeerdes wat amptelik in die gemeente bevestig is.

2.1.2 Die vraelys het uit drie afdelings bestaan:

- 'n Anonieme gedeelte waarin leraars hulself moes identifiseer om die bron van die daaropvolgende gedeeltes te verifieer (Deel A),

- Daarna 'n gedeelte oor Kerkrade se standpunte en hantering van selfdegeslagverhoudinge (Deel B) en
- Ten slotte 'n gedeelte oor die leraars se persoonlike standpunte (Deel C).

2.1.3 Leraars is ook versoek om Kerkrade se standpunte, indien nodig, aan die Skriba Sinode te versend.

2.1.4 Aangesien 'n hele aantal gemeentes vakant is, is konsulente ook die geleentheid gegee om dit namens die gemeente waarvan hulle die konsulent is, te voltooi.

2.1.5 In die anonieme gedeelte (Deel A) is gevra na naam en van, selfoon, e-pos, die naam van die gemeente en die leraar se verhouding tot die gemeente (gemeenteleraar of konsulent). Wanneer die konsulent die vraelys voltooi het, is verwag dat die konsulent nie 'n tweede keer Afdeling C (persoonlike siening) sou voltooi nie.

2.1.6 Die vrae in Deel B was as volg:

- In watter ring is die gemeente geleë?
- Hoe hanteer die kerkraad die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge?
- Watter besluite het die kerkraad reeds oor selfdegeslagverhoudinge geneem?
- 'n Versoek is gerig om besluite aan die Sinodale Kommissie te besorg.

2.1.7 In Deel C is die volgende gevra:

- Watter stelling hieronder pas die beste by jou persoonlike standpunt oor die AS 2019-besluit? (JA, ek keur die 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudinge goed / NEE, ek keur nie die 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudinge goed nie);
- Sê asb. iets meer. Beskryf kortliks jou persoonlike standpunt oor selfdegeslagverhoudinge.

2.1.8 'n Inligtingspakket is aanlyn gepubliseer by <https://ngkok.co.za/proses-en-inligtingstuk-oor-selfdegeslagverhoudinge/>.


2.1.9 Die volgende inligtingstukke is by hierdie skakel beskikbaar:

- Algemene Sinode 2007: Verslag oor homoseksualiteit
- Algemene Sinode 2007: Besluite oor homoseksualiteit
- Oos-Kaaplandse Sinode 2016: Beskrywingspunt B1
- Oos-Kaaplandse Sinode 2016: Beskrywingspunt B2
- Oos-Kaaplandse Sinode 2016: Versoekskrif D1
- Algemene Sinode 2019: Besluite oor Selfdegeslagverhoudinge
- Bespreking van relevante Skrifgedeeltes

2.1.10 Die verspreiding is soos volg hanteer: Daar is 103 gemeentes in Oos-Kaapland, waarvan 'n aantal permanent en ander tydelik vakant is. 'n Skrywe met 'n skakel na die vraelys is op 21 Februarie 2022 aan 91 gemeenteleraars gestuur. Op 25 Februarie 2022 is 'n herinnering aan 69 leraars gestuur wat op daardie stadium nog nie die vraelys voltooi het nie.

2.1.11 Response: Die keurdatum is as 28 Februarie gestel, maar die vraelys is eers op 4 Maart 2022 vir terugvoer gesluit. 'n Totaal van 55 reaksies, 60,4%, is terugontvang.

2.1.12 **Terugvoer oor Deel A:** Van die 55 reaksies wat ontvang is, was 53 van gemeenteleraars en 2 van konsulente. Deelname van leraars uit die onderskeie ringe was soos volg (data ontleen aan *Google Forms*):




TABEL: Aantal predikante per ring wat aan die opname deelgeneem het

2.1.13 **Terugvoer oor Dele B en C:** Die aantal response wat per vraag ontvang is, was as volg:

- Hoe hanteer die kerkraad AS 2019 se besluit: 54 response;
- Besluite deur die kerkraad: 54 response;
- Persoonlike standpunt: 51 response;
- Beskryf persoonlike standpunt: 52 response.

2.1.14 Wat **leraars se standpunte** vir óf teen die Algemene Sinode 2019 se SGV-besluit betref, was die verdeling as volg: JA – 56,9%, NEE 43.1% (grafika ontleen aan Google Forms):



2.1.15 Die **volledige verslag** oor die vraelys, wat ook leraars en kerkrade se menings insluit, is by hierdie skakel te vind: <https://ngkok.co.za/sgvinfoproses/verslag-sgv-vraelys-bylae.pdf>.

2.2 Besluite van die Sinodale Kommissie in 2022

Die volgende verslag het in November 2022 voor die Sinodale Kommissie gedien.

2.2.1 Die Oos-Kaaplandse Sinode het in Oktober 2021 die volgende besluit geneem:

- 1. Die sinode erken dat die verskille in die verstaan van Skrifgesag en Skrifinterpretasie die onderlinge gesprek in die Sinode en Algemene Sinode bemoeilik en tot verwydering en selfs verguising gelei het.**
- 2. Die sinode gee opdrag aan die SK Dagbestuur (met die reg van koöpsie) om 'n proses en inligtingstuk te ontwerp vir gespreksvoering in gemeentes en ringe in 2022 oor selfdegeslagverhoudings met terugvoering uit die gemeentes en ringe aan die Sinodale Kommissie aan die einde van 2022.**
- 3. Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om die volgende sinode van 'n voorstel te bedien wat uit die prosesse en ondersoeke vloei.**

2.2.2 Ter uitvoering van punt 2 van die Sinode se besluit het die SK-Dagbestuur op 2-3 Februarie 2022 besluit om 'n vraelys te ontwerp wat digitaal aan dienende gemeente-predikante in Oos-Kaapland versprei word. Die vrae maak voorsiening vir verifikasie van die leraar wat die vraelys voltooi, navraag oor kerkrade se standpunte, asook leraars se persoonlike standpunte. Waar gemeentes vakant is, word konsulente versoek om die kerkrade se besluite en standpunte te voorsien.

2.2.3 Die SK-Dagbestuur se besluit op 2-3 Februarie lees soos volg (uittreksel uit die notule):

5.4.5 Besluite:

5.4.5.1 Die Direkteur Sinode skeep die vraelys op Google Forms en toets die finale vraelys by dagbestuurslede voordat dit na leraars versprei word.

5.4.5.2 Die Direkteur Sinode skeep 'n inligtingsblad op die sinode se webtuiste waar die verslag en besluite van AS 2007, asook Beskrywingspunte B1 en B2 en Versoekskrif D1 van die Oos-Kaaplandse Sinode 2016, tesame met AS 2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge en 'n bespreking van die relevante Skrifgedeeltes geplaas word.

5.4.5.3 Die SK-Dagbestuur is beskikbaar om prosesse in gemeentes en ringe te begelei, indien dit versoek word. Versoeke hiertoe word via die Direkteur Sinode gerig.

2.2.4 Nadat die inligtingsblad opgestel, die vraelys versprei en die terugvoer ontvang is, is die inligting verwerk. Die akkuraatheid van terugvoer op die vraelys is deur mnr. Danie Venter, statistikus van Nelson Mandela Universiteit, nagegaan en as hoogs bevredigend bevind.

2.2.5 Die resultaat van die vraelys is by die padberade in gesprek met leraars en kerkraadslede geverifieer.

2.2.6 In die lig van die vraelys en die verifikasie by die padberade het die SK-Dagbestuur op 14 Junie 2022 die volgende gesprek en besluite geneem (uittreksel uit die goedgekeurde notule van 14 Junie 2022):

5.3.3 Die vergadering bespreek die terugvoer aan die Sinodale Kommissie en formuleer die volgende gedagtes.

5.3.3.1 Die vraelys en gesprekke tydens die padberade het ons 'n duidelike greep gebied op die oortuigings wat in ons sinodale gebied leef.

5.3.3.2 Dit blyk dat leraars onwillig is om konflik in gemeentes oor die besluit aan te wakker en wil daarom nie insette van sinodale kant daaroor aanvra nie. Die saak moet eerder plaaslik, kontekstueel-sensitief, deur die gemeentelike leierskap hanteer word. Verder steun 'n meerderheid predikante die 2019-besluit, maar gaan nie self die ruimte wat dit bied, benut nie.

5.3.3.3 By die padberade is hierdie boodskap herbevestig. Uit die besprekings het geblyk plaaslike leraars vra nie verdere hulp oor hierdie saak nie.

5.3.3.4 Dit blyk dat leraars die eenheid van die gemeente prioritiseer.

5.3.4 Teen die agtergrond van hierdie terugvoer kan die Sinodale Kommissie uitvoering aan die derde punt van Sinode 2021 se besluit gee, wat as volg lui:

3. Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om die volgende sinode van 'n voorstel te bedien wat uit die prosesse en ondersoeke vloei.

5.3.5 Besluit: Die terugvoer soos hierbo geformuleer word aan die SK deurgegee.

2.2.7 Die Sinodale kommissie besluit dan as volg in 2022 (pt 5.10.8 in die notule):

Besluit:

- 1. Die saak bly op die SK-Dagbestuur se sakelys.**
- 2. Die formulering van 'n voorstel (volgens die Sinode 2021 se besluit) aan die volgende sinode geniet weer aandag na afloop van die volgende Algemene Sinode.**
- 3. Die SK-Dagbestuur doen ook ondersoek na die wyses waarop ander sinodes die saak hanteer.**

2023

2.3 Besluite van die Sinodale Kommissie in 2023

Die volgende verslag het in November 2022 voor die Sinodale Kommissie gedien:

2.3.1 Die Sinodale Kommissie het op 17 November 2022 die volgende besluit geneem:

5.10.8 Besluit:

5.10.8.1 Die saak bly op die SK-Dagbestuur se sakelys.

5.10.8.2 Die formulering van 'n voorstel (volgens die Sinode 2021 se besluit) aan die volgende sinode geniet weer aandag na afloop van die volgende Algemene Sinode.

5.10.8.3 Die SK-Dagbestuur doen ook ondersoek na die wyses waarop ander sinodes die saak hanteer.

2.3.2 Die SK-Dagbestuur het kennis geneem hoe ander sinodes die saak hanteer. Die nuutste besluit van die Algemene Sinode sal natuurlik hierop impak hê.

2.3.3 Die besluite van die Vrystaatse Sinode, geneem op 18 April 2023, is as 'n reeks van ses beskrywingspunte aan die jongste Algemene Sinode voorgelê. Die Vrystaatse Sinode het besluit om nie uit verband met die Algemene Sinode te tree nie, maar in gesprek te bly oor sleutelkwessies. Vergelyk ook paragraaf 3.1.5 hieronder vir die Vrystaat se 2024-besluit.

2.3.4 Ander sinodes het kernagtig as volg besluite geneem:

- Namibië: Die Algemene Sinode word tot bekering geroep. (*Nota:* In 2025 het die Sinode van Namibië besluit om die verband met die Algemene Sinode te beëindig en met bilaterale ooreenkomste te vervang);
- Oostelike Sinode: Bedink 'n nuwe sinode/kerk wat in assosiasie met die Oostelike Sinode bestaan, en waartoe gemeentes kan behoort om sodoende uit verband met die AS te tree;
- Goudland: het 'n beginselbesluit wat die huwelik as enigste ruimte vir menslike seksualiteit sien, en het steeds 'n leergeskil met die AS;

- Sinodes soos Wes-Kaapland, Noord-Kaapland, Noordelike Sinode, Hoëveld en KwaZulu-Natal skep ruimte vir verskillende sieninge.

2.3.5 Die Algemene Sinode het op 20 Oktober 2023 die volgende besluit oor SGV geneem:

AMENDEMENT RAKENDE DIE 2019 SGV-BESLUIT

1. Die Algemene Sinode 2023

1.1 het kennis geneem van al die verslae, beskrywingspunte en gravamina oor die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverbintenisse. Hierdie stukke was vooraf in die agenda opgeneem en is aan die vergadering voorgelê.

1.2 het na aanleiding van hierdie dokumente opnuut 'n openhartige geloofsonderskeidende gesprek oor die 2019-besluit gevoer. Daar is onder andere in kleiner tafelgesprekke én in die groter vergadering na 'n verskeidenheid van standpunte geluister;

1.3 het onder die indruk gekom van verwarring, verwonding en vervreemding wat deur baie lidmate in hierdie debatte oor 'n lang tydperk in hierdie proses beleef is. Ons is opreg jammer dat dit gebeur het;

1.4 erken dat daar 'n diepe verdeeldheid hieroor in ons kerkverband bestaan. Dit belemmer ons meelewing met mekaar, ons getuienis oor die versoening in Christus, en ons vervulling van ons roeping;

1.5 het óók bewus geword dat daar 'n opregte versugting in ons Kerk leef na groter eensgesindheid in ons getuienis en roeping nou, al is ons in hierdie saak nie eenstemmig nie.

2. Die Algemene Sinode 2023 bevestig

2.1 dat ons voortgesette nadenke, gesprek en besluitneming oor menslike seksualiteit en selfdegeslagverbintenisse, ten diepste voortvloei uit ons belydenis oor die Skrif as Woord van God. Ons gebed is dat wanneer ons dit lees, ons deur God gelei sal word tot meer geduld met mekaar, 'n beter verstaan van sy boodskap aan ons, en 'n groter afhanklikheid van God; en

2.2 dat ons nadenke, gesprek en besluitneming oor selfdegeslagverbintenisse binne die raamwerk van ons Kerkorde én die grondwet en regstelsels van ons onderskeie lande geskied. Daarin word die beginsels van nie-diskriminasie, die waardigheid van alle mense en die vryheid van geloofsoortuiging en -assosiasie beskerm.

3. In die lig van bogenoemde, volstaan die Algemene Sinode 2023 daarom met die besluit van 2019, en beklemtoon ons:

3.1 dat die huwelik as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou 'n Godgegewe veilige ruimte is waarbinne die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en versorging tot vervulling kom;

3.2 dat daar onder ons verskillende sieninge oor die status van selfdegeslagverbintenisse bestaan;

3.3 dat alle vorme van losbandigheid en promiskuiteit verwerp word;

3.4 dat daar ruimte geskep is vir kerkrade en predikante wat hul weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig, asook vir hulle wat nie hulle weg oopsien nie.

4. Die Algemene Sinode 2023 besluit derhalwe

om in die uitvoering van hierdie besluit, dit nie net as 'n etiese- of kerkregtelike kwessie te hanteer nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God saam wil dien.

5. Die Algemene Sinode:

5.1 wysig Artikel 32 van ons Kerkorde sodat dit sal lui:

"32.1 Die Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode / Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek van en met goedkeuring van die betrokke sinode(s) / sinodale kommissie(s).

"32.2 Gemeentes wat by 'n ander sinode wil inskakel, doen aansoek by beide sinode(s) / sinodale kommissie(s) (vgl. voetnoot 1 wat dit oorweeg aan die hand van prosedures soos deur die Algemene Sinode / Algemene Sinodale Moderamen in oorleg met die Algemene Taakspan Regte vasgestel). Indien beide die betrokke sinodes / sinodale kommissies die aansoek goedkeur, word dit aan die Algemene Sinode / Algemene Sinodale Moderamen voorgelê vir goedkeuring."

5.2 besluit om aan die hand van Artikel 45 die inwerkingstelling van die wysiging op te skort onderhewig daaraan dat -

(a) die besluit verwys word na samestellende sinodes/sinodale kommissies om insette van hul te bekom ten opsigte van die prosedure vir die uitvoering van Artikel 32, en

(b) die insette soos bekom deur die ASM in oorleg met die ATR goedgekeur is.

6. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen (ASM) op om:

6.1 om in konstruktiewe gesprek met die samestellende sinodes oor ons besluit rakende selfdegeslagverbintenisse en hul hantering van die besluit te bly; en

6.2 om die samestellende sinodes en ringe in daardie sinodes konstruktief te ondersteun in hul verdere gesprekke met gemeentes, kerkrade, leraars en lidmate wat 'n behoefte daartoe het.

2.3.6 Die ASM gee tans as prioriteit aandag aan pt 6 van bogenoemde besluit.

2.3.7 Die Sinodale kommissie besluit dan as volg in 2023 (pt 5.7.7 in die notule):

Besluit:

1. Die SK verbind haar aan die ondersteunende pastorale begeleiding van gemeentes wat daarvoor vra;

2. Die SK ondersoek modelle wat 'n welwillende weg vorentoe moontlik maak vir gemeentes wat die verband met die Sinode Oos-Kaapland en hul ring wil opsê. Die SK-Dagbestuur gee hieroor terugvoer aan die SK.

3. Die SK berei 'n aanbeveling voor aan die volgende Oos-Kaaplandse sinodale vergadering (2025).

2024

3. VERSLAG AAN DIE SINODALE KOMMISSIE IN SITTING OP 14 NOVEMBER 2024

3.1 Aksies deur die SK-Dagbestuur in 2024

3.1.1 Die Dagbestuur het verskillende weë ondersoek vir gemeentes wat uit verband met die NG Kerk wil tree. Volgens regsadvies wat deur die Algemene Sinode ingewin is, soos bevestig deur regsadvies wat die "Koinonia Sinode" ingewin het, kan gemeentes volgens die NG Kerk se Kerkorde nie uit

verband tree nie. Gemeentes kan wel in terme van die gemene reg uit verband tree, mits alle lidmate toestem. Indien alle lidmate nie instem nie kan dit nie gebeur nie.

3.1.2 Die Algemene Sinode het in 2023 die weg geopen dat gemeentes wel uit een sinode kan skuif na 'n ander sinode. Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) het in Oktober 2024 op aanbeveling van die ATR die prosedure hiervoor goedgekeur.

3.1.3 Een gemeente in Oos-Kaapland het aangedui dat hulle na 'n ander Sinode wil oorskuif. Die Dagbestuur het op 1 Augustus 2024 met afgevaardigdes van die kerkraad van Bothasrus ontmoet. Hulle het egter ook aangedui dat daar nog nie 'n Sinode met die standpunte bestaan waarheen hulle wil skuif nie. Nietemin is besluit dat enige sodanige aksie met welwillendheid deur ons Sinode hanteer sal word.

3.1.4 Die Dagbestuur het ook per besluit van die SK gebeure in ander Sinodes bly monitor.

3.1.5 Sinode Vrystaat het op 3 Oktober 2024 'n buitengewone vergadering gehou oor die weg vorentoe. Die Sinode het besluit om in verband met die Algemene Sinode te bly. Dieselfde geld al die ander Sinodes, wat steeds kies om in verband te bly.

3.1.6 Wat kerkeiendom betref, het die goedkeuring van die hooggeregshof oor die wyse waarop Nederduits Hervormde gemeentes kerklike eiendom oorgedra het, vroeër die aandag getrek. Gemeentes het hul eiendom aan trusts oorgedra, en as Geloofsbond van Hervormde Kerke voortgegaan nadat hulle uit verband met die Hervormde Kerk getree het. Die Hooggeregshof het bevind dit is in orde. Hoewel die NHK en NGK se Kerkordes verskil, is bespiegel oor die betekenis hiervan vir NGK-gemeentes. Die Appèlhof het hierdie uitspraak egter in Augustus 2024 nietig verklaar en die saak vir herverhoor terugverwys. Volgens die Appèlhof het die hooggeregshof gedwaal en mag die regter wat die bevel gemaak het nie aan die herverhoor deelneem nie.

3.1.7 Die Koinonia "Sinode" het op 4-5 September 2024 vergader. Bruikbare regsadvies oor die impak van die sg. "opskorting van kerkverband" deur adv. L Kellerman het by hierdie vergadering gedien. Dié advokaat se regsadvies stem ooreen met die regsadvies van die Algemene Sinode.

3.1.8 Die enigste gemeente in Oos-Kaapland wat die verband met die NG Kerk opgeskort het, Willowmore, se aksie is van nul en gener waarde in terme van die regsadvies wat die Koinonia Sinode self by adv. Kellerman ingewin het. Kellerman adviseer trouens dat die Koinonia Sinode self geen bestaansreg het nie. Hy skryf onder meer:

- "The decision of the various congregations to suspend the church bond of the Church and form the Koinonia synod is not countenanced by the Church Order and therefore the Koinonia synod has no locus standi to partake in the business of the Church as provided by the Church Order.
- "Suspension of their church bond with the Church could, in my view, amount to a breach of the Church Order on the part of such congregations. The refusal to accord the Koinonia synod with standing or recognise the synod within the Church is in my view not questionable.
- "The absence of any particular provision in the Church Order which authorises or supports the suspension of the church bond or the establishment of a new synod within the NG Church cannot, in my view, be remedied by the reliance on the right to freedom of association."

3.1.9 Die Algemene Sinodale moderamen het die proses gefinaliseer wat gemeentes kan volg wat van Sinode wil verander, in terme van Kerkorde Artikel 32. Die Sinodale Kommissie het reeds besluit dat hierdie proses met welwillendheid ondersteun sal word.

3.2 Faktore wat die Sinodale Kommissie in ag moet neem wanneer 'n aanbeveling aan Sinode 2025 gemaak word

Die saak het oor die afgelope vier jaar deeglike, deurlopende en indringende aandag geniet;

- Die menings van leraars is getoets deur 'n vraelys en deur gesprekke by die padberade van 2022 en 2023. Leraars is van mening dat die hantering van die Algemene Sinode se besluite in 2019 (en 2023) ten beste op die vlak van die plaaslike kerkrade en leraars plaasvind;
- Kerkrade, leraars en lidmate slaag inderdaad daarin om 'n konstruktiewe weg hieroor te vind;
- Hoewel daar opponerende standpunte in gemeentes is, vind lidmate en leraars dit oorwegend moontlik om ruimte hiervoor te laat en in belang van die koninkryk en gemeente desnieteenstaande saam te werk;
- Kerkrade, leraars en gemeentes wat teen selfdegeslagverhoudinge is, funksioneer volledig binne die ruimte van die Algemene Sinode se besluite. 'n Aantal kerkrade het inderdaad die ruimte benut om plaaslike beleid te formuleer, wat tot rustigheid in gemeentes gelei het;
- Waar gemeentes om bystand gevra het, het die Dagbestuur dit verleen. Dit het verskillende vorme aangeneem, bv. persoonlike besoeke en korrespondensie;
- Verskeie sinodes het indringend oor die Algemene Sinode se SGV-besluite gesprek gevoer en het selfs in gevalle meerdere buitengewone vergaderings hieroor gehou. Nie een Sinode het ten tye van die opstel van hierdie verslag bande met die Algemene Sinode verbreek nie.
- **Predikante adviseer in gesprekke tydens die padberade van 2022 en 2023 dat Sinode Oos-Kaapland nie 'n aktiewe rol speel om SGV-standpunte te fasiliteer deur besluite en kollektiewe intervensies nie.**

3.3 Aanbeveling

3.3.1 Die Sinodale Kommissie neem kennis van die indringende wyse waarop die Algemene Sinode se SGV-besluite sedert 2021 in ons sinodale gebied hanteer is, en

3.3.2 spreek dank uit teenoor alle leraars, lidmate en kerkrade wat aan die prosesse deelgeneem het.

3.3.3 Die Sinodale Kommissie moedig lidmate, leraars of kerkrade wat bystand benodig aan om by die Sinodale Kommissie se dagbestuur aan te klop, en

3.3.4 beveel by Sinode 2025 aan dat geen verdere besluite of aksie nodig is nie.

Dagbestuur Sinodale Kommissie
10 Oktober 2024

A3: BEGELEIDING

1. INLEIDING

1.1 Begeleiding is een van die vier sinodale funksies:

- Visionêre leiding
- Begeleiding
- Navorsing
- Strategiese bestuur

1.2 Hierdie verslag gee 'n oorsig oor die wyse waarop die sinode in die reses aandag gegee het aan die begeleidingsfunksie.

ONTWRIGHTING

2. TERUGSKOUEND: DIE IMPAK VAN COVID-19 OP GEMEENTES EN PREDIKANTE

2.1 Inleiding

2.1.1 Covid-19 was die grootste enkele uitdaging vir gemeentes en die kerkverband van die afgelope eeu. Die vorige vergadering van Sinode Oos-Kaapland in Oktober 2021 moes juis aanlyn op die Zoom-platform geskied weens die strawwe inperkingsmaatreëls waaraan gemeentes onderworpe was.

2.2 Impak op predikante en gemeentes

2.2.1 Die inperking het in wisselende fases oor meer as twee jaar gestrek – van Maart 2020 tot Junie 2022. Tydens hierdie periode, en daarna, is verskeie gesprekke met predikante en ringe in die Oos-Kaap gevoer. Hier volg 'n samevattende verslag, gebaseer op hierdie terugvoer.

2.2.2 Die Covid-19-pandemie en gepaardgaande inperkings het ingrypende gevolge gehad vir gemeentes, predikante en kerkbediening in die Oos-Kaap. Verskeie temas het in die gesprekke met predikante na vore gekom, waaronder aanpassing by nuwe werklikhede, emosionele en geestelike uitdagings, die ontwikkeling van digitale bediening, en finansiële druk.

2.2.3 Geestelike en emosionele aanpassing

2.2.3.1 Die pandemie het 'n diep emosionele impak op predikante gehad. Predikante moes hulle roetine, bediening en kontak met lidmate herbedink. Sommige het tyd vir rus en refleksie gevind, terwyl ander gevoelens van angs, oorweldiging of ontoereikendheid beleef het. Die eensaamheid van afsondering, die uitdaging van tegnologie, en die verlies van fisiese teenwoordigheid, veral by begrafnisse en pastoraat, het sterk na vore getree.

2.2.3.2 Tog was daar ook 'n geestelike verdieping. Baie predikante het melding gemaak van die wysheid van tekste soos Klaagliedere en van hernude waardering vir stilte, gebed en meditatiewe Skriflesing. 'n Herontdekking van die kern van geloof en hoop het 'n rol gespeel in hoe predikante hierdie tyd as geestelike reis verstaan het.

2.2.4 Digitale bediening en kreatiwiteit

2.2.4.1 Die inperking het predikante genoop om hulle bediening te digitaliseer. Preke en boodskappe is op platforms soos WhatsApp, Facebook, Instagram en YouTube gedeel. Kort daaglikse oordenkings, stembodskappe en selfs virtuele nagmaal het deel van die nuwe norm geword. Predikante het hulself bemagtig om video's op te neem en digitale kommunikasievaardighede aan te leer.

2.2.4.2 Gemeentes het kreatief geword: tieners is via Instagram bereik; kort stembodskappe is aan ouer lidmate gestuur; lidmate is betrek by die maak van inhoud, soos Skriflesings of musiek. Die aanpassing aan tegnologie was vir baie 'n uitdaging, veral in gemeentes met baie ouer lidmate wat nie toegang tot slimfone of data gehad het nie.

2.2.5 Pastoraat, verhoudinge en gemeenskapsorg

2.2.5.1 Ondanks fisieke afstand, het predikante nuwe maniere gevind om gemeenskap en verhoudings te versterk. Telefoonoproepe, stembodskappe en WhatsApp-groepe het 'pastorale besoeke' vervang. Sommige predikante het selfs elke gemeentelid gebel of kort daaglikse boodskappe gestuur.

2.2.5.2 In baie gemeenskappe is kos voorsien aan behoeftige lidmate en inwoners, dikwels in samewerking met plaaslike boere, CMR, of organisasies soos Gift of the Givers. Hierdie barmhartigheid en diensbaarheid het 'n sentrale rol gespeel in die kerk se teenwoordigheid in die gemeenskap.

2.2.6 Finansiële druk en strukturele uitdagings

2.2.6.1 Die finansiële impak op gemeentes en lidmate is wesenlik. Gemeentes het kommer uitgespreek oor 'n afname in dankoffers, veral omdat baie lidmate nie internetbankdienste gebruik nie. Lidmate met kleinsakeondernemings en werkers in toerisme of diensverskaffing het inkomste verloor. In landelike dorpe het dit selfs gelei tot die voorsiening van kospakkies aan bejaardes en kinders.

2.2.6.2 Sommige predikante het kommer uitgespreek oor die volhoubaarheid van bedieninge indien die inperking lank sou aanhou. Die behoefte aan strategiese finansiële beplanning en volhoubare bediening het na vore getree.

2.2.7 Geloof, hoop en die toekoms

2.2.7.1 Tussen die onsekerheid, vrees vir die toekoms en verspreiding van valse boodskappe en samesweringsteorieë, het die rol van die kerk as draer van hoop weer sterk na vore getree. Die vraag: “Wat is ons hoop?” het 'n diep eskatologiese dimensie gekry. (Eskatologie verwys na die hoop wat ons het op die nuwe toekoms wat Christus met die wederkoms vir ons bring).

2.2.7.2 Die krisis het nie net druk gebring nie, maar ook geleenthede vir vernuwing. Die gesprekke het herhaaldelik verwys na die moontlikheid van 'n nuwe verstaan van kerkwees – een wat tegnologie, gemeenskapsverhoudinge, geestelike verdieping en samewerking kombineer.

2.2.8 Gevolgtrekking

2.2.8.1 Die pandemie het die NG Kerk in Oos-Kaapland nie net uitgedaag nie, maar ook gedwing om vinnig aan te pas, gemeenskapsgerig te wees, en die kern van die evangelie op nuwe maniere te leef. Die kreatiwiteit, geloofsmoed en samewerking tussen predikante en lidmate is 'n bemoedigende teken van 'n kerk wat in 'n krisistyd lig bring.

2.2.9 Aksie deur die Sinodale Kommissie

2.2.9.1 Tydens inperking het die Sinodale Kommissie deur middel van verskeie virtuele gesprekke ondersteuning aan leraars gegee, en leraars en gemeentes gehelp om uit mekaar se beste praktyke te leer. Ringe het ook geweldig moeite gedoen om ondersteuning te bied.

2.2.10 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.


3. FINANSIËLE IMPAK VAN COVID-19 OP GEMEENTES

3.1 Inperking

3.1.1 Enige gesprek oor die impak van Covid-19 sal onvolledig wees sonder om aandag te gee aan die finansiële impak op gemeentes.

3.1.2 Die kerklike bediening is relasioneel van aard. Die samekomste van gelowiges, hetsy as gemeente of in kleiner verbande, is ruimtes van onder meer offervaardigheid. Die afstel van erediens in uitgerekte tye van inperking het dus dramatiese gevolge vir die inkomste van gemeentes.

3.2 Die syfers



Bron: Geouditeerde finansiële state van gemeente

3.3 Ontleding van die data

3.3.1 Tendense

3.3.1.1 'n Visuele voorstelling van die data kan help om tendense makliker te identifiseer. Die volgende punte is belangrik om in ag te neem:

- **2019-20:** Dit is die jaar voor die volle impak van die Covid-19 pandemie. Die inkomste is op sy hoogste vir die tydperk.
- **2020-21:** Hierdie jaar toon 'n merkbare afname in inkomste. Dit is waarskynlik as gevolg van die inperkingsmaatreëls wat ingestel is om die verspreiding van die virus te beperk. Gemeentes kon moontlik nie dienste hou soos gewoonlik nie, wat 'n direkte impak op kollektes en ander bydraes gehad het.
- **2021-22:** Die inkomste bly relatief laag, soortgelyk aan die vorige jaar. Dit dui daarop dat die impak van die pandemie steeds gevoel is, selfs al was daar 'n mate van normalisering.
- **2022-23:** Daar is 'n duidelike toename in inkomste in vergelyking met die vorige twee jaar. Dit kan toegeskryf word aan die verdere verslapping van inperkingsmaatreëls en die geleidelike terugkeer na normale aktiwiteite.
- **2023-24:** Die inkomste bereik 'n nuwe hoogtepunt, wat daarop dui dat gemeentes herstel het van die finansiële impak van die pandemie en selfs groei ervaar.

3.3.1.2 Let op dat die inkomste wat gemeentes uit die verkoop van vaste bates (geboue) gegenereer het, *weggelaat* is by bogenoemde syfers.

3.3.2 Faktore wat gemeentes se inkomste beïnvloed het

3.3.2.1 Verskeie faktore het waarskynlik 'n rol gespeel in die fluktuasies in gemeente-inkomste gedurende hierdie tydperk:

- **Inperkingsmaatreëls:** Die sluiting van kerke en die beperking van byeenkomste het 'n direkte impak op kollektes en ander bydraes.
- **Ekonomiese impak:** Die pandemie het 'n beduidende impak op die ekonomie gehad, wat gelei het tot werkloosheid en finansiële onsekerheid vir baie mense. Dit het waarskynlik 'n impak gehad op die vermoë van lidmate om by te dra tot die gemeente.
- **Aanpassing by nuwe tegnologie:** Gemeentes wat vinnig aangepas het by nuwe tegnologie, soos aanlyn dienste en elektroniese bydraes, was moontlik beter in staat om hul inkomste te handhaaf.
- **Lidmaatskap:** Veranderinge in lidmaatskap, soos sterftes of verhuising, kan ook 'n impak hê op die inkomste van 'n gemeente.
- **Inflasie:** Die styging in die koste van lewensonderhoud kan ook 'n impak hê op die hoeveelheid geld wat lidmate beskikbaar het om aan die kerk te skenk.

3.4 Gevolgtrekking

3.4.1 Die data toon duidelik die impak van die Covid-19 pandemie op die inkomste van gemeentes in Sinode Oos-Kaapland. Die jare 2020-21 en 2021-22 was veral moeilik, maar daar is 'n duidelike herstel in die daaropvolgende jare. Die inkomste vir 2023-24 oorskry selfs die nominale vlakke van voor die pandemie, wat 'n positiewe teken is vir die toekoms.

3.4.2 Dit is belangrik vir gemeentes om te leer uit hierdie ervaring en strategieë te ontwikkel om hul finansiële veerkragtigheid te versterk in die lig van toekomstige uitdagings. Dit sluit in die diversifisering van inkomstebronne, die aanpassing by nuwe tegnologie en die bou van sterk verhoudings met lidmate.

4. PREDIKANTSPOSTE: DALENDE TENDENSE IN VRAAG EN AANBOD

4.1 Inleiding

4.1.1 Naas die ontwrigting van Covid-19 neem ons toenemend ontwrigting waar rondom:

- Die beskikbaarheid van predikante, en
- Die vermoë van gemeentes om predikantsposte in stand te hou.

4.1.2 Daar is 'n daling in die hoeveelheid studente wat as eerstejaar inskryf vir teologiese opleiding. Dit beteken dat daar ook verminderde getalle beskikbare kandidate is vir beroeping na gemeentes.

4.1.3 Weens die eise wat gemeentes dikwels in plattelandse bediening stel, en die afstand van groot stede in 'n verstedelike Suid-Afrika, ervaar landelike gemeentes groter druk om poste gevul te kry.

4.1.4 Hier is dus 'n belangrike motief vir ampsverbreiding in die NG Kerk

4.2 Dalende predikantsposte

4.2.1 Volgens die Taakspan Navorsing van die Algemene Sinode het die totale aantal predikantsposte in die sewe jaar van 2015 tot 2022 met 474 (oftewel 29%) afgeneem. Dit beteken daar gaan 1,3 poste per week verlore. Dit is veral voltydse predikantsposte wat so geraak word: 432 voltydse poste het in hierdie sewe jaar verlore gegaan (34,4%).

4.2.2 In **Verslag A4 (Navorsing)** word 'n uitvoerige uiteensetting van die herskikking rondom die aantal predikantsposte gegee.

4.2.3 Die tendens blyk dat wanneer leraars aftree in gemeentes met meer as een predikantspos, of vertrek, kerkrade geneig is om nie weer die pos te vul nie.

4.3 Daling in beskikbare predikante

4.3.1 Ses jaar opleiding is 'n duur onderneming, wat beteken voornemende jong predikante moet in die meeste gevalle groot studieskuld aangaan, sonder die versekering dat gemeente hul teen vergoedingsvlakke in diens kan neem wat die terugbetaling van studieskuld moontlik maak.

4.3.2 Predikantsbediening is 'n uitdagende en veeleisende roeping.

4.3.3 Die praktiese implikasies vir gemeentes is dat predikantsposte toenemend moeiliker gevul gaan word, veral in landelike gebiede of kleiner stedelike kontekste waar gemeentes nie meer in staat is om aan die aanbevole vergoeding te voldoen nie.

4.4 Ampsverbreiding

4.4.1 Ampsverbreiding in die NG Kerk het in die eerste plek te doen met die aktivering van 'n wyer groep gawes deur die Heilige Gees aan die kerk geskenk. Gesonde gemeentes word deur spanne gelei. Diensleraars (geordende ampte) en opgeleide lidmate (Bedienaars) het 'n enorme bydrae om te lewer om meer gawes van die Here aan die kerk te ontsluit.

4.4.2 Ampsverbreiding is verder 'n reaksie op die ontwrigtende tendens van minder beskikbare predikante en 'n dalende vermoë om predikante te bekostig.

4.4.3 In **Verslag A4 (Navorsing)** word die kerk se reaksie op hierdie verskynsel, naamlik ampsverbreiding, uiteengesit. Dit behels die opleiding van predikante (wat steeds 'n sleutelrol in die kerk sal speel), maar ook diensleraars (net soos predikante gelegitimeer) en bedienaars (vrywillige bediening) wat gemeentes in staat stel om met sinvolle bediening voort te gaan. Die rolspelers binne die konteks van ampsverbreiding (predikante, diensleraars en bedienaars) is nie konkurrente nie, maar

vul mekaar in 'n vennootskapsverhouding aan. Verwys na **Verslag A4** waar ook na dié saak verwys word.

4.5 Hande-vat tussen gemeentes

4.5.1 'n Nuwe era van gemeentes wat met mekaar hande vat, en ook verskillende kerke uit die breër Gereformeerde tradisie (byvoorbeeld Hervormd, NG, Presbiteriaans) kragte saamsnoer, sal 'n belangrike deel van die toekoms uitmaak.

4.5.2 'n **Belangrike implikasie** is dat die kerkverband (ampsdraers en gemeentes) mekaar moet koester en dra. In uitdagende tye is niks meer vanselfsprekend nie: nie predikante, ampsdraers of die lidmate van gemeentes nie.

4.6 AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis.

5. FINANSIËLE BEGELEIDING

5.1 In die reses, in die nadraai van Covid-19, en gegewe die ontwrigting rondom predikantsposte, het daar groter behoefte ontstaan aan finansiële insig, goeie bestuur en begrip vir die wyse waarop gemeentes oor finansies moet nadink.

5.2 Finansiële begeleiding vervul toenemend 'n pastorale funksie. Dit kon verwag word, gegewe die finansiële impak van Covid-19 op gemeentes en die uitdaging om predikante of diensleraars vir kleiner gemeentes te vind.

5.3 Beide die Direkteur Sinode en die Deskundige Lid Finansies het by meer as een geleentheid ringe en gemeentes begelei rondom hul finansiële realiteite en die interpretasie van finansiële data. Voorbeelde hiervan is:

- Begeleiding van gemeentes rondom projekte om groter offervaardigheid by lidmate aan te moedig.
- Begeleiding van die Ringe van Oos-Londen en Graaff-Reinet rondom hul finansiële realiteite en die interpretasie daarvan.
- Die Ring van Port Elizabeth-Wes het 'n werkswinkel oor groter offervaardigheid aangebied.
- Begeleiding van gemeentes om vergoedingsvlakke binne hul eie kontekste te bepaal.

BEGELEIDING VAN PREDIKANTE

6. RINGE AS VERSORGINGSEENHEDE

6.1 Binne die Oos-Kaaplandse kerkverband is ringe die belangrikste verbandsliggaam wanneer dit by die versorging van predikante kom.

6.2 Formele rol by die versorging van predikante

6.2.1 Begelei die gemeente tydens die vakature wat ontstaan wanneer 'n leraar vertrek

6.2.2 Begelei die gemeente in die beroepingsproses – 'n ringsleraar moet deel van die Pre-advieskommissie uitmaak wat die gemeente begelei om die posbekendstelling, posprofiel en evaluering van kandidate glad te laat verloop. Die beroeping van 'n nuwe leraar wat pas by die gemeente en 'n gepaste profiel is een van die belangrikste take van 'n kerkraad, en die ring moet hierin 'n wesenlike ondersteuningsrol speel

6.2.3 Verseker by die uitbring van die beroep en kontraktering dat alles korrek verloop en dat die voorskrifte, prosesse en vergoedingsriglyne gevolg word

6.2.4 Help die gemeente om die nuwe leraar en sy gesin te ontvang – 'n goeie induksieproses behoort gevolg te word

6.2.5 Indien die verhouding tussen leraar en gemeente of kerkraad onder druk kom, moet die ring die gemeente en leraar begelei en ondersteun

6.2.6 Die ring begelei kerkrade deurentyd om kerkordelike vereistes na te kom

6.2.7 Ringe moedig leraars aan om van mentors en geestelike begeleiers gebruik te maak

6.2.8 Die ring bied VBO's aan, pasgemaak vir plaaslike behoeftes, en leraars vorm saam 'n leergemeenskap

6.2.9 Waar verhoudinge tussen leraar en gemeente verbrokkel, kan die ring help met aansoeke of om standplaasverwisseling te fasiliteer

6.2.10 Beplan ringsprojekte en verkry fondse vir bedieninge en geleenthede wat die ring saambind.

6.3 Meer informele rol

6.3.1 Begelei gemeentes op 'n meer informele vlak om hul leraars toepaslik by te staan en te versorg.

6.3.2 Leraars in die ring groei saam tot 'n vriendekring wat saamkuier en tyd met mekaar deurbring om vertrouwensverhoudinge te vorm.

6.3.3 Dink saam oor bedieningsuitdagings en leer by mekaar.

6.3.4 Bid saam en doen saam Bybelstudie, sonder dat enige besluite geneem hoef te word (ringe moet waak daarteen om slegs formele vergaderings te hou waarin besluite geneem word).

6.3.5 Wys twee-twee of drie-drie predikante aan mekaar toe om vir mekaar te bid en mekaar te ondersteun.

6.3.6 In oop, kollegiale verhoudinge word dit moontlik om uitbranding en bedieningsuitputting by mekaar raak te sien en saam na oplossings te soek.

6.4 Sinode lewer 'n ondersteunende bydrae

6.4.1 Die Sinode beskik ook oor 'n begeleidingsnetwerk. Die netwerk vergader van tyd tot tyd en besin oor die stand van bediening.

7. GELOOFSREIS VAN DIE SENTRUM VIR GELOOFSVORMING

7.1 Inleiding

7.1.1 Die Sentrum vir Geloofsvorming nooi geestelike leiers, predikante en gelowiges op 'n geloofsreis wat oor drie jaar strek. Hierdie reis is daarop gemik om geloof, roeping en karakter op 'n diep en volhoubare manier te vorm. Dit is nie net 'n opleidingskursus nie, maar 'n reis van innerlike transformasie en geestelike verdieping.

7.1.2 Sinode Oos-Kaapland het vanaf die begin van 2024 hierby ingeskakel en gee aan 'n maksimale aantal predikante geleentheid om hierby in te skakel. Dit sal in die toekoms herhaal word. Tans is daar 15 Oos-Kaaplandse deelnemers.

7.2 Die aard van die reis

7.2.1 Die geloofsreis is 'n gestruktureerde proses wat bestaan uit ses tot sewe retraits wat oor drie jaar plaasvind. Elke retraite duur vier dae en fokus op 'n aspek van geloofsvorming. Die proses is oorspronklik vir predikante ontwerp, maar is later oopgestel vir enige gelowige, ongeag kerklike agtergrond. Die reis word aangebied deur Gys en Thea van Schoor, in samewerking met plaaslike leiers.

7.3 Die doel en grondslag van die proses

7.3.1 Die doel van die reis is om deelnemers te help om hul identiteit in Christus te verdiep, geestelike gewoontes aan te leer, en meer bewus te word van hul roeping as dissipels van Jesus. Die proses is gegrond op 'n holistiese verstaan van geloofsvorming: dit integreer Bybelse teologie, spiritualiteit, Godskennis en selfkennis, asook karakterontwikkeling.

7.3.2 Die teologiese grondslag van die proses sluit die insigte in van outeurs soos Dallas Willard, N.T. Wright, Pete Scazzero en Leslie Newbigin. Daar word gefokus op die vorming van die hele mens – verstand, hart en liggaam – binne 'n gemeenskap van geloof.

7.4 Die struktuur van die proses

7.4.1 Die geloofsreis volg 'n spiralende beweging: deelnemers word ingenooi om tot rus te kom, na binne te luister, geloofsdissiplines te beoefen, gemeenskap te beleef en uiteindelik hul roeping in diensbaarheid te leef. Elke retraite bou op die vorige een voort, sodat deelnemers oor tyd 'n pad van verdieping en groei loop.

7.4.2 Die temas van die retraits sluit in:

- Herontdek van Jesus se koninkryksevangelie en implikasies vir dissipelskap
- Kultiveer 'n eerstehandse kennis van Jesus en leef in verbondenheid met Hom
- Die leer doen wat Jesus sê (Jesus as “Leermeester”)
- Hoe vind transformasie plaas?
- Die innerlike reis na verdiepte selfkennis
- Stilte en afsondering
- Identiteit en selfkennis
- God se teenwoordigheid in die alledaagse lewe
- Gemeenskap en verhoudings
- Die roeping tot diens in die wêreld

7.4.3 Tydens die retraits word stilte, persoonlike refleksie, wandel in die natuur, groepsgesprekke en geloofspraktyke soos gebed en Bybellees geïntegreer.

7.5 Die impak op deelnemers

7.5.1 Verskeie deelnemers beskryf die geloofsreis as lewensveranderend. Dit help hulle om nie net as gelowiges nie, maar ook as mense en leiers te groei. Die reis bied rus en ruimte vir herbesinning, en lei dikwels tot nuwe helderheid oor roeping en bediening. Die effek van die reis strek verder as die proses self, en dra by tot die vernuwing van gemeentes en geloofsgemeenskappe.

7.6 Vordering in Oos-Kaapland

7.6.1 Die proses word tans op verskeie plekke in Suid-Afrika aangebied, waaronder Oos-Kaapland.

7.6.2 Die Oos-Kaaplandse Geloofsreis het in 2024 begin, en by die skryf hiervan is reeds drie retraites afgehandel. Deelnemers beskryf dat dit groot seën vir hulle inhoud, onder andere omdat dit 'n intense reis van introspeksie, geloofs- en identiteitsvorming en 'n dieper verbintenis aan die lewende Here behels.

7.6.3 'n Sentrale deel van die strategie is die vestiging van leiers in Oos-Kaapland wat die reis kan voortsit nadat die eerste siklus voltooi is.

7.7 Slotgedagtes

7.7.1 Die geloofsreis van die Sentrum vir Geloofsvorming is 'n uitnodiging om stadiger te leef, dieper te luister en meer bewustelik as volgelingen van Jesus te leef. Dit is 'n pad van geestelike vernuwung wat help om karakter en roeping in Christus te omvorm – en daarmee saam ook die lewe van gemeentes en gemeenskappe.

7.8 AANBEVELING:

7.8.1 Die geloofsreis bied 'n unieke geleentheid vir predikante en lidmate om hul geloof en roeping te verdiep. Die sinode besluit om:

7.8.1.1 Deelname aan proses aan te moedig onder predikante en gemeentelidmate.

7.8.1.2 Finansiële ondersteuning via ringsprojekte voort te sit vir predikante wat wil deelneem.

7.8.1.3 Die opleiding van fasiliteerders in die sinodale gebied te ondersteun.

7.8.1.4 Kerkrade en gemeentes aan te moedig om die geloofsreis in gemeentelidmate en toerustingsprogramme te integreer.

8. IN PAS MET DIE LEWENDE GOD

8.1 Wat is die IN PAS-proses?

8.1.1 Verskillende gemeentes in Oos-Kaapland het in die afgelope paar jaar fasette van die IN PAS-proses aangewend. Die Sinode het ook IN PAS leergemeenskappe deur middel van ringsprojekte befonds.

8.1.2 IN PAS is 'n reis wat gemeentes help om hulle roeping nuut te ontdek en om hulle bediening aan te pas by dit wat God tans in hulle konteks doen. Dit is nie 'n vinnige plan of program nie, maar 'n geloofsreis van onderskeiding, verandering en vernuwung. Gemeentes word begelei om saam met God te stap — “in pas” met sy beweging — en om so 'n missionale kultuur te ontwikkel wat getrou is aan God se sending.

8.2 Doel van die proses

8.2.1 Die hoofdoel is om gemeentes te help om:

- God se roeping in hulle konteks te onderskei;
- Geloofsgewoontes aan te leer wat hulle help om in pas met God se beweging te kom;
- Hulle hele bediening aan te pas by God se voorkeurtokoms vir die gemeente en die gemeenskap.

8.3 Die vyf hoofritmes van IN PAS

1. Ontdek en vier

Gemeentes ontdek dat God reeds aan die werk is — in die gemeente en in die gemeenskap. Hierdie ritme help om dit raak te sien en te vier.

2. **Luister en onderskei**

Gemeentes leer om saam in God se Woord en in hulle konteks te luister: Wie is God? Wie is ons? Waar is ons en wat gebeur hier? Wat vra God nou van ons?

3. **Waag en eksperimenteer**

In klein stappe begin gemeentes om nuwe maniere van kerkwees te toets – eksperimenteer met lae-risiko aksies om God se roeping prakties uit te leef.

4. **Verhelder en fokus**

Gemeentes fokus hulle energie op dit waarvoor God hulle roep. Nie alles kan bly soos dit was nie — sekere gewoontes moet verander.

5. **Implementeer en inoefen**

Nuwe gewoontes en bedieninge word gebou en volgehou. Die hele gemeente begin leef volgens hulle unieke roeping.

8.4 Hoe verloop die proses?

8.4.1 Die proses strek gewoonlik oor **drie jaar** en bestaan uit **vyf fases** met verskeie netwerkbyeenkomste. Elke fase het 'n spesifieke fokus:


- *Fase 1:* Besluit en berei voor.
- *Fase 2:* Ontdek wat God reeds doen.
- *Fase 3:* Eksperimenteer met nuwe praktyke.
- *Fase 4:* Onderskei en fokus op die gemeente se unieke roeping.
- *Fase 5:* Bou volhoubare bedieninge in die gemeenskap.

8.5 Belangrike beginsels

8.5.1 IN PAS help gemeentes om met geloof, geduld en vernuwing te leef as teken en instrument van God se Koninkryk.

- **Stadige verandering is normaal.** Die proses is 'n maraton, nie 'n naelloop nie.
- **Leierskap is belangrik.** Die kerkraad en 'n begeleidingspan lei die gemeente op hierdie reis.
- **Nie almal beweeg ewe vinnig nie.** Party sal vroeg aan boord kom, ander sal langer neem, en sommige dalk nooit.
- **Gemeenskap betrokke.** Nuwe bedieninge word nie *vir* die gemeenskap gedoen nie, maar *saam met* die gemeenskap opgebou.

8.6 Grafiese voorstelling van die proses

IN PAS MET DIE LEWENDE GOD**RITMES EN GEWOONTES VIR ROEPINGSGETROUE GEMEENTES**

VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

9. VBO: GELEENTHEDE EN DEELNAME

9.1 VBO (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) is die hart van die begeleidingsproses van predikante, diensleraars en bedienaars in die NG Kerk.

9.2 VBO-geleentheid: In die periode 2021 tot 2025 is 41 VBO-geleentheid in ons sinodale gebied deur die Sinode of in vennootskap met die Sinode aangebied. Naas hierdie aanbiedinge het verskeie ringe ook eie VBO-geleentheid soos retraites, boekbesprekings en werksinkels aangebied. Predikante het kursusse wat deur nie minder as **37 verskillende diensverskaffers** aangebied is nie, bygewoon

9.3 Deelname aan VBO-geleentheid is baie goed in Oos-Kaapland gevestig. Meer as **90% van dienende Oos-Kaapse gemeente-predikante** het VBO-kursusse bygewoon. Wanneer die individuele VBO-kursusse wat hulle bygewoon het, getel word, het die groep aan 228 verskillende kursusse meegedoen. Benewens interne VBO-geleentheid het verskeie leraars dus ook van ander diensverskaffers (soos in Bloemfontein, Pretoria en Stellenbosch) gebruikgemaak. Dit word aangemoedig. Die getal van 228 sluit ook VBO-kursusse in wat ringe in ringsverband aangebied het.

9.4 Oor die verslagperiode het die groep Oos-Kaaplandse predikante in totaal **11 932 VBO-punte** verdien, oftewel gemiddeld 150 punte oor die verslagperiode, dus byna 40 punte per jaar.

9.5 Aanlyn-VBO: Sedert Covid-19 het aanlyn VBO-kursusse in gewildheid toegeneem. Dit is van groot waarde vir gemeentes wat verder van hoofsentra geleë is. Dit is besonder koste-effektief en word aangemoedig.

9.6 VBO behoort 'n **permanente item** op die sakelyst van kerkrade en ringe te wees. Waar kerkrade finansiële uitdagings ervaar, kan ringe leraars bystaan om sinvolle VBO by te woon.

9.7 Nagaan van VBO-krediete

9.7.1 Alle predikante is geregistreer op die Algemene Bedieningsregister en alle VBO-krediete word deur die onderskeie diensverskaffers, waaronder Sinode Oos-Kaapland, op hierdie register gelaai.

9.7.2 Elke predikant en kerkkantoor kan self nagaan wat die betrokke predikant of diensleer se VBO-puntestand is. Hierdie toegang is te vind op die Sinode Oos-Kaapland se webblad. Besoek: <https://ngkok.co.za/vbo-register/>

9.8 Waarvoor kan VBO-punte verdien word?

9.8.1 Daar is 'n wye verskeidenheid leergeleentheid beskikbaar. Opgesom kom dit op die volgende neer:



9.8.2 Meer inligting is op Sinode Oos-Kaapland se webblad beskikbaar:

<https://ngkok.co.za/agtergrond-oor-vbo/>

9.9 AANBEVELING

9.9.1 Die Sinode bedank kerkrade wat dit vir leraars moontlik maak om vakkundig by te bly met ontwikkelinge in die bediening.

9.9.2 Die Sinode moedig ringe aan om steeds VBO-geleenthede in eie konteks te skep.

BEGELEIDING VAN GEMEENTES

10. PADBERADE: KONTAK TUSSEN SINODE EN GEMEENTELIKE LEIERSKAP

10.1 Inleiding

10.1.1 Die Sinodale Kommissie streef daarna om ringe en gemeentes in die Oos-Kaap deur groepsbyeenkomste, primêr in streke, te begelei. Dit is gedoen deur middel van padberade, predikantebyeenkomste en in 2025 'n leiersberaad.

10.1.2 Die doel van hierdie prosesse was om gemeentes, predikante en kerkrade te ondersteun in 'n tyd van groot verandering, onsekerheid en nuwe uitdagings. Hierdie verslag gee 'n oorsig van die byeenkomste wat in die tydperk 2022–2025 gehou is, en die vrug wat daaruit voortgevloei het.

10.2 Padberade 2022

10.2.1 In 2022 is padberade regoor die Oos-Kaap in verskillende ringe gehou. Die fokus was veral op die lesse wat tydens die Covid-19-pandemie geleer is en hoe digitale bediening 'n rol in die nuwe konteks kan speel. Gemeentes en predikante het stories gedeel oor hulle ervaringe, en die gesprekke het die belang van kreatiewe aanpassing onderstreep.

10.2.2 'n Inset oor Andrew Root se werk *Church and Decline* het 'n hoopvolle perspektief gebied op die uitdagings van kerkwees in 'n tyd van afname. Ringe het ook 'n waarderende gesprek gevoer oor hulle projekte, waarin gevra is: watter projekte was ons sterkste pogings, wat het goed gewerk, en waar was die struikelblokke? Hierdie gesprek het die klem verskuif van tekortkominge na leergeleenthede en nuwe moontlikhede. Die padberade het sodoende die grondslag gelê vir 'n meer hoopvolle verstaan van bediening in 'n veranderende tyd.

10.3 Predikantebyeenkoms 2023

10.3.1 In Junie 2023 is 'n groot predikantebyeenkoms te Willows gehou. Predikante uit die hele sinodale gebied het bymekaargekom vir 'n driedaagse geleentheid van refleksie, toerusting en gemeenskap. Die program het ruimte gebied vir geestelike verdieping, gesprekke oor bediening, asook tyd vir persoonlike ontmoeting en ondersteuning.

10.3.2 Die byeenkoms het predikante bemoedig en versterk in hulle roeping. Dit het ook nuwe energie gebied vir bediening, aangesien predikante die geleentheid gehad het om stories met mekaar te deel en saam te dink oor die uitdagings en geleenthede van kerkwees in die huidige tyd.

10.4 Padberade 2024

10.4.1 In 2024 het die padberade voortgegaan met 'n sterk waarderende fokus. Die vraag is gevra: waar ervaar gemeentes en predikante steeds energie en betekenis in hulle bediening? Hierdie verhale is vertel en het nuwe waardering gebring vir die waarde van bediening in moeilike omstandighede.

10.4.2 Die Bybelstudie het uit 1 Tessalonisense 2 gekom en die tema van roeping en volharding beklemtoon. 'n Inset oor Eugene Peterson se boek *Under the Unpredictable Plant* het 'n hoopvolle blik op die bediening gebied. Daarna is daar in gesprek gegaan oor hoe hierdie verhale en insette die bediening van predikante en die visie van lidmate beïnvloed.

10.4.3 Praktiese inligting is ook gedeel oor inisiatiewe soos die RESPOND Rampnetwerk en meervoudige standplaasbediening. Verder het die Kerkargief 'n waardevolle bydrae gelewer deur opleiding aan gemeenteskribas en kerkkantoorpersoneel te bied, wat administratiewe werk in gemeentes versterk het. Die padberade van 2024 het gemeentes gehelp om met nuwe waardering na hulle roeping en bedieningsmoontlikhede te kyk.

10.5 Leiersberaad 2025

10.5.1 Die Sinodale Kommissie het 'n leiersberaad beplan en gereël vir 3–5 Maart 2025 by St Luke's Retreat Centre in Gqeberha. By die geleentheid word voorsitters en skribas van ringskommissies, asook ander leiersfigure, saamgetrek om oor die toekoms van bediening tot 2035 te besin.

10.5.2 Die doel van die beraad is om te vra: waarheen mik ons as kerk vir 2035, en wat druk die Here ons op die hart? Daar sal spesifiek gekyk word na die volhoubaarheid van bediening en hoe nuwe vorme van kerkwees kan ontwikkel. Dr Frederick Marais van die Skool vir Innovasie aan die Huguenote Kollege tree as fasiliteerder op en lei die proses op 'n interaktiewe manier. Die beraad het ten doel om 'n strategie en werkswyse te formuleer wat in Oktober 2025 aan die sinode voorgehou kan word.

10.6 Gevolgtrekking

10.6.1 Die padberade van 2022 tot 2024, die predikantebyeenkoms van 2023 en die leiersberaad van 2025 vorm saam 'n deurlopende proses van luister, leer en saam onderskei. Oor hierdie periode het die Sinodale Kommissie ruimte geskep vir gesprek oor digitale bediening, jong volwassenes se betrokkenheid, die volhoubaarheid van eredienste en projekte, asook die opleiding en toerusting van kerklike leiers.

10.6.2 Deur waarderende verhale en stories van hoop is nuwe energie losgemaak in gemeentes. Praktiese ondersteuning, soos opleiding van skribas en die deel van hulpbronne, het die funksionering van gemeentes versterk. Bo alles het hierdie proses gemeentes en ringe gehelp om hulle roeping nuut te ontdek en saam te dink oor die toekoms.

10.6.3 Die Sinodale Kommissie glo dat hierdie pad bevestig dat God steeds met sy kerk op reis is. Al is die konteks uitdagend, bly sy roeping lewend en rigtinggewend. Daarom word die pad vorentoe met hoop en vertroue betree.

11. ROETEMERKERS

11.1 Inleiding

11.1.1 Roetemerkers is 'n belangrike praktiese innovasie in die NG Kerk met behoorlike begronding in die Gereformeerde verstaan van die verbond. Dit neem geloofsvorming by jongmense ernstig op, op so 'n wyse dat geloofsoordrag betekenisvol plaasvind.

11.1.2 By die vergaderings van die Algemene Sinodes van 2019 en 2023 is indringend nagedink oor jeugbediening en belydenis van geloof.

11.1.3 Ten einde jeugbediening op 'n hegte Bybels-teologiese grondslag te plaas is die konsep van roetemerkers ontwikkel. In die res van hierdie paragraaf word 'n opsomming verskaf van die volledige verslag wat in 2023 voor die Algemene Sinode gedien het.

11.1.4 Die volledige roetemerker-verslag kan by hierdie skakel afgelaai word:

https://ngkok.co.za/sinode2025/verslae/as2023_roetemerkers.pdf

11.2 Opsomming van die verslag oor Roetemerkers

11.2.1 Inleiding

11.2.1.1 Die pad van geloof is 'n lewenslange reis. Geloofsvorming gebeur nie in een oomblik nie, maar in fases en deurgange. Die kerk het in die afgelope dekade besef dat die tradisionele “belydenis van geloof” te eng was as 'n enkele gebeurtenis. Daarom het die Algemene Sinode in 2019 besluit dat daar op die pad van geloof gereelde **roetemerkers** moet wees – stilhouplekke waar lidmate saam met hulle geloofsfamilie terugkyk, vorentoe kyk en opnuut bely dat hulle aan God behoort.

11.2.1.2 Hierdie verslag gee inhoud aan daardie besluit. Dit beskryf die aard en funksies van roetemerkers, die ontwikkeling van spesifieke roetemerkers vir tieners en jong volwassenes, en die rol van kategete en ouers. Dit stel ook 'n “klein kategismus” voor en riglyne vir ouertoerusting.

11.2.2 Die aard van 'n roetemerker en geloofsvorming

11.2.2.1 'n Roetemerker is 'n geloofsgebeurtenis waar die gemeente saam stilhou by 'n kritiese lewensdeurgang. Dit herinner lidmate aan hulle doop, anker hulle in die geloofsgemeenskap en help hulle om geloof prakties te bely.

11.2.2.2 Roetemerkers sluit direk aan by die konsep van **geloofsvorming** – die intensionele proses waardeur gelowiges groei in hulle verhouding met God, saam met medereisigers op die geloofspad. Geloofsvorming begin by geboorte en eindig eers by die dood. 'n Roetemerker is dus nie 'n “hekkie” waardeur jy moet gaan om 'n lidmaat te word nie, maar 'n rituele viering wat jou help om jou doop telkens opnuut toe te eien.

11.2.3 Die drie funksies van roetemerkers

11.2.3.1 Elke roetemerker vervul drie kerntake:

1. **Oriëntering** – ek word gehelp om te verstaan waar ek vandaan kom, waar ek nou is, en waarheen ek op pad is.

2. **Identifisering** – ek ontdek aan wie ek behoort, en met wie ek my verbind.
3. **Belydenis en bevestiging** – ek bely my geloof saam met ander en bevestig my verbondenheid aan God en sy familie.

11.2.3.2 Hierdie funksies word ingeoefen deur gesprek, viering en diens. Daarom moet roetemerkers liturgies en in die erediens gevier word – met prediking, sakramente en die deelname van die hele gemeente.

11.2.4 Hoe daag hierdie insigte die kerk uit?

11.2.4.1 Die nuwe benadering beteken dat:

- Lidmaatskap nie langer gekoppel is aan belydenisaflegging nie, maar aan die doop.
(*Nota: Hierdie is slegs 'n aanbeveling, die gewone reëling rondom belydenisaflegging gaan voort in die NG Kerk*)
- Roetemerkers nie 'n voorwaarde vir lidmaatskap is nie, maar geleenthede om jou doop en geloof te vier.
- Die kerk roetemerkers by verskillende lewensfases moet oprig: by 12/13 jaar, by 17/18 jaar, en moontlik by ander oorgange soos skoolbegin, huwelik en ouerskap.
- Die huidige praktyk van belydenisaflegging by 17/18 jaar moet verdiep word as 'n publieke roetemerker wat jongmense voorberei op die uitdaginge van volwassenheid.
- Die eerste deurgang (12/13 jaar) is lank verwaarloos en moet nou liturgies en in die kategetiese gevier word.

11.2.5 Die roetemerker vir tieners (12–13 jaar)

Uniekheid van hierdie deurgang

Die ouderdom van 12/13 is wêreldwyd in die kerk en in die Joodse tradisie (Ou Testament) 'n kritiese oorgang. Dit val saam met puberteit en skoolverwisseling, en is vir kinders emosioneel en sosiaal betekenisvol. Navorsing toon dat dit juis 'n tyd is wanneer jongmense die kerk kan verloor as hulle nie geanker word nie.

Nuwe kultuur

Die NG Kerk is besig om 'n nuwe kultuur van roetemerkers te ontwikkel. Die roetemerker vir tieners herinner aan God se teenwoordigheid en die geloofsgemeenskap se ondersteuning. Die boodskap is eenvoudig: “God is by jou, en ons is by jou.”

Geloofsbegeleiding

Kategesemateriaal moet voorberei vir hierdie roetemerker. Jongmense moet help verstaan:

- wat hulle doop beteken,
- hoe belangrik hulle nuwe groepsverbintenis is,
- en hoe hulle geloof deel en uiteleef.

Liturgiese karakter

Die liturgie van hierdie roetemerker moet ryk wees aan:

- herinnering aan die doop,
- viering van die nagmaal,
- die ervaring van gemeenskap en ondersteuning,
- belydenis van geloof in eenvoudige, verstaanbare taal.

'n Formulier en liturgie word in die verslag voorgestel, waarin die gemeente die tieners se geloofsbelydenis beaam en hulle verseker dat hulle nie alleen is nie.

11.2.6 Die roetemerker vir jong volwassenes (17–18 jaar)

Uniekheid van hierdie deurgang

Tradisioneel was dit die tyd vir belydenisaflegging. Nou word dit verstaan as 'n roetemerker waar jongmense publiek bely wie hulle is in Christus en hulleself verbind aan God, die kerk en die wêreld. Die kernboodskap hier is: “God is by my, en ek verbind my aan julle.”

Nuwe kultuur

Hierdie roetemerker moet bevry word van die idee van 'n “gradeplegtigheid” na katkisasie. Dit is eerder 'n liturgiese viering van geloof, waar jongmense 'n nuwe fase betree en hulle verantwoordelikheid in die geloofsfamilie opneem.

Geloofsbegeleiding

Kategese vir hierdie groep moet:

- die samehang tussen doop, nagmaal en roetemerkers uitlig,
- jongmense toerus om kritiese vrae oor geloof en etiek te hanteer,
- identiteitsvorming en roeping sterk beklemtoon.

Liturgiese karakter

Die liturgie sluit elemente in soos:

- doopherrinnering,
- belydenis van geloof,
- deelname aan die nagmaal,
- openbare bevestiging van hulle verbondenheid aan die gemeente en die NG Kerk.

11.2.7 'n Klein kategismus vir roetemerkers

11.2.7.1 Om die idee eenvoudig en bevatlik oor te dra, is 'n “**Klein Kategismus**” ('n leerboek) saamgestel. Dit verduidelik in vraag-en-antwoord styl:

- Waarom roetemerkers? (Omdat geloofsvorming lewenslank is en ons deurgange vier.)
- Wat behels dit? (Oriëntering, identifisering, belydenis.)
- Hoe word dit beleef? (Deur gesprek, viering en diens.)
- Watter roetemerkers is daar? (Veral dié vir tieners en jong volwassenes, maar ander is moontlik.)
- Wat vra dit van gemeentelidmate? (Kategese, toerusting en liturgiese begeleiding.)

11.2.7.2 Hierdie kort samevatting help om die kernboodskap maklik te deel met lidmate, ouers en kerkrade.

11.2.8 Ouertoerusting rondom roetemerkers

11.2.8.1 Die Sinode het besef dat ouers 'n deurslaggewende rol speel in hulle kinders se geloofsvorming. Die verslag vra nuwe erns met ouertoerusting, veral rondom die **eerste nagmaal** en verdere roetemerkers.

11.2.8.2 Ouers moet toegerus word om:

- die betekenis van doop en nagmaal aan hulle kinders te verduidelik,
- self geloofsgesprekke in die huis te voer,
- deel te wees van die liturgie by roetemerkers,

- hulle kinders te begelei in geloofsbesluite.

11.2.8.3 Hierdie toerusting is nie 'n eenmalige kursus nie, maar 'n **gemeentekultuur** waarin gesinne saam leer om dissipels van Jesus te wees.

11.2.9 Samevatting en aanbevelings

11.2.9.1 Die verslag beklemtoon dat roetemerkers:

- ingebed is in die teologie van die doop,
- die geloofsfamilie saam betrek,
- ontwikkelingsfases van kinders en jongmense ernstig neem,
- 'n nuwe kultuur van belydenis en geloofsvorming help bou.

11.2.9.2 Aanbevelings sluit in:

- die goedkeuring van die dokumente oor roetemerkers en ouertoerusting,
- die uitrol daarvan in sinodes en gemeentes,
- die ontwikkeling van visuele en eenvoudige hulpmiddels vir lidmate en ouers,
- die vestiging van 'n breë **roetemerker-kultuur** binne die NG Kerk.

11.3 Slot

11.3.1 Roetemerkers herinner ons dat geloof 'n reis is, nie 'n eindpunt nie. Hulle help gelowiges om in elke fase van die lewe weer te hoor: **“God is by jou, en ons is by jou.”** En by die oorgang na jong volwassenheid: **“God is by my, en ek verbind my aan julle.”**

11.3.2 So word ons geloofsfamilie versterk en toegerus om saam, as dissipels van Christus, die pad van geloof te stap en in die wêreld te getuig.

12. GEMEENTES NEEM MEKAAR SE HANDE

12.1 In 'n vorige paragraaf wys ons op die belang van handevat tussen die ampte en gemeentes, onder meer in 'n dalende tendens van predikante en lidmate.

12.2 In **Verslag A4 (Navorsing)** word 'n ontwerp vir 'n proses van **handevat** binne plaaslike kontekste uiteengesit. Ringe kan gerus die leiding neem om hierdie gesprekke te voer.

12.3 Voorbeelde van hande-vat

12.3.1 Ons is dankbaar om te rapporteer dat daar inderdaad gemeentes is wat suksesvol mekaar se hande neem. Op Stutterheim het die **NG Gemeente en die Presbiteriaanse Gemeentes** na 'n proses van deeglike oorlegpleging en onderhandeling die reis aangepak om 'n verenigde gemeente te wees, hoewel elkeen se eie regspersoonlikheid bly voortbestaan en die ooreenkoms ook met kennisgewing beëindig kan word.

12.3.2 'n Opsomming van die inhoud van die konstitusie word by hierdie verslag geheg as **Bylaag A3.1**.

12.3.3 Nog 'n voorbeeld, ook uit die Ring van Oos-Londen, is die hande-vat tussen die NG Gemeente Nahoon en die Hervormde Gemeente Oos-Londen. Die twee kerkrade het 'n ooreenkoms gesluit, met die Hervormde leraar wat die twee gemeentes bedien. Belangrike groei-strategieë word ook gevolg.

12.3.4 'n Opsomming van die ooreenkoms tussen die twee gemeentes word by hierdie verslag geheg as **Bylaag A3.2**.

12.3.5 Ervaring leer dat hierdie soort **samewerking broos** is. Groot sorg moet veral in die beroep van nuwe predikante aan die dag gelê word en die leiers moet erns maak met die instandhouding daarvan.

13. HOOP EN VISIE VIR KLEIN GEMEENTES

13.1 Inleiding

13.1.1 Gemeentes in Suid-Afrika word al hoe kleiner, en daarmee saam ontstaan vroeë oor hul toekomst.

13.1.2 Hierdie paragraaf handel oor 'n inisiatief wat die Oostelike Sinode geneem het, en waarby die ander Sinodes van die NG Kerk ook betrek is. Hierdie inisiatief is werklik toepaslik op ons situasie en skep belangrike rigtingwysers vir Ringe (wat 'n begeleidingsfunksie het) en gemeentes van Sinode Oos-Kaapland.

13.1.3 Die Oostelike Sinode het belangrike stappe geneem om hierdie gemeentes te ondersteun en nuwe visie en hoop te bied. Hieronder volg 'n samevatting van die uitdagings wat klein gemeentes beleef, en van die inisiatiewe wat in reaksie daarop begin is.

13.2 Huidige uitdagings vir klein gemeentes

13.2.1 Baie klein gemeentes beleef dat die voltydse leraarspos onder groot finansiële druk staan. In talle gevalle is die pos reeds vakant, wat groot implikasies het vir die funksionering van die gemeente.

13.2.2 Eredienste word minder goed bygewoon; soms is daar slegs 15 tot 20 mense teenwoordig. Dit maak dit moeilik om die erediens soos in die verlede aan te bied, en vra 'n nuwe benadering. Dieselfde geld vir kategese en jeugbediening: daar is gevalle waar slegs drie kinders aan kategese deelneem – elkeen in 'n ander graad. Gemeentes vra dan: hoe moet onderrig en begeleiding in só 'n konteks funksioneer?

13.2.3 Daar is ook groter onsekerheid en selfs moedeloosheid. Gemeentes beskryf dit asof hulle in stormagtige waters verkeer, sonder duidelike rigting. Kerkkantore funksioneer onder druk, aangesien kleiner gemeenskappe nie noodwendig oor die nodige kundigheid beskik nie. Dit raak die administrasie en bestuur van die gemeente.

13.2.4 'n Verdere probleem is pastorale versorging. Sonder 'n leraar vir gemeentes: hoe hanteer ons die nood van mense, veral sake wat vertroulik of spesialis-ondersteuning verg?

13.2.5 Baie gemeentes worstel ook met die instandhouding van historiese kerkgeboue. Die pragtige ou torings en klipmure het 'n swaar las geword, aangesien instandhouding eenvoudig nie meer finansiële moontlikheid is nie.

13.3 'n Nuwe gesprek

13.3.1 Teen hierdie agtergrond het die Oostelike Sinode besluit om hoop en nuwe visie te bring deur 'n gesprek met klein gemeentes te begin. Werkswinkels word saam met Ringe gereël, aangesien Ringe 'n belangrike rol speel in die ondersteuning van gemeentes.

13.3.2 Die vertrekpunt van hierdie gesprek is God self – die Een wat ons geskep, verlos en gestuur het. Gemeentes word genooi om hulself te sien as gestuurdes van God, ook binne 'n kleiner konteks. Hierdie gesprek help gemeentes om oor hul identiteit te dink: Wie is ons? Wat sê die Woord oor wie 'n gemeente is?

13.3.3 'n Belangrike deel van die proses is die hoor van stories – die herinneringe van lank gelede, maar ook die ervarings van vandag. Daar word saam besin oor roeping. Soos mense in die Bybel

dikwels na moeilike take geroep is, word gemeentes vandag geroep om uitdagings aan te pak en nuwe maniere van doen en dink te ontwikkel.

13.4 Gemeente en gemeenskap

13.4.1 Klein gemeentes word aangemoedig om hul bediening opnuut te oorweeg. Hoe lyk bediening in vandag se gemeenskap? Dit vra 'n nuwe kennis van die gemeenskap waarin hulle leef. Een gemeente het byvoorbeeld besluit om te voet deur hulle dorp te stap. Hulle het opnuut ontdek hoe groot die armoede, werkloosheid en verval in die dorp is – dinge waarby hulle gewoonlik met hul motors verbyry.

13.4.2 Gemeentes word verder uitgenooi om te soek na vennootskappe in die gemeenskap: met maatskaplike organisasies soos die CMR, met skole, ouetehuse, hospitale, die sakegemeenskap en landbouverenigings. Só kan die kerk hande vat met ander rolspelers om die gemeenskap saam te dien.

13.5 Nuwe energie en samewerking

13.5.1 Hierdie gesprekke lei tot nuwe moontlikhede en vars energie in gemeentes. Daar is ook breër samewerking tussen sinodes: maandeliks word byvoorbeeld Zoom-gesprekke gehou waarin ervarings en idees gedeel word.

13.5.2 In die NG Kerk bestaan reeds waardevolle inisiatiewe, soos diensleraars en opgeleide lidmate wat preek, pastorale sorg lewer en jeugbediening ondersteun. Hierdie vorme van diens brei die moontlikhede vir klein gemeentes uit.

13.6 Inspirasie uit die praktyk

13.6.1 Klein gemeentes deel ook hoopvolle stories. In Badplaas het 'n klein kerkie eredienste vir onderwysers gereël, waardeur kollegas mekaar as medegelowiges leer ken het. In Blinkpan voorsien gemeentelede wat self afhanklik is van maatskaplike toelaes, daaglik kos aan ander mense. Hierdie verhale getuig van 'n diepe roeping en 'n bereidheid om nuwe paaie te loop.

13.6.2 Soortgelyke verhale kan ook in Oos-Kaapland vertel word. In **Verslag A4** word die impak van ringsprojekte, waarvan vele gemeenskapsgerig is, beskryf. Sedert die aanvang van ringsprojekte het Sinode Oos-Kaapland reeds R14,6 miljoen bewillig vir 'n uiteenlopende reeks grondvlakprojekte.

13.7 Ten slotte

13.7.1 Klein gemeentes neem 'n groot plek in die hart van die Here in. Al is die pad nie maklik nie, glo ons dat God meer kan doen as wat ons bid of dink – en dat Hy dit deur sy gemeentes doen. Die Oostelike Sinode wil hierdie pad sáám met die klein gemeentes stap, in die geloof dat hulle roeping en toekoms steeds in God se hande lê.

14. BEDIENAARS

14.1 In **Verslag A4** word die opleiding van bedienaars as deel van ampsverbreding in die NG Kerk bespreek. In hierdie paragraaf word aandag gegee aan werk wat die Sinode verrig het om hierdie as 'n praktiese hulpmiddel vir bediening in Sinode Oos-Kaapland te vestig.

14.2 'n Statistiese ontleding (vergelyk **Verslag A4**) toon die dalende tendens ten opsigte van die beskikbaarheid van predikante in die NG Kerk. Dit raak op hierdie stadium veral landelike gemeentes

wat uitdagings ervaar om predikantsposte te vul. Dit raak ook gemeentes wat voorheen meer as een predikant in diens gehad het, maar nou slegs een pos kan onderhou.

14.3 Die opleiding van Bedienaars vervul dus 'n belangrike funksie om bedieningsvermoë te verhoog.

14.4 Bykomend stel Bedienaars gemeentes in staat om meer effektief aan bedieningsdoelwitte aandag te gee wat nie voorheen prakties haalbaar was nie.

14.5 Let op dat die rol van 'n Bedienaar vrywillige hulp behels, dit is nie besoldigde poste nie. Kerkrade kan wel die koste van die opleiding help befonds.

14.6 Die opleiding van Bedienaars het sy **oorsprong** in Sinode Oos-Kaapland se besluit in 2006 om kerkraadslede op te lei om eredienste te lei en pastorale gesprekke te kan voer. Die stelsel het **nuwe momentum** gekry toe die Algemene Sinode hierdie soort bedieningsrol amptelik in 2019 goedgekeur het. Die opleiding is aan die NG Kerk se Hugenote Kollege toevertrou, waar Bedienaars 'n tweejaar kerklik-geakkrediteerde sertifikaat in teologie verwerf. Dit is deeltydse studie.

14.7 Die opleiding en benutting van Bedienaars is sedertdien veral in die Sinode Noord-Kaapland gevestig. 'n Aantal leraars uit Oos-Kaapland het op 26 Maart 2025 met leraars uit Sinode Noord-Kaapland en verteenwoordigers van die Hugenote Kollege, ds Jaco Botha en dr Frederick Marais, oor die opleiding en aanwending van Bedienaars gesels.

14.8 'n Inligtingsessie oor diensleraars spesiaal gerig op Oos-Kaapland is aanlyn op 17 Junie 2025 gehou. Meer as 60 persone het hiervoor ingeskryf. 'n Opname van die aanbieding is op Sinode Oos-Kaapland se YouTube-kanaal beskikbaar, by <https://youtu.be/LxQZhho5m0c>.

14.9 Ds Jaco Botha, koördineerder van die opleidingsprogram vir Bedienaars by die Hugenote Kollege, sal tydens Sinode 2025 meer inligting oor hierdie opleiding verskaf en ook beskikbaar wees om navrae te beantwoord.

Ds DW Mouton
Direkteur Sinode

BYLAE

BYLAAG A3.1

SAMEVATTING VAN DIE KONSTITUSIE VAN DIE EENHEIDSGEMEENTE OP STUTTERHEIM

Nota:

1. Hierdie opsomming word as illustrasie van hoe 'n ooreenkoms tussen gemeentes kan lyk, dus ter wille van inligting en die uitwys van moontlikhede, hier geplaas. Dit is nie 'n kerkregtelike voorskrif dat 'n ooreenkoms tussen gemeentes só móét lyk nie, dit hang van plaaslike omstandighede en die eenwordingsproses af.
2. Verwys ook **Verslag A4 (Navorsing)** in hierdie Agendaboek waar die voorgestelde **Handevat-proses** beskryf word. Enige ooreenkoms tot samewerking behoort die uitkoms van só 'n proses te wees.

1. Agtergrond en Doel

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) Stutterheim en die *United Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA)* Stutterheim en Distrik het ooreengekom om 'n **verenigde gemeente** te vorm. Hierdie besluit is geneem met goedkeuring van albei gemeentes se ringe en berus op 'n gedeelde belydenisgrondslag en 'n gemeenskaplike visie vir samewerking.

2. Naam van die Gemeente

Die nuwe eenheid staan bekend as die **Stutterheim Verenigde Gemeente (NGK & Presbiteriaans) Stutterheim United Congregation (DRC & Presbyterian)**. Dit bestaan uit die twee bestaande gemeentes van die NG Kerk en die Presbiteriaanse Kerk in Stutterheim.

3. Erediens en Taalgebruik

- Gewone eredienste sal voortgaan soos voorheen.
- Taal sal gebruik word op 'n manier wat insluiting bevorder en alle lidmate dien.
- Die verenigde kerkraad bepaal die frekwensie, vorm en taal van dienste in ooreenstemming met die gemeente se behoeftes. Tans word Afrikaans en Engels om die beurt vir eredienste gebruik - een Sondag Afrikaans, een Sondag, Engels.

4. Bedieninge van Woord en Sakramente

- Enige predikant wat volgens die reëls van een van die twee denominasies gemagtig is om sakramente te bedien, mag dit in die verenigde gemeente doen.

5. Predikantskap en Aanstellings

- Die huidige NGK-predikant, ds. D.O. Strydom, sal as predikant van die verenigde gemeente dien.
- Hy val onder die toesig van die NGK Ring van Oos-Londen, en die NGK is die formele werkgewer.
- Die pastorie is Amatolaweg 8, die Presbiteriaanse pastorie.
- Die Presbiteriaanse gemeente dra finansieel by tot die predikant se vergoeding soos ooreengekom.

6. Kerkraad en Leierskap

- Die eerste verenigde kerkraad bestaan uit al die bestaande lede van beide gemeentes se kerkrade.
- Hierdie struktuur bly vir minstens een jaar in plek voordat 'n nuwe struktuur saamgestel word.
- Die kerkraad moet minstens drie lede van elke gemeente hê, plus die predikant (wat nie getel word as deel van die minimum nie).
- 'n Voorsitter en ondervoorsitter word uit die geledere van die kerkraad verkies.
- Kommissies vir bestuur, finansies en eiendom sal ingestel word.

7. Finansies en Eiendom

- Binne 60 dae ná ondertekening moet albei partye geouditeerde finansiële state van die afgelope twee jaar voorlê.
- 'n Gesamentlike finansiële komitee word gestig.
- Beide gemeentes behou hul eie bankrekeninge en gee afsonderlike finansiële state aan hul onderskeie ringe en sinodale strukture.
- Eiendomme bly in besit van elke onderskeie gemeente, maar word ten volle in diens van die verenigde bediening gestel.
- Besluite oor aankoop of verkoop van eiendom moet deur die gesamentlike kerkraad geneem word.

8. Lidmaatskap

- Bestaande lidmate bly lede van hul oorspronklike gemeentes.
- Nuwe lidmate kan self kies by watter gemeente hulle wil aansluit.
- 'n Gekonsolideerde lidmaatregister moet binne drie maande saamgestel word, met aanduiding van lidmaatskap by een van die denominasies.

9. Bediening en Gemeentewerk

- Alle bestaande bedienings en werksaamhede bly voortbestaan.
- Daar word aktief gewerk aan samewerking en vernuwing van bedieninge tussen die twee gemeentes.

10. Tydsduur en Beëindiging

- Die ooreenkoms is van krag totdat dit met drie maande se kennisgewing, en in onderlinge ooreenstemming, beëindig word.

11. Slotwoord

Die konstitusie sluit af met Skrifaaanhalings wat die geestelike gees van die vereniging onderstreep:

- *“Hoe goed en aangenaam is dit as broers in eensgesindheid saam woon.”* (Psalm 133:1)
- *“Wees eensgesind, vol medelye, vol broederliefde.”* (1 Petrus 3:8)

BYLAAG A3.2

SAMEVATTING VAN DIE OOREENKOMS TUSSEN DIE NG KERK NAHOON EN DIE HERVORMDE KERK OOS-LONDEN

Nota:

1. Hierdie opsomming word as illustrasie van hoe 'n ooreenkoms tussen gemeentes kan lyk, dus ter wille van inligting en die uitwys van moontlikhede, hier geplaas. Dit is nie 'n kerkregtelike voorskrif dat 'n ooreenkoms tussen gemeentes só móét lyk nie, dit hang van plaaslike omstandighede en die eenheidsproses af.
2. Verwys ook **Verlag A4 (Navorsing)** in hierdie Agendaboek waar die voorgestelde **Handevat-proses** beskryf word. Enige ooreenkoms tot samewerking behoort die uitkoms van só 'n proses te wees.

Opsomming van die samewerkingsooreenkoms

1. Doel van die ooreenkoms

Die ooreenkoms is gesluit tussen 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die doel is om die dienste van 'n voltydse predikant te deel. Hierdie samewerking is gegrond op 'n reeds bestaande bilaterale ooreenkoms tussen die twee kerktradisies.

Die klem val daarop dat beide gemeentes saam die Evangelie wil verkondig, lidmate versorg en in 'n veranderende wêreld 'n sigbare geloofsgemeenskap wil wees.

2. Eredienste

- Die predikant lei die Sondagoggenddienste om 09:00, waarin beide gemeentes saamkom.
- Addisionele tafel-eredienste vind twee keer per maand plaas, dikwels in kleiner en meer intieme ruimtes.
- Erediens by 'n bejaardetehuis en 'n gemeenskapskerk word maandeliks gehou.
- Een maal per maand behartig 'n besoekende predikant die erediens, om afwisseling en breër bande met plaaslike predikante te behou.

3. Bediening van die nagmaal

- Nagmaal word minstens vier keer per jaar bedien, asook tydens spesiale geleenthede soos Paasfees en Kersfees.
- Die bediening geskied in 'n vorm wat sensitiwiteit toon vir beide kerklike tradisies (bank- of tafelbediening).

4. Pastorale werk

- Pastorale sorg word aan albei gemeentes gelewer, volgens 'n voorafbepaalde tydsverdeling.
- Doop, huwelike, begrafnisse en ander besondere dienste word deur die predikant waargeneem.
- Krisispastoraat word gelewer soos nodig.

5. Huisbesoek en versorging van lidmate

- Huisbesoek en lidmaatversorging is 'n kernpunt.

- Versorging geskied nie net deur die predikant nie, maar ook deur selgroepe, belangegroepe en diensgroepe.
- Lidmate bo 65 word op 'n gestruktureerde wyse besoek en versorg.
- Gemeentes wil lidmate bemagtig om mekaar te ondersteun en behoeftes vinnig raak te sien.

6. Siekebesoeke

- Die predikant besoek lidmate tuis en in hospitale waar nodig.
- Hospitaalbesoeke word gedoen as iemand langer as een dag opgeneem is.

7. Nuwe intrekkers

- Nuwe intrekkers word deur die onderskeie kerkrade besoek en verwelkom.
- 'n Induksieproses verseker dat hulle weet hoe die gemeente funksioneer en waar hulle kan inskakel.
- Hulle word in die lidmaatregister van die betrokke gemeente opgeneem, of kry 'n keuse indien hulle van 'n ander tradisie af kom.

8. Vergaderings

- Elke gemeente bly 'n afsonderlike entiteit met eie vergaderings.
- 'n Gemeenskaplike kerkraad, bestaande uit verteenwoordigers van beide kerkrade en die predikant, vergader kwartaalliks oor gemeenskaplike sake soos eredienste en jeugwerk.
- Ad hoc en dringende vergaderings kan ingestel word wanneer nodig.

9. Bybelstudies en toerusting

- Toerustingsgeleenthede (soms digitaal) word gereël om die bedieningsplanne van die gemeentes te ondersteun.
- Gemeentes word aangemoedig om eie visie en doelwitte te formuleer, terwyl raakvlakke saam aangepak word.

10. Kategese

- Kategese-onderrig word gesamentlik aangebied.
- Kinderkerk word uitgebou as 'n hoë prioriteit.
- Finalejaar-katkisante ontvang hul onderrig by die predikant.

11. Verdeling van inkomste

- Elke gemeente behou sy eie inkomste uit maandelikse dankoffers.
- Bankkollekte tydens eredienste word gesamentlik ingesamel en volgens 'n voorafbepaalde persentasieverdeling tussen die gemeentes verdeel.
- Fondsinsamelings kan apart of saam gehou word; indien saam, word die opbrengste volgens insette of die persentasieverdeling verdeel.
- Ander kostes (soos pastorie, onderhoud en munisipale uitgawes) word ook volgens die persentasieverdeling gedra.

A4: NAVORSING (PRAKTYKGERIGTE ONDERSKEIDING)

*Die Heilige Gees het op die oggend van Pinkster oor die dissipels gekom
om hulle toe te rus vir die sending wat aan hulle toevertrou is
(sien Handeling 2:1–41).*

*God se plan om die wêreld te rede en te genees – wat soms met die Latynse
uitdrukking missio Dei (die sending van God) aangedui word – vind plaas
deurdat Hy die Seun en die Heilige Gees stuur.*

*Hierdie reddingswerk van die Drie-enige God is noodsaaklik om die gemeente
en die kerk reg te verstaanⁱ.*

1. DOEL VAN VERSLAG A4: 'N TOEKOMSGERIGTE UITDAGING

1.1 Die sinodale leierskap (Sinodale Kommissie in oorleg met Ringskommissies) het diep onder die indruk gekom van die enorme uitdagings waarvoor kerkwees in die NG Kerk in Oos-Kaapland te staan kom. Hoewel nie uniek nie (dit is ook elders en vir ander kerke), is die uitdagings konkreet en voorhande.

1.2 Ten einde Sinode 2025 beter te beplan, het die SK-Dagbestuur en die twaalf Ringskommissies in Maart 2025 'n Leiersberaad gehou, gestruktureer as 'n werkswinkel oor sosiale innovasie. Tydens die beraad het ons die verhaal van die Oos-Kaapse kerk teen die agtergrond van ons land se verhaal gebou. Ons het bewus geraak van eindelose probleemverhale, maar ook van God se teenwoordigheid en die wyse waarop God die verhaal van die Koninkryk in ons midde bou. Dit is 'n alternatief vir die probleemverhaal. Hierdie alternatiewe verhaal gee aan ons die sleutels waarop ons ons gehoorsaamheid aan God kan bou.

1.3 Later in die verslag deel ons die storiemuur.

1.4 Deel van ons storie is ook nuwe, relevante moontlikhede in die NG Kerk, asook die werklikheid van God se beloftes vir sy kerk.

1.5 Ons Sinode 2025 word dus beplan en ingerig om ons te help om gepaste reaksies, antwoorde, benaderings, koersaanpassings en strategieë te ontwikkel met die oog op die volgende dekade. Ons wil God se alternatief binne ons konteks uitbou en versterk.

1.6 Die inhoud van hierdie verslag bied belangrike boustene om die sinode te bemagtig om deel te neem aan die ontwerp van so 'n nuwe toekoms. Ons doen dit nederig, afhanklik van God en gerig op God se toekoms. God se voorkeur-toekoms, soos ons dit saam onderskei, begelei ons voorwaarts.

2. STRUKTUUR VAN HIERDIE VERSLAG

2.1 Hierdie verslag word soos volg saamgestel om sinvolle gesprek op die sinode moontlik te maak:

- Basiese **UITGANGSPUNTE**
- **KONTEKS: Suid-Afrika en die Provinsie Oos-Kaap**
 - Oorsig oor die samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking
 - Ekonomie van die Provinsie Oos-Kaap
 - Sosiale en politieke geskiedenis van die Provinsie Oos-Kaap
 - Breë kerklik-godsdienstige profiel van die Provinsie Oos-Kaap.

- **KONTEKS: Die NG Kerk en Sinode Oos-Kaapland**
 - Statistiese profiel en tendense van die breër NG Kerk
 - Feite en tendense ten opsigte van Sinode Oos-Kaapland
 - Storiemuur: Sinode Oos-Kaapland sedert 1990
- **NUWE MOONTLIKHEDE vir die NG Kerk**
 - **Oorsprong van die kerk in die Nuwe Testament** – wat kan ons by die eerste gemeentes leer?
 - Kom ons bou **prototipes van die Koninkryk**
 - **Verbreding van die amp** in die NG Kerk en die moontlikhede wat dit bied
 - Handevat-Gemeentes en die moontlikhede wat dit bied.
- **BYLAE**
 - A4.1: Opsomming: Navorsingstrategie vir missionale transformasie
 - A4.2: Storiemuur: volledige beskrywing van die storiemuur
 - A4.3: Opsomming van die impak van Ringsprojekte oor 21 jaar op ringe, gemeentes en gemeenskappe

UITGANGSPUNTE VAN DIE VERSLAG

3. BASIESE UITGANGSPUNTE

3.1 Die doel van hierdie verslag kan ook soos volg verwoord word: In hierdie verslag word die resultate van praktykgerigte navorsing met die oog op geloofsonderskeiding vir die pad van die kerkverband vorentoe aangeteken.

3.2 'n Aantal **uitgangspunte** is van wesenlike betekenis vir so 'n benadering:

- **God is aktief** aan die werk in die wêreld, en dus ook deur God se kerk. Ons raak bewus van God se teenwoordigheid en aksie in die omgewing en in mense se lewens wanneer ons deur die regte oë met die regte brille kyk;
- Die kerkverband (gemeentes, ringe, sinode) is die eienaar van die probleem of uitdaging. Niemand kan die uitdaging namens die **probleem-eienaar** “oplos” nie. Dit is 'n deelnemende model;
- God is met kerk en wêreld op 'n **vernuwende, herstellende pad**. Dit beteken dat ons eie lewens ook telkens nuut gemaak moet word. Ons bly nie onveranderd nie;
- Ons is geroep om **medewerkers** van God te wees, God skep uit niks; onder God se leiding bou ons met dit wat ons ontvang het. So neem ons deel aan die vernuwing van God se kerk en wêreld.
- God se werk in die wêreld het 'n **sosiale raamwerk, oftewel plot**. God is self 'n heilige gemeenskap van Vader, Seun en Heilige Gees. God stuur sy Seun om ons deur die krag van die Heilige Gees te red en deel te maak van God se nuwe volk op aarde. Ons word kinders van God.
- In diens van God is ons geroep om **sosiale innoveerders** te wees, gelei deur Christus met sy Woord en Gees. Ons reageer op die nood van die wêreld deur medeskeppers van gemeenskappe te wees waarin iets van God se nuwe wêreld beleef word. Die beginsels van sosiale innovasie kan vrugbaar in die Koninkryk toegepas word.

- 'n **Narratiewe en waarderende benadering**: God is nog altyd by ons aanwesig. Ten spyte van talle krisisse, menslike ongehoorsaamheid en uitdagings het God voortgegaan om God se storie met ons te skryf. Wanneer ons ons kerkverband (Sinode Oos-Kaapland, Ringe, Gemeentes) en ons konteks se verhaal vertel, hoor ons van baie probleme. Daar is egter ook 'n alternatiewe lyn, 'n goue draad, wat dui op God se teenwoordigheid. Dit is hierdie **goue draad** wat ons met die oog op die toekoms moet optel, verfyn en versterk.
- Wanneer ons die toekoms tegemoet gaan, produseer ons geen finale antwoorde of bloudrukke vir hoe bediening gaan lyk nie. Ons bou **prototipes** (metodes van bedien wat die **Koninkryk van God** sigbaar maak) en ons toets hulle. Dan pas ons dit aan soos ons vorder. Openheid en leerbaarheid is daarom van die uiterste belang.

3.3 Verdere agtergrond: Bylaag A4.1, Opsomming: 'n Navorsingstrategie vir Missionale Vorming, gee nog breër agtergrond en stel ons bloot aan 'n gestruktureerde manier waarop hierdie soort werk gedoen kan word. Bylaag A4.1 is 'n opsomming van 'n hoofstuk oor praktykgerigte navorsing uit die publikasie *Missional Ecclesiology* wat op die Sinode se webblad beskikbaar is:

<https://ngkok.co.za/sinode2025/artikels/missional-ecclesiology.pdf>.

KONTEKS: SUID-AFRIKA EN DIE PROVINSIE OOS-KAAP

4. SUID-AFRIKA SE BEVOLKING: 'N OORSIG

Suid-Afrika is 'n land met 'n groeiende en veranderende bevolking. Oor die afgelope dekades het die bevolking vinnig toegeneem, en die land se demografiese profiel wys baie belangrike tendense wat ons toekoms beïnvloed. Hierdie paragraaf gee 'n oorsig van bevolkingsgroei, rassiesamestelling, ouderdomsverdeling en die verspreiding van mense oor die provinsies – en fokus spesifiek ook op die ekonomie van die Oos-Kaap.

4.1 Bevolkingsgroei oor 50 jaar

In 1970 het 22,4 miljoen mense in Suid-Afrika gewoon. Teen 2020 het dit gegroei tot 59,3 miljoen – byna 'n verdriedubbeling. Die redes hiervoor sluit in beter mediese sorg, hoër geboortesyfers en 'n algemene toename in lewensverwagting.

4.2 Huidige Bevolkingsamestelling

In 2023 het Suid-Afrika 'n bevolking van 60,4 miljoen gehad. Teen 2050 sal dit na verwagting styg tot sowat 73,5 miljoen. Hierdie groei teen 'n gemiddelde tempo van 1,3% per jaar plaas druk op dienslewering, maar bied ook geleenthede as die regte beleid gevolg word.

4.3 Rassiesamestelling van Suid-Afrika

Suid-Afrika is 'n diverse samelewing:

- Swart Suid-Afrikaners: 80,7%
- Bruin mense: 8,8%
- Blankes: 7,9%
- Indiërs/Asiërs: 2,6%

4.4 Bevolkingsverspreiding per Provinsie

Die bevolking is ongelyk versprei:

- Gauteng: 15,8 miljoen (die mees bevolkte provinsie)
- KwaZulu-Natal: 11,5 miljoen
- Wes-Kaap: 7,1 miljoen
- Oos-Kaap: 6,7 miljoen
- Noord-Kaap: die minste met 1,3 miljoen inwoners

4.5 Ouderdomstruktuur

Die ouderdomsprofiel toon:

- 0–14 jaar: 28,3%
- 15–64 jaar: 66,1%
- 65 jaar en ouer: 5,6%

Hierdie groot groep in werkende ouderdom is 'n belangrike bate – maar net as daar werk beskikbaar is.

4.6 Demografiese Tendense

Tendense sluit in:

- Vrugbaarheid daal (2,33 kinders per vrou in 2010)
- Verstedeliking neem toe (67% van mense bly in stedelike gebiede)
- Die bevolking word ouer – die mediaanouderdom styg

4.7 Uitdagings en Geleenthede

- Werkloosheid is hoog (32,9% in 2022)
- Jeugwerkloosheid is uiters ernstig (59,6%)
- Maar daar is 'n "demografiese dividend": baie mense in werkende ouderdom wat die ekonomie kan help groei – as daar genoeg vaardighede en werksgeleenthede is

4.8 Toekomsvooruitsigte

Teen 2100 sal die bevolking waarskynlik stabiliseer rondom 80 miljoen. Beleidsfokus moet wees op:

- Onderwys en werkskepping vir die jeug
- Voorbereiding vir 'n ouer wordende bevolking

5. DIE EKONOMIE VAN DIE OOS-KAAP

5.1 Oorsig van die Oos-Kaap

Die Oos-Kaap is 168 966 km² groot, met sowat 6,5 miljoen inwoners. Bhisho is die administratiewe hoofstad, maar Gqeberha en Oos-Londen is die grootste stede. Nelson Mandelabaai dra sowat 36% van die provinsie se BBP by met Buffalo City (Oos-Londen) sowat 20%.

5.2 Ekonomiese Sektore in die Oos-Kaap

- **Primêr:** landbou, bosbou en mynbou
- **Sekondêr:** vervaardiging en konstruksie
- **Tersiêr:** handel, dienste en toerisme – en dra die meeste by tot die provinsie se BBP

5.3 Grootte van Oos-Kaapse ekonomiese sektore

Die tersiêre sektor is die grootste en dra die meeste by tot die Oos-Kaap se ekonomie. Die provinsie dra sowat 7,5% by tot Suid-Afrika se totale BBP.

In verhouding tot Namibië:

Ter wille van konteks: hoe vergelyk die Oos-Kaap Provinsie se BBP (bruto binnelandse produk) met dié van Namibië?

Volgens Statistiek Suid-Afrika se jongste data (2022) het die Oos-Kaap 'n BBP van ongeveer R500,95 miljard, wat ooreenstem met US \$30,7 miljard teen daardie jaar se wisselkoers. Dit beklemtoon die provinsie se bydrae van ongeveer 7,5–8% tot die nasionale ekonomie.

Namibië se ekonomie is aansienlik kleiner. Volgens onlangse IMF- en Wêreldbank-data was Namibië se BBP in 2023 ongeveer US \$14,2 miljard (nominaal), en tussen US \$13–14 miljard in 2024–2025.

Die Oos-Kaap se ekonomie is dus ongeveer **2,2 keer groter** as dié van Namibië in terme van nominale BBP. Hierdie vergelyking dui daarop dat die provinsie se ekonomiese omvang selfs internasionaal relevant is — groter as dié van 'n onafhanklike staat met 'n soortgelyke bevolkingstruktuur.

5.4 Belangrike Industrieë

- **Motorbedryf:** Groot vervaardigers soos VW, Ford, Isuzu en Mercedes-Benz
- **Landbou:** Veral sitrus, mielies, skaap- en beesboerdery
- **Toerisme:** Kuslyne en reservate trek baie toeriste
- **Hawens:** Die drie belangrikste hawens is Port Elizabeth, Oos-Londen en die diepwaterhawe Ngqura (Coega)

5.5 Uitdagings in die Oos-Kaapse ekonomie

- Armoedevlakke is baie hoog – dis een van die armste provinsies (onderskei die meer welvarende metropole en westelike gedeelte van die ekstreme armoede van die voormalige Ciskei en Transkei)
- Werkloosheid is wydverspreid, veral in landelike gebiede
- Groot migrasie na stede lei tot druk op stedelike infrastruktuur
- Daar is 'n tekort aan vaardighede

5.6 Werkloosheid per Distriksmunisipaliteit

Werkloosheid verskil van distrik tot distrik:

- Hoogste: Alfred Nzo
- Laagste: Sarah Baartman
- Gemiddeld: OR Tambo, Joe Gqabi, Chris Hani, Amathole

5.7 Geleenthede vir Ekonomiese Groei

- **Motorbedryf:** Kan verder uitgebrei word
- **Toerisme:** Beter infrastruktuur kan meer besoekers lok
- **Landbou:** Agri-verwerking en ondersteuning van produsente
- **Vaardighede:** Opleiding en onderwys is 'n sleutel tot vooruitgang

6. OORSIG: SOSIALE EN POLITIEKE GESKIEDENIS VAN DIE OOS-KAAP

6.1 Distriksmunisipaliteite



6.1.1 'n Kaart van die Oos-Kaap wat die twee metropole, Nelson Mandelabaai en Buffalo City, asook die ses distriksmunisipaliteite aandui, verklap alreeds veel van die geskiedenis.

- **Buffalo City** (vernoem na die Buffelsrivier, met die hawe van Oos-Londen, die hoofsentrum, in die mond van die rivier), en die **Amathole distriksmunisipaliteit**, hoofsentrum Butterworth, (vernoem na die Amatolabergreeks) is die enigste twee entiteite wat na geografiese kenmerke vernoem is.
- **Alfred Nzo** (hoofsentrum Mount Ayliff) is vernoem na 'n anti-apartheidstryder en diplomaat wat as minister van buitelandse sake in Suid-Afrika se eerste demokratiese regering gedien het.
- **OR Tambo** (hoofsentrum Mthatha) is vernoem na 'n sleutelleier van die ANC wat vir dekades in ballingskap gewerk het om internasionale steun teen apartheid te mobiliseer.
- **Joe Gqabi** (hoofsentrum Barkly-Oos) is vernoem na 'n anti-apartheidsaktivis en senior ANC-lid wat as vryheidsvegter en koerantjoernalis gewerk het en in ballingskap vermoor is.
- **Chris Hani** (hoofsentrum Komani / Queenstown), is vernoem na 'n charismatiese anti-apartheidstryder en leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en uMkhonto weSizwe, wat in 1993 in 'n politieke sluipmoord vermoor is.
- **Sarah Baartman** (die administrasie is in Gqeberha gevestig), is vernoem na 'n Khoikhoi-vrou wat in die 19de eeu na Europa geneem en uitbuitend ten toon gestel is, en later 'n simbool geword het van koloniale rassisme en die stryd vir menswaardigheid.

- **Nelson Mandelabaai** (hoofsentrum Gqeberha) is natuurlik na die eerste demokratiese president en politieke gevangene vernoem.

6.1.2 Hierdie name vertolk die *struggle*-geskiedenis van Suid-Afrika in die 20ste eeu, 'n geskiedenis waarvan die mees prominente leiers Oos-Kapenaars was.

6.1.3 Die struggle was gemik teen die effekte van eerste Britse kolonialisme en kapitalisme. Die ontdekking van goud aan die Witswatersrand teen die einde van die 19de eeu het ongeskoolde en daarom laagbesoldigde arbeid benodig om die goud kommersieel volhoubaar te ontgin. Om dit moontlik te maak het 'n stelsel van trekarbeid mans uit onder meer die Oos-Kaap nodig gehad. Terwyl kapitaliste in hierdie proses astronomies verryk is, het familie- en sosiale strukture in die Transkei dit ontgeld. Die Transkei het ook onontwikkeld gebly. Alfred Nzo is die armste van die armer distriksmunisipaliteite.

6.1.4 Die struggle was natuurlik ook teen die uitsluiting van die swart bevolking uit die Unie van Suid-Afrika gemik, en later spesifiek teen die effekte van apartheid. Die stryd het toe 'n gewapende karakter aangeneem. Die meeste distriksmunisipaliteite is vernoem na leiersfigure uit hierdie era.

6.2 Die 19de eeu se sosiale ingenieurswese

6.2.1 Veeboere skuif ooswaarts

6.2.1.1 Nederlandse veeboere uit die Kaap het reeds vanaf die 18de eeu ooswaarts beweeg op soek na weiding en grondgebied vir hulle vee. Só is Graaff-Reinet reeds in 1786 as landdrostdistrik gestig tydens die bewind van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (VOC), en was die vierde landdrostdistrik wat in die Kaapkolonie tot stand gekom het.

6.2.1.2 Reeds in hierdie periode was daar spanning tussen boere (trekkende grensboere) en die Xhosa oor grond, beeste en grenslyne.

6.2.1.3 In die periode 1795-1803 vind die eerste Britse besetting van die Kaap plaas. In 1806 het die Kaapkolonie permanent 'n Britse kolonie geword.

6.2.2 Kontak met die San en die Xhosa

6.2.2.1 Die “Boesmanoorlog” (San-oorlog, 1799-1801) en voortdurende botsings tussen Xhosa-groepe, grensboere en koloniale magte lei daartoe dat die Britte vir die eerste keer aktief met die Xhosa in aanraking kom. Frederick Dundas, 'n Britse kommissaris, en ander offisiere probeer in hierdie tyd onderhandel met Xhosa-leiers, insluitend Ngqika en Ndlambe, oor grensbestendiging.

6.2.2.2 Die San-oorlog van 1799–1801 was 'n reeks gewelddadige konflikte tussen San-groepe (destyds “Boesmans” genoem), koloniale boere, en die Britse garnisoen in die oostelike grensgebied van die Kaapkolonie. Teen die laat 1700's het die San-volke — oorspronklik jagters en versamelaars — al hoe meer grond en natuurlike hulpbronne verloor weens koloniale uitbreiding deur boere, wat hul leefwyse in gedrang gebring het. Hierdie ontheemding het bygedra tot aanvalle op vee, sowel as guerrilla-tipe weerstand van San-groepe teen die koloniale nedersettings. Die Britse militêre owerheid, wat sedert 1795 die Kaap beheer het, het saam met boere en plaaslike kommando's militêre veldtogte teen die San onderneem. Hierdie veldtogte was dikwels meedoënloos, met groot verliese aan San-lewens. Die doel was om hulle “uit te roei of te verdryf” uit die kolonie.

6.2.2.3 Terug by die Xhosa: Die eerste formele diplomatieke en militêre kontak tussen die Britse kolonie en die Xhosa vind dus plaas as deel van pogings om vrede te maak en 'n stabiele grens in die Oos-Kaap te vestig. Hierdie kontak was die begin van 'n lang reeks Grensoorloë tussen die Xhosa en die Britse koloniale owerheid wat sou aanhou tot in 1879.

6.2.2.4 Die onbestendigheid van die verhouding tussen kolonie en die Xhosa is aangevuur deur die kolonie se strewe na meer en meer grond en ooswaartse uitbreiding.

6.2.3 Xhosa-helde uit die 19de eeu

6.2.3.1 In die Xhosa-tradisie is daar verskeie leiers wat in die 19de eeu sterk weerstand teen kolonialisme gebied het, en vandag steeds heldeverering geniet:

- **Hoofman Maqoma** - 'n Begaafde militêre leier van die Ngqika-Xhosa wat verskeie suksesvolle veldtogte teen Britse troepe gelei het tydens die Grensoorloë.
- **Makhanda** – hy was 'n Xhosa-profeet, tradisionele geneesheer en militêre leier. Hy het 'n godsdienstig-politieke beweging gelei en die Xhosa probeer verenig teen Britse koloniale magte. In 1819 het hy die bekende aanval op Grahamstad gelei met duisende krygers. Hy is gevange geneem en later na Robbeneiland gestuur, waar hy verdrink het toe hy probeer ontsnap het. Die dorp Makhanda (voorheen Grahamstad) is in 2018 na hom vernoem, as eerbetoon aan sy nalatenskap.
- **Hoofman Sandile** - Opperhoof van die Ngqika-stam wat aanhou weerstand gebied het teen Britse gesag en in verskeie veldslae aan die oostelike grens betrokke was.
- **Hoofman Hintsa** - Hoof van die Gcaleka-Xhosa wat in 1835 vermoor is terwyl hy onder Britse wag was, en wie se dood 'n simbool van verraad en Xhosa-verset geword het.
- **Hoofman Ndlambe** - 'n Ou vyand van Ngqika wat sterk leierskap getoon het in die mobilisering van Xhosa-magte teen koloniale indringing in vroeë grenskonflikte.

6.2.3.2 Die persone wat vereer word deurdat moderne distriksmunisipaliteite na hulle vernoem is, word gesien as persone wat aan die einde van 'n lang stryd op die skouers van ander staan.

6.2.4 Britse Setlaars

6.2.4.1 Om die Oosgrens te bestendig, het die Britte in 1820 sowat 4,000 Britse Setlaars na die grensgebied gebring. Hierdie lojale Britse burgers moes die oosgrens versterk teen die Xhosa-koninkryke om stabiliteit en beheer in die konflikgeteisterde streek te verseker. Hierdie setlaars het 'n enorme kulturele erfenis nagelaat en dorpe soos Grahamstad en Bathurst het tot stand gekom.

6.2.4.2 Die Britse setlaarsmonument, 'n uitgebreide teaterkompleks te Grahamstad, deesdae Makhanda, is 'n testament vir die bydrae van hierdie belangrike groep.

6.2.5 Vrystelling van slawe

6.2.5.1 Die vrystelling van slawe deur die Britse Kaapkolonie in 1834 het 'n diepgaande impak op verskeie dele van die kolonie gehad, insluitend die Oos-Kaap. Hier is die belangrikste gevolge vir die Oos-Kaap:

- **Ekonomiese ontwrigting vir boere:** Oos-Kaapse boere het sterk op slawe-arbeid gesteun. Die vrystelling het hul arbeid ontnem, en vergoeding was moeilik bekombaar omdat dit in Londen uitbetaal is.
- **Verskuiwings in arbeidsverhoudinge:** Na 'n vierjaar-“leerlingstyd” het vrygestelde slawe self werk begin soek. Dit het die arbeidsmark en plaasverhoudinge verander.
- **Toenemende rass spanning:** Die vrystelling het spanning tussen wit boere en bruin en swart gemeenskappe verhoog. Vrygestelde slawe is dikwels met wantroue bejeën.

- Migrasie en grensverskuiwings: Baie boere het die Britse beleid verwerp en die binneland ingetrek. Dit het die Groot Trek aangevuur, veral vanuit die Oos-Kaap.
- Versterking van sendingstasies en kerk-werk: Sendingstasies het 'n belangrike rol gespeel in die opvang en onderrig van vrygestelde slawe. In die Oos-Kaap het sendelinge, veral van die Londense Sendinggenootskap en die Wesleyaanse sending, aktief geword in opvoeding, werkopleiding en geloofsvorming onder die nuwe vrye bevolking.

6.2.5.2 Samevattend: Die vrystelling van slawe het in die Oos-Kaap gelei tot ekonomiese ontwrigting vir boere, veranderinge in arbeidsverhoudinge, groter rass spanning, migrasie van boere na die binneland, en 'n sterker rol vir sendingstasies. Dit was dus 'n belangrike keerpunt wat die sosiale en ekonomiese landskap van die streek diep geraak het.

6.2.6 Xhosa-uitwissing van Vee

6.2.6.1 'n Prominente tragedie uit die 19de eeu staan bekend as die Xhosa-vee-uitwissing van 1856–1857, en word dikwels eenvoudig die Xhosa-slagting van vee genoem.

6.2.6.2 'n Jong Xhosa-meisie genaamd Nongqawuse het beweer dat voorvaders aan haar verskyn het en gesê het dat die Xhosa al hul vee moet slag en hul oeste moet vernietig. Volgens die profesie sou:

- die voorvaders opstaan,
- die Britte verdwyn,
- en 'n nuwe, voorspoedige wêreld vir die Xhosa aanbreek — met vars beeste, oeste en oorwinning.

6.2.6.3 Die Xhosa-volk het hierdie boodskap op 'n tyd geglo toe hulle reeds gebuk gegaan het onder verliese in grensoorloë, epidemies soos beessiekte, hongersnood en politieke onstabiliteit.

6.2.6.4 Wat was die gevolge?

- Tussen 300 000 en 400 000 beeste is geslag en enorme hoeveelhede koring vernietig.
- Toe die verwagte hergeboorte nie plaasvind nie, het 'n rampspoedige hongersnood gevolg.
- Ongeveer 40 000 mense het gesterf (volgens Hermann Giliomee, sommige gesaghebbende bronne soos Jeff Peires plaas dit tussen 70 000 en 100 000), en duisende is gedwing om werk te soek op koloniale plase of by Britse militêre poste.

6.2.6.5 Sterftes het meestal in die noord en noord-oostelike gebiede van die Oos-Kaap voorgekom, maar distrikte soos Fort Beaufort, Alice, King William's Town (deesdae Qonce) en Oos-Londen is ook geraak.

6.2.6.6 Die gebeurtenis het die Xhosa-politieke en sosiale struktuur drasties verswak en die Britse koloniale beheer oor die Oos-Kaap verder versterk. Hierdie tragiese gebeure word vandag gesien as een van die mees ingrypende selfvernietigende bewegings in Suid-Afrikaanse geskiedenis — gedryf deur wanhoop, koloniale druk en 'n profetiese hoop op verlossing.

6.2.7 Duitse Setlaars

6.2.7.1 Die Britse Setlaars was nie die enigste Europese buffer tussen die kolonie, die veeboere en die Xhosa nie.

6.2.7.2 Die Duitse Setlaars in die Oos-Kaap was hoofsaaklik Duitse immigrante wat tussen 1857 en 1859 na Suid-Afrika gekom het, op uitnodiging van die Britse koloniale owerheid. Die grootste groep — ongeveer 2 000 mense — het in 1857 aangekom. Hulle staan bekend as die Duitse Setlaars van 1857.

6.2.7.3 Die Britse owerhede het hulle gewerf ná die Kaapse Grensoorlog van 1850–1853, toe die oostelike grens van die kolonie weer onstabiel was. Die doel was om die grens te versterk teen verdere konflik met die Xhosa-groepe; geteikende vestiging van lojale Europeërs te bevorder; en ekonomiese ontwikkeling en boerdery in die streek aan te moedig.

6.2.7.4 Hulle is veral gevestig in gebiede soos King William's Town, Stutterheim, Berlin, Frankfort, en Hamburg. Baie van die dorpe het Duitse name gekry en sommige bestaan vandag nog. Die Duitsers het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van infrastruktuur, landbou en die verspreiding van die Lutherse geloof in die streek. Die Duitse setlaars het 'n blywende kulturele en godsdienstige invloed in die Oos-Kaap uitgeoefen, en hul nageslag vorm steeds deel van die plaaslike gemeenskappe.

6.2.8 Die Mfengu

6.2.8.1 Daar het ook 'n derde buffer tot stand gekom.

6.2.8.2 Die Mfengu was 'n groep mense van Nguni-afkoms wat in die 19de eeu in dorpe soos Peddie, Alice, Healdtown en ander dele van die Oos-Kaap gevestig is, meestal onder Britse beskerming. Die Mfengu (of Fingo, soos hulle in koloniale bronne genoem is) het hul oorsprong in verskeie Nguni-volke gehad, insluitend Zulu, Swazi en Bhaca-groepe.

6.2.8.3 Hulle is ontwortel tydens die Mfecane/Difaqane – 'n tyd van groot oorlogvoering en volksverskuiwings in Suidelike Afrika in die vroeë 1800's, veral weens die opkoms van die Zulu-koninkryk onder Shaka. Om hulself te beskerm teen aanvalle, het baie van hulle gevlug en later onder Xhosa-leiers ingeskakel, hoewel hulle nie self as Xhosa beskou is nie.

6.2.8.4 Ná die Sesde Grensoorlog (1834–1835) het die Britse owerhede besluit om die Mfengu vanuit Xhosa-gebiede oor die Kei te hervestig in Brits-beheerde gebiede soos Peddie en Fort Beaufort. Die kolonie het hulle daar gevestig om: 'n lojale bondgenoot teen die Xhosa-volke te hê; die oostelike grens van die Kaapkolonie te versterk met mense wat militêr bruikbaar was; en om as 'buffergemeenskappe' te dien tussen Europese nedersettings en onafhanklike Afrika-koninkryke.

6.2.8.5 Die Mfengu het vroeë opvoeding en sendingwerk aanvaar, wat hulle gunstig laat uitstaan het in die oë van die koloniale owerhede. Hulle het mettertyd 'n invloedryke rol gespeel in onderwys, kerkwerk (veral in die Metodiste en Presbiteriaanse tradisies), en politieke bewussyn.

6.2.8.6 Talle Mfengu-leiers het later belangrike rolle gespeel in politieke organisasies, insluitend die vroeë ANC. Die vestiging van die Mfengu in die Oos-Kaap is dus deel van die koloniale geskiedenis van verdeeldheid en samewerking, maar ook van aanpassing, oorlewing en gemeenskapsopbou.

6.2.8.7 Die Mfengu (die Xhosa terme vir iemand wat in 'n ander se oë moet kyk om 'n lewe te maak) en die tradisionele Xhosa-koninkryke het nooit 'n goeie verhouding gehad nie. Vandaar het die Xhosa twee tuislande in die ou apartheidsontwerp gehad: die Transkei (oos van die Keirivier) en die Ciskei (wes van die Keirivier).

6.2.9 Die Groot Trek

6.2.9.1 Die verhaal van die Oos-Kaap in die 19de eeu is onvolledig sonder om die Groot Trek te noem. Die Groot Trek was 'n massabeweging van hoofsaaklik Afrikaner veeboere (Voortrekkers) wat vanaf die jare 1830's die Kaapkolonie (veral die Oos-Kaap) verlaat het om in die binneland onafhanklik van Britse gesag te gaan woon.

6.2.9.2 Die vernaamste oorsake was ontevredenheid met Britse heerskappy, afskaffing van slawerny (1834) en swak vergoeding daarvoor, inmenging in plaaslike regstelsels wat teen die grein van die veeboere ingegaan het, bv. gelyke regte vir swart mense in howe, onsekerheid aan die oostelike grens (voortdurende oorlog met Xhosa-volke).

6.2.9.3 'n Verdere oorsaak was die strewe na onafhanklikheid, grond en veiligheid: Boere het gevoel hulle het nie beheer oor hul eie lot nie; hulle wou hul eie politieke en kulturele vryheid behou.

6.2.9.4 Die Groot Trek het boere geraak in verskeie Oosgrensdistrikte van die destydse Kaapkolonie soos Graaff-Reinet, Cradock, Tarkastad, Uitenhage, Somerset-Oos en Colesberg. Hier het die meerderheid trekboere gewoon wat met ossewaens noord en oos getrek het.

6.2.9.5 Die Groot Trek het 'n kern-mite (simboliese gebeure wat identiteit beskryf) in Afrikaner-identiteit geword. Die Groot Trek was dus nie net 'n geografiese skuif nie, maar 'n politieke, kulturele en emosionele breuk met Britse koloniale beheer, met blywende gevolge vir Suid-Afrika se geskiedenis.

6.3 Konklusie oor die 19de eeu

6.3.1 Die moderne sosiale en kulturele diversiteit van die Oos-Kaap is dus in 'n groot mate die gevolg van die sosiale ingenieurswese van die Britse kolonie in die 19de eeu. Harde realiteite, soos die ekonomiese stagnasie van die oostelike deel van die provinsie (die voormalige Transkei) en 'n tradisie van konflik stam uit die 19de eeu.

6.3.2 Die uitstekende skole en die swart universiteite, Fort Hare, waar geslagte van leiers uit Afrika opgelei is, is deel van die blywende erfenis wat uit die 19de eeu dateer.

6.3.3 Die gewelddadige aard van die konflik in die smeltkroes van die ontmoeting tussen Brit, Boer, San en Xhosa sou die voorspel wees tot stygende konflik wat tot aan die einde van die 20ste eeu sou voortduur.

6.3.4 Naas die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het van die ergste konflik oor die loop van 'n geweer in die 19de eeu in die Oos-Kaap plaasgevind.

6.3.5 Soos in die res van Suid-Afrika, maar tog op 'n besondere wyse, is **generasionele trauma**, die **gevolge** en die **genesing** daarvan. 'n Belangrike tema vir die kerk.

7. OORSIG: GODSDIENSTIGE PROFIEL VAN DIE OOS-KAAP

Die Oos-Kaap is nie net ryk aan natuurlike hulpbronne en kulturele diversiteit nie, maar ook aan geestelike en godsdienstige lewe. Hierdie deel gee 'n oorsig van kerklike tendense, denominasies, en die uitdagings én geleenthede wat kerke in die streek ervaar.

7.1 Denominasies in die Oos-Kaap

7.1.1 In die Oos-Kaap is daar 'n wye verskeidenheid Christelike kerke. Bekende hoofstroom-denominasies soos die NG Kerk, die Anglikaanse Kerk en die Metodistekerk is goed gevestig. Daar is egter ook 'n groot teenwoordigheid van Afrika Onafhanklike Kerke (AOK's), wat dikwels meer charismaties van aard is en sterk ingebed is in plaaslike kultuur.

7.2 Ledetal van Hoofgodsdienste

- **Christendom:** Die meerderheid van mense in die Oos-Kaap identifiseer as Christene.
- **Tradisionele Afrika-Gelowe (TAG):** Hierdie gelowe het steeds 'n beduidende aanhang, veral in landelike gebiede.
- **Islam, Hindoeïsme en Judaïsme:** Hierdie godsdienste het kleiner gemeenskappe, maar is wel deel van die religieuse landskap.

7.3 Demografiese Veranderinge

7.3.1 Verskeie faktore beïnvloed hoe kerke funksioneer:

- **Verstedeliking:** Gemeentes in die platteland krimp, terwyl stedelike gemeentes groei.
- **Vergrysing:** In sommige denominasies word lidmate al hoe ouer, met minder jongmense wat betrokke raak.
- **Jeugbetrokkenheid:** Kerke sukkel dikwels om jong mense aktief by geloofsgemeenskappe te hou.

7.4 Sosio-ekonomiese kwessies

7.4.1 Kerke in die Oos-Kaap staan dikwels op die voorpunt van gemeenskapsontwikkeling:

- **Armoede:** Hoë vlakke van armoede en werkloosheid het 'n direkte impak op die kerk se bediening.
- **Maatskaplike Ontwikkeling:** Baie kerke doen belangrike werk in gemeenskapsprojekte soos sokkombuise, kinderontwikkeling en rehabilitasie.
- **Finansiële Volhoubaarheid:** Baie gemeentes sukkel om finansiële volhoubaarheid te bly, veral in kleiner landelike gebiede.

7.5 Teologiese en kulturele kwessies

7.5.1 Kerke word ook gekonfronteer met interne en eksterne spannings:

- **Aanbiddingstyle:** Daar is spanning tussen tradisionele en moderne aanbiddingsmetodes.
- **Interkerklike Samewerking:** Ekumeniese verhoudings is belangrik vir die kerk se invloed en impak. Daar is baie goeie samewerking op plekke, maar elders kerklike isolasie.
- **Teologiese Standpunte:** Kerke moet verskeie uiteenlopende menings oor sosiale, morele en geestelike sake hanteer.

7.6 Toekomsvooruitsigte

7.6.1 Die toekoms hou uitdagings én hoop in:

- **Geleentheid vir Groei:** Daar is steeds 'n oop deur vir kerke om te groei, veral waar hulle relevant bly en betrokke is.
- **Aanpasbaarheid:** Gemeentes wat kreatief en veerkragtig is, bly meer volhoubaar.
- **Gemeenskapsontwikkeling:** Die kerk se rol as gemeenskapsanker kan verder uitgebou word deur dienslewering, jeugbediening en vaardigheidsontwikkeling.

7.6.2 Hierdie kerklike profiel toon duidelik dat die geloofslawe in die Oos-Kaap steeds lewendig is, maar ook dat daar harde werk en vars denke nodig is om getrou aan die evangelie, relevant en betrokke te bly. Die kerk het 'n unieke geleentheid om saam met gemeenskappe die toekoms te vorm – geestelik, sosiaal en ekonomies.


KONTEKS: NG KERK EN SINODE OOS-KAAPLAND

8. BREËR NG KERK: STATISTIESE PROFIEL EN TENDENSE

8.1 Getalle: gemeentes en predikante

8.1.1 Grafiek 1 gee die verskuiwing in die aantal gemeentes en aantal predikante vir die periode 1986 tot 2025 weer:

GRAFIEK 1: Aantal gemeentes en predikante 1986 tot 2025



8.1.2 Die onderliggende getalle agter hierdie syfers lyk as volg (Bron: Kerkjaarboek):

TABEL 1: Gemeentes en Predikante:

	1986	2000	2013	2025	Tendens
NG Gemeente	1,254	1,238	1,143	1,065	-15%
NG Predikante	1,946	1,972	1,562	1,135	-42%

8.1.3 Die hele predikantekorps bestaan uit die volgende groeperings ooreenkomstig die kodes vir poste wat die Algemene Bedieningsregister gebruik.

TABEL 2: Profiel van predikantsposte


Kode	Beskrywing	Aantal
A01	Predikant, voltyds in gemeente	745
A02	Predikant (Tentmaker)	21
A03	Predikant (Vastertermynpos)	87
A04-A06	Kapelane, NG Dosente en ander	43
A07	Predikant (Kerklike pos)	29

A4: Navorsing (Praktykgerigte Onderskeiding)

A08	Predikant (Deeltyds)	68
A09	Predikant (Beroepbaar)	174
C01	Emeritus (Werkzaam)	126
C02	Emeritus (Uitgetree)	1,423
C03	Emeritus (Bo 70, pastorale hulp)	50

8.1.4 Die getalle van belydende en dooplidmate het soos volg oor die periode 1986 tot 2025 gekrimp:

GRAFIEK 2: Getalle: Belydende en Dooplidmate 1986 tot 2025



8.1.5 Die onderliggende getalle lyk as volg:

TABEL 3: Getalle belydende en dooplidmate 1986 tot 2025

	1986	2000	2013	2025	Tendens
Belydend	967,810	918,790	803,877	552,766	-43%
Doop	464,096	464,096	329,047	221,103	-68%

8.2 Tendense: Gemeentes en Predikantsposte

8.2.1 Die volgende tendens kan aangestip word:

- Sinode Oos-Kaapland volg presies dieselfde patroon as die NG Kerk
- Sedert 2015 verloor die kerk sowat 60 voltydse predikantsposte per jaar, dit beteken meer as een pos per week, in totaal 432 poste
- Sedert 1986 het predikantsposte met meer as 800 verminder
- Sedert 2015 het die aantal gemeentes met 4.2% afgeneem, sedert 1986 met 15%

8.2.2 Gevolgtrekkings:

- Terwyl die vermindering van predikantsposte versnel, verstadig dié van gemeentes
- Gemeentes is meer standhoudend as predikantsposte
- Gemeentes het planne beraam sodat bediening kan voortgaan
- Kerk se finansiële vermoë om teologies op te lei, verminder.

8.3 Tendense: Teologiese opleiding

8.3.1 Tydens die Algemene Sinode 2023 het 'n volledige verslag van die Algemene Kuratorium gedien, onder meer oor die syfers van studente wat opgelei word.

8.3.2 Dit blyk dat teologiese opleiding 'n duur onderneming aan 'n universiteit is, selfs nadat staatsubsidie in berekening gebring word. Nietemin plaas die Gereformeerde tradisie 'n baie hoë premie op teologiese opleiding.

8.3.3 Voltydse eerste loopbaan teologiese studente neem af aan die drie teologiese fakulteite wat geakkrediteer is om predikante op te lei: Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch.

8.3.4 Deeltydse nie-residensiële studente vir tweede-loopbaan predikante styg egter.

8.3.5 Sedert die algemene Sinode van 2019 die ampte verbreed het tot predikante, diensleraars en bedienaars (opgeleide ouderlinge en diakens) het 'n nuwe groepering na vore gekom. Die getalle vir diensleraars (B.Th-graad aan die Hugenote Kollege) en die Kerklik Geakkrediteerde Sertifikaat in Teologie (KAST) styg dramaties.

8.4 Gevolgtrekkings oor getalle en teologiese opleiding

8.4.1 Daar is 'n duidelike verband tussen die aantal gemeentes, die grootte van die gemeentes en die aantal beskikbare predikantsposte.

8.4.2 Hoewel talle gemeentes nie langer die tradisionele predikant wat teen 'n middelklas inkomstevlak vergoed word, kan bekostig nie, is daar by gemeentes die behoefte om te bly voortbestaan as geloofsgemeenskap.

8.4.3 Die bestaande ampsmodel van die NG Kerk (predikante opgelei vir ses jaar) kan – gemeet aan volhoubaarheid - nie langer die enigste opsie wees nie.

9. FEITE EN TENDENSE T.O.V. SINODE OOS-KAAPLAND

9.1 Oudste gemeentes

9.1.1 Die NG Kerk Graaff-Reinet is in 1792 gestig. Dit is die oudste gemeente in Oos-Kaapland en die sesde oudste gemeente van die NG Kerk. Uitenhage is in 1817 gestig, die tiende oudste gemeente van die NG Kerk. Cradock volg in 1818, die elfde oudste. Colesberg uit 1826 is die agttiende op die lys. Albanie, 1831, nommer 21. Burgersdorp, 1846, is nommer 34 op die lys. Humansdorp, 1849, is nommer 40. Aliwal-Noord, 1852, is nommer 51. Queenstown, 1853, is nommer 55 en Alexandria, 1854, nommer 56. In 1855 volg ook Jansenville, Murraysburg en Aberdeen. In 1856 volg Dordrecht, Lady Grey in 1861, Tarkastad in 1863, en Willowmore in 1864.

9.1.2 Hierdie gemeentes tel onder die eerste 100 van die NG Kerk se gemeentes.

9.1.3 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is as gemeentes en ringe dus byna van die begin af deel van die bestaan van die NG Kerk in Suid-Afrika, en was ook goed verteenwoordig by die eerste sinodale vergadering wat in 1824 in Kaapstad gehou is.

9.2 Stigting en geskiedenis van Sinode Oos-Kaapland

9.2.1 Die Sinode het in 1973 van Sinode Wes-Kaap afgestig. Daar was op daardie stadium groot verwagtinge van finansiële groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat moontlik daartoe gelei het dat die Sinode se finansiële vermoë oorvra is deur bv. volle verantwoordelikheid vir die sendingwerk in die Transkei te aanvaar. Die aanstelling van verskeie predikante in sinodale diens, 'n hospitaalleraar en

bestuurders vir maatskaplike dienste en inrigtingsorg het sy tol geëis. Die oprigting van 'n eie sinodale sentrum het ook tot verdere finansiële druk gelei.

9.2.2 Teen 1993 was dit duidelik dat die Sinode nie langer 'n volle struktuur van dienste kon bekostig nie. Daar is besluit om nie langer verantwoordelikheid vir die sendelinge in die Transkei te aanvaar nie, en 'n proses van afwenteling het begin. CM-Rade en inrigtings is na Ringe en plaaslike gemeentes oorgedra en verskeie poste van predikante in sinodale diens is getermineer.

9.2.3 Die Sinode kies in hierdie tyd vir 'n gemeentesentriese fokus, met die Sinode se rol om gemeentes te ondersteun. Sinodale Kommissies vir Jeug, Leer- en Aktuele Sake, Vrouebediening, Sending en Gemeentebediening het voortbestaan.

9.2.4 Teen 2002 volg 'n behoorlike teologies-strategiese beplanning waar die Sinode se visie, roeping, taak en rol behoorlik teologies gefundeer word. Sinodale Kommissies word afgeskaf. Die fondse wat in die verlede hiervoor geallokeer sou word, word nou aangewend vir Ringsprojekte (sedert 2005). Dit beteken dat Ringe vir Koninkryksprojekte kon aansoek doen.

9.2.5 Waar 'n komplekse formule vir die berekening van sinodale heffings steeds na 1993 gevolg is, word die formule nou op 'n lae persentasie van gemeentes se bruto inkomste vasgestel. Die Sinode funksioneer dus nou met 'n inkomste-begroting. Dit beteken die inkomste is 'n vaste bedrag en dit is alleenlik die syfer wat vir besteding beskikbaar is.

9.2.6 Die herstrukturering van die Sinode was tydig en profeties. Sedertdien het prakties gesproke al die ander Sinode van die NG Kerk (moontlik met uitsondering van een) deur soortgelyke rasionaliseringsprosesse gegaan.


9.3 Reflekteer die samestelling van die bevolking

9.3.1 Hoewel die grense van die Sinode merendeels ooreenstem met die Provinsie van die Oos-Kaap wat sedert 1994 tot stand gekom het, is daar enkele gemeentes wat óf in Provinsie Wes-Kaap of Provinsie Noord-Kaap val. Een gemeente in die provinsie, Matatiele, is ingedeel by die Sinode KwaZulu-Natal.

9.3.2 Die Oos-Kaap se bevolking vertoon die volgende kenmerke:

- Die nageslagte van veeboere en die San woon veral in die westelike deel van die Oos-Kaap. Dit is die mees Afrikaanse gedeelte van die provinsie.
- Die nasate van die Britse en Duitse Setlaars woon in die sentrale gedeelte. Terwyl die oostelike deel van die provinsie meestal Xhosa-sprekendes huisves.
- Die westelike gedeelte van die provinsie is die ylste bevolk, maar ook die mees welvarende. Die oostelike gedeelte (voormalige Transkei) is die digste bevolk maar ook minder finansiële sterk.

TABEL 4 – Bevolkingsdigtheid van distriksmunisipaliteite



9.3.3 Volgens hierdie kaart is die landelike OR Tambo-distriksmunisipaliteit (hoofsentrum Mthatha) die digste bevolk, en val in dieselfde kategorie van bevolkingsdigtheid as Nelson Mandelabaai.

9.3.4 As steeds hoofsaaklik wit kerk, is dit logies dat die gemeentes van die NG Kerk spesifiek in die westelike en sentrale gedeelte van die provinsie gesentreer is.

STORIEMUUR: NG KERK IN OOS-KAAPLAND

Wat het met gemeentes, ringe en die sinodale verband hier in die Oos-Kaap gebeur terwyl al die gebeure en erfenisse uit die verlede, die wel en weë van die NG Kerk en die harde realiteite van die ekonomie en politiek op ons inspeel?

Meer as 40 leiers uit ons Sinode het in Maart 2025 sáám 'n storiemuur gebou om die storie te vertel. Dit het ons verras.

10. STORIEMUUR: VERHAAL VAN SINODE OOS-KAAPLAND SEDERT 1990

*Hierdie is 'n opsomming van die verhaal van Sinode Oos-Kaapland soos deelnemers aan die Leiersberaad dit in Maart 2025 opgestel het. Verwys **BYLAAG A4.2** vir die filosofie, teorie en volledige beskrywing van die storiemuur.*

10.1 Uitgangspunt

10.1.1 Die storiemuur werk met 'n narratiewe benadering en stel die probleemverhaal teenoor die alternatiewe verhaal.

10.1.2 'n Narratiewe benadering beklemtoon dat 'n persoonlike of gemeenskap se verhaal altyd twee verduidelikings na vore kan bring. Daar is 'n probleemverhaal, wat fokus op probleme wat herhaal en gebeur wat herhaaldelik skeefloop. Daar is egter ook altyd 'n alternatiewe verhaal aanwesig. Te midde van al die probleme is daar alternatiewe uitkomst. Indien hierdie hoopvolle, alternatiewe uitkomst met mekaar verband word, skep dit uitsig op 'n hoopvolle toekoms.

10.1.3 Vervolgens word enkele elemente van die verhaal opgesom:

1990 - 2000

10.2 'n Nuwe samelewing en 'n nuwe weg vir die Kerk: 1990–2000

10.2.1 Vergifnis en versoening

Die 1990's was 'n tyd van oorgang en groot verandering. In 1990 het prof. Willie Jonker by die Rustenburg-kerkeberaad namens die NG Kerk om vergifnis gevra vir apartheid. In 1994 het pres. Nelson Mandela die Algemene Sinode toegesprek by die sogenaamde “Sinode van Versoening”. Hierdie simboliese daad het bygedra tot 'n pad van versoening in die land en in die kerk.

10.2.2 Die samelewing verander drasties

Met die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het Suid-Afrika van 'n volksgesentreerde na 'n individue-gesentreerde samelewing beweeg. Eenvormige groepsidentiteit het plek gemaak vir diverse individuele identiteite. Die kerk en gemeenskappe moes nuwe gesagstrukture, waardes en identiteit probeer verstaan. Die eens sterk invloed van kerk en tradisie het plek begin maak vir individuele keuses en selfverwesenliking.

10.2.3 Die Kerk Hervorm

Die kerk het aktief begin soek na haar roeping in die nuwe tyd. In 1990 is vroue tot die amp toegelaat, en in 1994 is die eerste vrou as predikant georden. Gemeentes het selgroepe en evangelisasieprogramme begin gebruik om lidmate toe te rus. Strategiese beplanning het kerkrade gehelp om nuut te dink oor roeping en bediening.

10.2.4 Afwenteling en vernuwing

Die Sinode van Oos-Kaapland het in 1993 'n besluit geneem om minder afhanklik van sentrale strukture te wees. Dienste soos CMR en hospitaalleraars is oorgedra aan gemeentes. Alhoewel dit pynlik was, het dit sinodale strukture meer volhoubaar gemaak. Die strewe na kerkeenheid het ook nuwe energie gekry, en die era van die internet het begin.

2000 - 2010

10.3 Netwerke, vernuwing en gemeentegroei – 2000-2010

10.3.1 Nuwe Manier van Kerkwees

Hierdie dekade het die opkoms van netwerke in gemeentes gebring. Gemeentes het begin om buite tradisionele strukture te dink en nuwe roepingsmoontlikhede te ontdek. Die Netwerk vir Gestuurde Gemeentes was een van die belangrikste bewegings van dié tyd.

10.3.2 Erediensvernuwing

Liedere, musiekstyle en erediensuitlegte het verander. Gemeentes het kansels verwyder, en predikante het nader aan die mense beweeg. Gemeentebestuur het eenvoudiger geword, en lidmate het aktiewer begin deelneem.

10.3.3 Opleiding en Toerusting

Die Sinode het kursusse ontwikkel vir ouderlinge om eredienste te lei, en pastorale opleiding vir lidmate aangebied. 'n Nuwe Liedboek is bekendgestel, maar ook populêre geestelike musiek is meer algemeen gebruik.

10.3.4 Kerkeenheid en Belydenis van Belhar

Die Belydenis van Belhar is as 'n amptelike belydenis oorweeg. 'n Konvent vir Eenheid is in Cradock gehou en Sinode Oos-Kaapland was aktief betrokke.

10.3.5 Dissipelskap en Spiritualiteit

Daar was nuwe fokus op geestelike groei. Modelle soos dié van ds. Deon Loots en ds Gys van Schoor het gehelp met die ontwikkeling van dissipelskap in gemeentes.

2010 - 2020

10.4 Onsekerheid, Uitdagings en Spirituele Diepgang: 2010-2020

10.4.1 Politieke en Maatskaplike Verval

Hierdie dekade is gekenmerk deur korrupsie, swak dienslewering en toenemende geweld. Gemeentes het dikwels in sinisme en twyfel oor leierskap gedeel.

10.4.2 Strewe na Plaaslike Oplossings

Die kerk het weggebeweeg van sentrale gesag. Gemeentes het self begin besluit hoe hulle sake hanteer, soos byvoorbeeld besluite oor selfdegeslagverhoudings (SGV). Hierdie besluit het egter tot konflik gelei en nuwe groeperinge binne die kerk laat ontstaan, soos die Koinonia-groep.

10.4.3 Ampshervorming en Vernuwing

Opleiding vir Bedienaars en Diensleraars is begin. Hierdie is mense wat in voltydse bediening is, maar nie as tradisionele predikante werk nie.

10.4.4 Fokus op Spiritualiteit

Dr. Andrew Murray se kontemplatiewe spiritualiteit het nuwe belangstelling geniet. Gemeentes het weer gevra wat dit beteken om werklik kerk te wees in 'n uitdagende wêreld.

2020 - 2025

10.5 Covid, gemeenskapsvernuwing en die soeke na sin: 2020-2025

10.5.1 Die Jaar van Covid

In 2020 het die wêreld tot stilstand gekom. Inperking het normale kerklewe ontwig, maar dit het ook nuwe maniere van bediening oopgemaak: WhatsApp, Zoom, aanlyn eredienste en selfs eredienste op die parkeerterrein.

10.5.2 Nuwe Manier van Kerkwees

Tegnologie het gehelp om kontak te behou, maar ook gewys dat fisieke teenwoordigheid belangrik is. Die pandemie het almal gedwing om weer te dink oor wat kerk regtig beteken.

10.5.3 Diensbaarheid in Krisis

Gemeentes het betrokke geraak by noodleniging, veral deur voedselverspreiding. Projek "Against Hunger" in Gqeberha is een voorbeeld. Diakonaat het weer sentraal geword.

10.5.4 SGV en Verdeeldheid

'n Lang proses van besinning oor selfdegeslagverhoudings het tot verdere polarisasie gelei. Die Algemene Sinode se besluite is deur party ondersteun, maar het tot dolering en selfs skeuring in ander gelede gelei. Die Namibiese Sinode het in 2025 bande met die Algemene Sinode verbreek.

10.5.5 Die Pad Verder

Die kerk beleef steeds lidmaat-afname, maar ook 'n verdieping in spiritualiteit en roeping. Die Sinode Oos-Kaapland fokus op betekenisvolle bediening te midde van verval, trauma en veranderende realiteite.

Hierdie opsomming toon aan hoe die NG Kerk, en veral die Oos-Kaaplandse Sinode, oor die afgelope vier dekades gesoek het na 'n getroue manier om kerk te wees in 'n veranderende wêreld. Te midde van pyn, konflik, vernuwing en hoop, het die kerk telkens weer probeer om te luister na God se stem en Hom te dien in elke nuwe tyd.

11. REFLEKSIE OOR DIE DATA (OPSOMMEND)

11.1 Die Oos-Kaap bevind haarself in 2025 as 'n provinsie met 'n komplekse erfenis en dinamiese toekomsuitdagings.

11.2 Demografies gesien, is dit 'n streek van sterk bevolkingsgroei en merkwaardige diversiteit, maar ook van ongelykhede. Sedert 1970 het Suid-Afrika se bevolking byna verdriedubbel, en die Oos-Kaap huisves vandag sowat 6,7 miljoen mense — digbevolkte, arm landelike streke in die ooste staan in kontras met welvarender, ylbevolkte gebiede in die weste. Die demografiese venster van 'n groot werkende bevolking bied moontlikhede vir groei, maar die hoë werkloosheid (veral jeugwerkloosheid) bedreig hierdie voordeel.

11.3 Ekonomies het die provinsie 'n veelkantige profiel: 'n BBP van sowat R501 miljard, 2,2 keer groter as Namibië s'n, met sterk voertuigproduksie, landbou en toerisme as drywers. Tog bly armoede, migrasie na stede, en 'n tekort aan vaardighede diepgewortelde struikelblokke. Nelson Mandelabaai en Buffalo City dra saam meer as die helfte van die BBP by, wat die belang van stedelike ekonomiese kerne bevestig.

11.4 Histories dra die Oos-Kaap die littekens van 19de-eeuse sosiale ingenieurswese, koloniale oorloë, die vrystelling van slawe, die Xhosa-vee-uitwissing en die vestiging van Britse, Duitse en Mfengu-gemeenskappe. Hierdie geskiedenis het grense, bevolkingsamestelling en ekonomiese ongelykhede gevorm, en generasionele trauma nagelaat. Die streek is ook geboorteplek en bedieningsveld van verskeie strydfigure wat in die Suid-Afrikaanse vryheidsnarratief sentraal staan.

11.5 Kerklik wys die profiel op 'n ryk maar veranderende geloofslandskap: sterk gevestigde hoofstroomkerke, 'n groot teenwoordigheid van Afrika Onafhanklike Kerke, en groeiende uitdagings soos vergrysing, jeugonttrekking en finansiële druk. Kerke speel 'n kritieke rol in gemeenskapsontwikkeling, maar moet toenemend kreatief en aanpasbaar wees om relevant te bly.

11.6 Die NG Kerk in Oos-Kaapland weerspieël die breër tendense van die kerk in Suid-Afrika: 'n langtermyn-afname in lidmate en predikantsposte, maar ook 'n soeke na nuwe bedieningsmodelle, die opkoms van diensleraars, en groter plaaslike selfstandigheid. Die storiemuur van 2025 toon hoe die Sinode sedert 1990 deur politieke verandering, ekonomiese verval, morele krisis en interne verdelings beweeg het — maar ook hoe vergifnis, vernuwing, diensbaarheid en tegnologiese aanpassing telkens nuwe roetes oopgemaak het.

11.7 Sentrale tendens: Die Oos-Kaap is 'n plek van sterk kontraste — histories, ekonomies, sosiaal en kerklik. Die uitdaging én geleentheid lê daarin om hierdie erfenis te verstaan, ongelykhede aan te spreek, en die potensiaal van sy mense te ontsluit deur vaardigheidsontwikkeling, ekonomiese innovasie en gemeenskapsgebaseerde roepingswerk. Hierin kan die kerk 'n onmisbare rol speel as draer van hoop, versoening en gesamentlike toekomsbou.

DIE NUWE TESTAMENT WERP LIG

12. GOD SE AKSIE SKEP DIE KERK

12.1 Die verhaal van die Oos-Kaapse Kerk begin by die aksie van God om 'n volk te versamel, sy Seun te stuur en die Heilige Gees oor die kerk uit te stort. Die Nuwe Testament en die getuienis van die apostels help ons die identiteit van die Drie-enige God raaksien, en God se reddende aksie in die geskiedenis.

12.2 Soos die aanhaling aan die begin van hierdie verslag sê:

Die Heilige Gees het op die oggend van Pinkster op die dissipels gekom om hulle toe te rus vir die sending wat aan hulle toevertrou is (sien Handeling 2:1–41). God se plan om die wêreld te red – wat soms met die Latynse uitdrukking missio Dei (die sending van God) aangedui word – gebeur deurdat Hy die Seun en die Heilige Gees stuur. Hierdie reddingswerk van die Drie-enige God is noodsaaklik om die kerk reg te verstaanⁱⁱ.

12.3 Wanneer ons na die identiteit en roeping van die kerk in die Nuwe Testament kyk, val daar nuwe lig op ons pad met God in ons eie konteks.

12.4 Die fokus is dus op die toekoms. God se voorkeur-toekoms vir ons.

13. DIE KERK IN DIE NUWE TESTAMENT

Hierdie paragraaf is 'n opsomming van 'n artikel deur prof Marius J Nel wat volledig van ons Sinode se webblad afgelaai kan word: <https://ngkok.co.za/sinode2025/artikels/NT-church-MJ-Nel.pdf>.

13.1 Inleiding

Die Nuwe Testament vertel nie vir ons presies hoe elke gemeente vandag moet lyk nie. Maar dit wys vir ons hoe die eerste Christene in verskillende plekke hulle gemeentes georganiseer het. Dit help ons om vandag as kerk beter te verstaan wat ons roeping is en hoe ons kan leef soos God dit wil.

13.2 Verskillende tradisies oor die kerk in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament kry ons verskillende maniere waarop mense die kerk verstaan het. Paulus was een van die belangrikste stemme. Later het ander soos Lukas, Johannes, en die skrywers van briewe soos Hebreërs en Petrus ook hulle eie insigte gehad. Elke tradisie wys hoe die kerk verskillend gelyk het, afhangend van die tyd, plek en mense. Die kerk was nooit eenvormig nie, maar altyd besig om te leer en aan te pas by wat God doen.

13.3 Die kerk volgens Paulus

Vir Paulus is dit ondenkbaar dat jy 'n Christen kan wees sonder om deel te wees van 'n geloofsgemeenskap. Die kerk is:

- Die liggaam van Christus – baie lede met verskillende gawes, maar een liggaam.
- 'n Nuwe gemeenskap waar almal een is, ongeag geslag, ras of klas.
- 'n Familie van God – waar mense mekaar as broers en susters sien.
- 'n Tempel waarin God woon deur sy Gees.

Paulus beklemtoon dat ware eenheid nie beteken almal is dieselfde nie, maar dat almal deel is van dieselfde liggaam, saamgevoeg deur hulle geloof in Jesus.

13.4 Die kerk volgens Johannes

Johannes beklemtoon dat die eenheid van die kerk gewortel is in die eenheid tussen Jesus en die Vader. Hierdie eenheid is nie iets wat ons maak nie – dit kom van God. Ons moet dit net uitleef.

Volgens Johannes:

- Is die kerk 'n sigbare gemeenskap van mense wat saam in liefde en gehoorsaamheid leef.
- Is daar net een herder en een trop – nie verskillende gemeentes vir verskillende groepe mense nie.

13.5 Die plaaslike gemeente

In die Nuwe Testament beteken “kerk” meestal die groep gelowiges wat op 'n spesifieke plek bymekaarkom. Hulle het mekaar ontmoet in huise. Hulle het saam gebid, gesing, geskifte geles, en vir mekaar omgee.

Die kerk het:

- Iets van 'n struktuur gehad, met leiers, take, en verantwoordelikhede.
- Gefokus op die opbou van gelowiges deur lering.
- God aanbid en die teenwoordigheid van Christus ervaar.

Dit is opvallend dat Paulus nooit aparte gemeentes vir verskillende kultuurgroepe begin het nie. Daar was een kerk op een plek – vir almal.

13.6 Die kerk as beweging

Hoewel gemeentes plaaslik was, het hulle ook geweet hulle is deel van iets groter – God se wêreldwye beweging. Gemeentes het:

- Vir mekaar gebed en mekaar ondersteun.
- Saam vergader en saam besluite geneem.
- Geen hiërargie gehad nie – elke gemeente was die kerk op sy plek.

13.7 Die rol van die gemeente in Jerusalem

Die gemeente in Jerusalem het 'n belangrike rol gespeel toe daar meningsverskille was. In Handeling 15 lees ons van 'n groot vergadering waar die leiers besluit het dat mense nie eers Jode hoef te word om Christene te wees nie. Hulle het besluit op grond van wat die Heilige Gees vir hulle gewys het. Hierdie eenheid in verskeidenheid was belangrik.

13.8 Gemeentes as prototipes van die Koninkryk

Die idee van *prototipes* help ons verduidelik hoe die eerste Christene hul gemeentes georganiseer en geleef het.

13.8.1 Wat beteken 'n prototipe van die Koninkryk van God?

'n **Prototipe** is soos 'n voorbeeld of model. Die vroeë gemeentes het elkeen op hulle eie manier probeer om te wys hoe God se Koninkryk op aarde kan lyk. Hulle het nie almal presies dieselfde gedoen nie, maar hulle het almal probeer leef volgens Jesus se boodskap.

Vandag praat teoloë van die gemeente as **voorsmaak, teken en instrument van die Koninkryk**.

13.8.2 Verskillende prototipes in die Nuwe Testament

- Daar was nie net een manier om kerk te wees nie. Paulus het een manier gehad, Johannes 'n ander, en ander boeke in die Nuwe Testament (soos Petrus, Jakobus, Hebreërs) wys weer ander maniere.
- Hierdie verskille het te make gehad met verskillende plekke, mense, kulture en probleme. Elke gemeente het aanpassings gemaak sodat hulle as gelowiges kon saamleef op 'n manier wat getrou bly aan Jesus.

13.8.3 Wat is belangrik aan hierdie verskille?

- Dit wys dat die vroeë kerk nie 'n kopie van mekaar was nie, maar dat daar ruimte was vir verskeidenheid.
- Wat hulle gemeen gehad het, was hulle geloof in Jesus – dít het hulle eenheid gegee, selfs al het hulle verskillend gelyk.
- Hierdie prototipes help ons vandag om te verstaan dat ons ook mag vra: “Hoe kan óns gemeente vandag God se Koninkryk wys in ons eie omstandighede?”

13.8.4 Leer by die eerste Christene

Ons word dus vandag nie forseer om een spesifieke model te volg nie. Ons kan leer uit hoe die eerste Christene probeer het om as gelowiges saam te leef, sodat ons ook kan ontdek hoe om God se Koninkryk vandag sigbaar te maak.

13.9 Slotgedagtes oor die kerk in die Nuwe Testament

Die belangrikste ding wat ons uit die Nuwe Testament leer, is dat die kerk 'n sigbare, plaaslike én wêreldwye gemeenskap is. Dit is mense, 'n volk, wat geroep en gestuur is om te doen wat God doen in die wêreld. Ons is nie net 'n godsdienstige organisasie nie – ons is deel van God se sending.

'n Missionale kerk moet dus:

- Let op wat God in die wêreld doen.
- Fokus op beide plaaslike én wêreldwye betrokkenheid.
- Eenheid utiveef, al is daar verskeidenheid.

ONS STREWE OM DIE EVANGELIE UIT TE LEEF

14. RINGSPROJEKTE: VOORSMAAK VAN GOD SE KONINKRYK

14.1 Sinode Oos-Kaapland stel sedert 1 Maart 2005 jaar 'n gedeelte van die sinodale dankoffers (heffing) wat gemeentes aan die sinode oorbetal, beskikbaar vir bediening en Koninkryksprojekte in ringe. Dit stel ringe en gemeentes in staat om werksaamhede aan te pak waarvoor fondse andersins nie beskikbaar sou wees nie.

14.2 Effek: Die effek van ringsprojekte is dat ringe en gemeentes tot reg op grondvlak 'n verskil maak, boonop reg deur die hele sinodale gebied. Sonder die vennootskap van ringe en gemeentes is dit vir 'n Sinode onmoontlik om só breed en só konkreet 'n verskil te maak.

14.3 Feite en syfers oor ringsprojekte

14.3.1 Die stelsel is dus vanjaar 21 jaar oud.

14.3.2 Sedert 1 Maart 2005 lyk die syfers as volg:


- **Aantal ringsprojekte aangepak:** **1,381** projekte tussen 2005 en 2025.
- **Aantal individuele, unieke projekteleiers:** **607** unieke, individuele **projekteleiers**
- **Totale bedrag beskikbaar gestel:** **R14,6** miljoen (Om presies te wees R14,629,827)

14.3.3 Fondse per Ring aangevra en toegeken

14.3.3.1 Die volgende grafiek gee 'n aanduiding **hoeveel fondse aan elke ring toegeken** is.

Let op dat:

- Sommige ringe projekte ten bate van die hele sinode aangepak het, wat beteken dat daardie ringe se toekennings daardeur verhoog is, maar tot voordeel van alle ringe en gemeentes.
- Sommige ringe het ook meer gemeentes en kan gevolglik meer projekte aanpak.




GRAFIEK 3: Totale toekennings in Rand aan Oos-Kaaplandse ringe

14.3.4 Aantal projekte per jaar aangepak

14.3.4.1 Die opvallende wisseling in die aantal projekte per jaar aangepak dui daarop dat daar innoverend te werk gegaan is. Relatief min projekte is bloot 'n herhaling van jaar tot jaar.

14.3.4.2 Tydens 2010 het ringe 'n groot hoeveelheid projekte met die oog op die Wêreldsoekerbeker aangepak.

14.3.4.3 Covid-19 het 'n duidelike invloed op ringe se vermoë om projekte te loods gehad.



GRAFIEK 4: Totale ringsprojekte per jaar aangepak – 2005 tot 2025

14.4 Tematiese indeling van die projekte

14.4.1 Opsommenderwys het ringsprojekte breedweg onder die volgende kategorieë ressorteer:

Jeug- en Skoolbediening:

- Belydeniskampe en jeugkampe vir geloofsvorming
- #Imagine vir hoërskoolleerders
- Uitreike na skole en ondersteuning van onderwysers
- Avontuurweke
- Jeugbediening deur sport-, musiek- of kampgeleenthede

Diens van Barmhartigheid en Gemeenskapsontwikkeling:

- Kos- en klerasieprojekte vir behoeftiges
- Ondersteuning aan outisme-sentrums of ouetehuse
- Gemeenskapsdiensprojekte en pastorale versorging

Kerklike Leierskap en Toerusting:

- Predikante-retraites en VBO-subsidies
- Vrouebediening
- Opleiding van skribas en ouderlinge
- Dissipelskap- en getuienisopleiding vir gemeentelidmers

Evangelisasie en Getuienis:

- Evangelisasie-opleiding vir kerkrade
- Dissipelskapbewegings en Woordbediening
- Getuienisprojekte soos straatbediening of Bybelverspreiding

Getuienis:

- Bybelvertaling, Bybelopleiding en sendingwerk
- Ondersteuning aan sendelinge in plaaslike of buitelandse gebiede

Sinodale Deelname en Ondersteuning:

- Subsidies vir deelname aan Sinodes en Ringsvergaderings
- Ondersteuning van gemeentes wat missionale bediening moontlik maak

14.5 Impak van die ringsprojekte op ringe, gemeentes en gemeenskappe

- Hiermee 'n oorsig van die impak wat ringsprojekte in die afgelope 21 jaar in die verskillende ringe van Sinode Oos-Kaapland gehad het. Die fokus val op die invloed van hierdie projekte op beide die ringe en gemeentes wat dit uitvoer, asook op die gemeenskappe wat daaruit voordeel trek.
- Verwys na **Bylaag A4.3** vir 'n meer volledige opsomming, puntsgewys van die impak van die ringsprojekte.
- Onthou, Sinode Oos-Kaapland het Ringe met R14,6 miljoen oor 21 jaar bemagtig om hierdie projekte uit te voer. 'n Totaal van 1,381 projekte is gelei deur 607 unieke, individuele projekteleiers.

14.5.1 Ring van Albanie

Die Ring van Albanie versterk samewerking tussen gemeentes deur gesamentlike jeug-, sending- en uitreikprojekte, en bied geestelike vernuwings en ondersteuning aan predikante en hul gades via retraites en toerusting. Kursusse oor prediking, spiritualiteit en geloofsvorming bou kapasiteit, terwyl

leierskapsontwikkeling en finansiële bystand kleiner gemeentes help om VBO by te woon en bediening vol te hou. Die ring ondersteun die A tot Z-beleid vir predikanteversorging en bou langtermyn-vennootskappe vir bediening in uitdagende kontekste. Gemeenskappe ontvang interkulturele jeugkampe, Bybelverspreiding, noodleniging en hulp aan kwesbare groepe soos straatkinders en trauma-slagoffers. Jong leiers in landbou word selfonderhoudend opgelei, en projekte oor vergifnis en versoening dra by tot sosiale genesing en volhoubare geloofsgemeenskappe in ekonomies moeilike gebiede.

14.5.2 Ring van Algoa

Die Ring van Algoa ondersteun predikante en leraars deur retraites, toerusting en VBO-subsidies, en help gemeentes finansiël met sinodale deelname en bedieningsvolhoubaarheid. Gemeentes werk saam in evangelisasie-, jeug- en uitreikaksies, en plaaslike leierskap word ontwikkel vir bediening in interkulturele kontekste. Opleiding sluit evangelisasie teenoor Islam in, en strukture soos Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes verseker langtermynbediening. In die gemeenskap fokus projekte op jeugbediening, avontuurweke, skole-evangelisasie en dissipelskap. Kwesbare groepe soos kinders, vroue en haweloses ontvang voeding, klere en geestelike begeleiding. Vroue word bemaatig deur vaardigheidsprogramme, Bybelvertalings brei toegang tot die Woord uit, en kreatiewe bedieningsvorme soos kinderteater versterk die evangelie se impak. Samewerking met skole en organisasies help jongmense om geloofsgroei en positiewe lewenskeuses te maak.

14.5.3 Ring van Burgersdorp

Die Ring van Burgersdorp help leraars en gemeentes met beperkte hulpbronne om aan sinodale prosesse deel te neem, en bied retraites, spanbou en geestelike vorming vir predikante en hul gesinne. Opleiding in prediking, geloofsonderskeiding en fasilitering bou leierskap, terwyl gesamentlike opleidingsgeleenthede samewerking versterk. Gemeentes kry tegniese en administratiewe ondersteuning, insluitend rekenaartoerusting en internet. Gemeenskappe ontvang pastorale begeleiding deur Theophostic Gebedsbediening en Bybelonderrig, wat geloofsverstaan verdiep. Versoeningsprojekte verbind NGK, VGK en gemeenskapsleiers, terwyl dissipelskapkursusse en kampe nuwe geloofsgroepe vorm. Internasionale sendingbewustheid word bevorder deur projekte soos Missie Japan, en gemeentes word toegerus om selfstandig voort te bestaan in uitdagende ekonomiese kontekste.

14.5.4 Ring van Cradock

Die Ring van Cradock bied geestelike vernuwing en toerusting aan predikante deur retraites en gesamentlike gesprekke met VGK-gemeentes. Finansiële hulp maak sinodale deelname moontlik, en opleiding vir leiers versterk gemeentelike bediening. Kreatiewe eredienste verhoog impak, en kleiner gemeentes soos NGK Noupoot word spesifiek ondersteun. In die gemeenskap bied projekte noodleniging aan haweloses en kwesbare groepe via Vukasebenze-skooling, pleegsorgondersteuning, vaardigheidsontwikkeling en werkskepping. Sendingwerk na Mosambiek fokus op leierskapsontwikkeling, terwyl hulp aan gestremdes en spesiale skole inklusiwiteit bevorder. Hoofweg-bediening bereik vragmotorbestuurders met die evangelie, en skole-ervaringskampe versterk jongmense se geloof en lewensvaardighede. Praktiese en geestelike hulp word plaaslik en internasionaal verskaf.

14.5.5 Ring van Dordrecht

Die Ring van Dordrecht versterk predikante en leiers deur retraites, kursusse en VBO-ondersteuning. Gemeentes ontvang finansiële hulp vir sinodale deelname, en samewerking met VGK word deur gesamentlike projekte versterk. Klein gemeentes kry infrastruktuur- en bestuursondersteuning, en

strategiese beplanning help lewensvatbaarheid verseker. Leiers word toegerus in veranderingsbestuur, kategeese en geloofsvorming, terwyl sendingbetrokkenheid uitgebrei word. In die gemeenskap fokus projekte op hulp aan kinders met gestremdhede, koshuiskinders en kwesbare gesinne. Werkskepping, armoedeverligting en evangelisasieprojekte bedien mense oor grense heen. Jongmense word deur kampe en dissipelskap-programme versterk, gesinne kry ondersteuning deur huweliksprogramme, en plaaslike infrastruktuur soos kerke en skole word verbeter.

14.5.6 Ring van Graaff-Reinet

Die Ring van Graaff-Reinet bied geestelike vernuwing aan leraars deur retraites, pastorale besoeke en opleidingsprogramme in prediking, kategeese en missionale kerkwees. VBO word ondersteun met finansiële bystand en kursusse oor relevante temas soos trauma-hantering. Ringbreë samewerking met VGK en NGK versterk eenheid, en mentorskap help nuwe predikante. In die gemeenskap word pastorale sorg aan siekes en bejaardes gelewer, jongmense kry toegang tot belydeniskampe en #imagine, en skole word ondersteun met programme oor boelie-voorkoming en Bybelonderrig. Samewerking met SANCA bied verslawinggenesing, en ouetehuse ontvang finansiële hulp. Bybels op CD maak die Woord toeganklik vir bejaardes, en uitreike na die Transkei ondersteun bediening in ander streke.

14.5.7 Ring van Humansdorp

Die Ring van Humansdorp bied geestelike vernuwing en rus aan predikante deur retraites, VBO en toerusting. Gemeentes werk saam in interkerklike evangelisasie en streeksuitreike, en lidmate word toegerus vir bediening in verskillende kontekste. Predikante se gesondheid word deur gesinsfokusaktiwiteite bevorder, en strategiese beplanning spreek plaaslike behoeftes aan. In die gemeenskap fokus projekte op plaaswerkers, armoede- en verslawingsvoorkoming, gesondheidsorg en welsynsdienste. Vroue en jongmense word bemaatig deur opleidingskampe en leierskapsontwikkeling, en uitreike na Transkei-gemeentes bevorder kruiskulturele bediening. Huweliksgroeiprogramme versterk gesinne, en jongmense word deur kampe en dissipelskap toegerus om 'n verskil in hul gemeenskappe te maak.

14.5.8 Ring van Oos-Londen

Die Ring van Oos-Londen ondersteun predikante deur retraites, geestelike versorging en roepings-verdieping, en bevorder samewerking deur gesamentlike projekte. Gemeentes ontvang ontwikkelingsposte vir volhoubare bediening, en leierskap word in prediking, pastoraat en dissipelskap versterk. Finansiële bystand help met sinodale deelname, en missionale jeug- en sportbediening word uitgebrei. Gemeenskappe ontvang Bybels, voeding, skoolhulp en geestelike begeleiding. Kinderhuise en kwesbare groepe soos bejaardes en plakkerskambewoners word versorg, en vaardigheidsontwikkeling en voedselproduksieprogramme help selfonderhoud bevorder. Uitreike na Mosambiek en Zambië brei sendingwerk uit, en kreatiewe platforms soos sport en musiek bemaatig jongmense. Publieke geloofsgetuienis word deur feeste en interkerklike aksies bevorder.

14.5.9 Ring van Port Elizabeth

Die Ring van Port Elizabeth bied geestelike groei en samewerking deur retraites, predikante-byeenkomste en evangelisasieprojekte. Predikanteversorging verseker volhoubare bediening, en multikulturele bedieningsmodelle word ontwikkel. Finansiële ondersteuning help met sinodale deelname en ontwikkelingsposte in gemeentes bevorder groei. Musiek- en erediensgehalte word deur opleiding verbeter en geloofsvormingsmateriaal word ontwikkel. Gemeenskappe ontvang vaardigheidsontwikkeling, evangeliebediening en ondersteuning in multikulturele kontekste. Uitreike na buitelanders en jongmense, asook projekte soos Forever Family Homes, bied praktiese hulp.

Gemeenskapsamewerking word deur projekte soos JAM Bash versterk, en opleiding in rekenaarvaardighede kombineer praktiese en geestelike begeleiding.

14.5.10 Ring van Port Elizabeth-Wes

Die Ring van Port Elizabeth-Wes fokus op predikanteversorging deur retraites, mentorskap en dissipelskapkonferensies. Leierskap- en lidmatetoerusting sluit opleiding vir mentors, sangleiers, ouers en jeugleiers in. Gemeentes word versterk deur ontwikkelingsposte en samewerking in musiek- en evangelisasieaksies. Finansiële en logistieke bystand help kleiner gemeentes, en programme soos Palmpoppies spreek seksuele uitbuiting aan. In die gemeenskap word jeugkampe, skole-evangelisasie, voedingsprojekte en kleuterskole ondersteun. Gesondheidsorg sluit hospitaalprojekte in, en vroue- en gesinsprogramme versterk verhoudings. Multikulturele uitreike en Bybelvertalingsprojekte brei die evangelie se bereik uit.

14.5.11 Ring van Queenstown (2005-2018)

Die Ring van Queenstown bied predikanteversorging deur retraites en opleiding, leierskapontwikkeling via kursusse en studiereise, en mentorskap vir leraars. Klein gemeentes ontvang finansiële hulp en kantoortoerusting, en VBO-toegang word verseker. Missionale konferensies en spesifieke bedienings soos jeugbediening in skole en huweliksverryking word ondersteun. In die gemeenskap word kinders bedien deur Bybels en kategesemateriaal, gesinne deur bemaagtigingsbyeenkomste, en bejaardes deur praktiese verbeterings. Gemeenskapsbetrokkenheid sluit brugbouprojekte in, en volhoubare bediening word deur finansiële stabilisering bevorder.

14.5.12 Ring van Sondagsrivier

Die Ring van Sondagsrivier bied predikanteversorging, leierskapsontwikkeling en mentorskap, en bevorder samewerking deur jeug- en belydeniskampe. Gemeentes kry hulp vir finansies en administrasie, en projekte ondersteun kinderbediening. In die gemeenskap word jeug en kinders deur kampe, Bybels en opvoedkundige programme bedien. Gesinne kry huwelikseminare en gesinskampe, bejaardes ontvang versorging en voeding, en sopkombuise help kwesbare groepe. Moeder-baba-projekte, uitreike en rampverligting dra by tot geloofsgroei en praktiese hulp.

14.5.13 Ring van Uitenhage

Die Ring van Uitenhage bevorder geestelike groei deur retraites, geloofsreise en opleiding vir leiers in waardes en karakterbou. Spanbou versterk verhoudings tussen predikante en gemeentes, en VBO-ondersteuning maak verdere toerusting moontlik. Gemeenskappe ontvang jeugbediening deur ervaringsleer, avontuurweke en katkisantekampe. Skole kry leierskapsontwikkeling en karakterprogramme, en kwesbare groepe word deur CMR, voedingskemas en noodleniging gehelp. Evangelisasie bereik mense in die taxi-bedryf en Transkei-gemeentes, en Garden Master-opleiding bevorder selfonderhoud. Plaaslike sending en sosiale projekte ondersteun die ring se visie vir Uitenhage.

Nota: Verwys na **Bylaag A4.3** vir 'n meer volledige samevatting.

15. PROTIPES VAN DIE KONINKRYK: WAARVOOR IS DIT NOU TYD IN DIE KERK?

15.1 Dienende leiers, soos ons, onderskei ons roeping op grond van die evangelie van God se reddende betrokkenheid by ons en die getuienis van die apostels soos ons dit in die Woord van God vind.

15.2 'n Kernvraag vir geloofsonderskeiding is: **waarvoor is dit nou tyd?** Waartoe roep die tye ons? Hoe is ons in 'n tyd soos hierdie getrou aan die identiteit en roeping van die kerk?

15.3 Tydens die Leiersberaad (Maart 2025) het ons die probleemstorie van die NG Kerk vasgevang, maar ook God se alternatiewe storie met die kerk. Die alternatiewe storie is die dun, goue draad wat deur die storie weef en dui op God se betrokkenheid wat die kerk op die pad van getrouheid aan die evangelie lei.

15.4 Die **probleemstorie** (oorweldigend en oordonderend) is die volgende:

In 1986 het die Algemene Sinode van die NG Kerk besluit dat lidmaatskap van die kerk nie meer op ras gegrond is nie, maar op geloof in Jesus Christus. Die kerk het dus amptelik oopgestel vir mense van alle rasse. Hierdie besluit het indirek 'n invloed gehad op die politieke wending van 2 Februarie 1990, toe FW de Klerk tydens sy staatsrede aangekondig het dat die ANC ontban word en Nelson Mandela vrygelaat sal word.

Hierdie tydperk het egter vir die NG Kerk groot verliese ingelui. Die kerk het baie van sy mag, invloed en hulpbronne verloor. In die jare daarna, veral onder Thabo Mbeki en later Jacob Zuma, het die situasie vererger. Korrupsie en staatskaping het die ekonomie ondermyn, armoede het toegeneem en die land is geplunder.

Toe COVID tref, het sake nóg slegter gegaan. Die staat se onbeholpe hantering van die pandemie het baie gemeentes erg geknou – sommige het nooit weer reggekom nie. Die afwaartse spiraal het net vinniger geraak.

In vandag se gesprekke hoor mens dikwels die idee dat dit dalk beter sou wees as elke kultuurgroep hulself apart regeer. Gemeentes moet leer om vas te klou aan dit wat goed was in die verlede en om met die min wat hulle oor het, eenvoudig te probeer oorleef.

15.5 Die **alternatiewe storie** (die goue draad wat op God se teenwoordigheid dui) is die volgende:

In 1986 het die NG Kerk tot 'n diep nuwe insig gekom: lidmaatskap van die kerk moet gebaseer wees op geloof in Christus, nie op jou kultuur of ras nie. Hierdie stap het die pad voorberei vir die politieke bevryding van 2 Februarie 1990, toe FW de Klerk aangekondig het dat die ANC ontban word en Mandela vrygelaat sal word.

Die 1994-verkieping het vreedsaam verloop en in daardie lang toue by die stemlokale het ons as mense van hierdie land geleer dat ons kán saamleef. Onder Mandela en Mbeki het die ekonomie gegroei en hoop het geblom.

Al was die Zuma-era moeilik, met grootskaalse korrupsie en staatskaping, het die Zondo-kommissie vir ons gewys dat reg en geregtigheid steeds moontlik is (met genoeg druk uit die burgerlike samelewing, waar burgers leer om saam te staan en op te staan vir wat reg is). Die instorting van staatsdienste het daartoe gelei dat gemeenskappe begin saamwerk het – plaaslik, prakties en met nuwe vertroue in mekaar.

Tydens COVID het ons selfs nog meer geleer: ons het gesien dat gewone mense sáám 'n hongersnood kan voorkom. In prosesse soos die Reënboognasie Eksperiment (RNE) sien ons dat dit selfs op nasionale vlak moontlik is om saam te leef én saam te floreer.

Vandag is die geleentheid vir gemeentes groter as ooit: om plaaslik betrokke te wees, om hulle roeping met oorgawe te leef, en om as deel van God se familie die toekoms met hoop aan te durf.

15.6 Prototipes wat streef om die alternatiewe storie te versterk

Tydens die Leiersberaad (Maart 2025) het die leiers gewerk aan die ontwerp van bediening wat die alternatiewe verhaal uitbou, sodat God se Koninkryk kan deurbreek. Hier is 'n opsomming van die prototipes wat gebou is:

15.6.1 Prototipe1 - Stoepstories

Prototipe: Mense van verskillende agtergronde kom een keer per maand bymekaar op die kerkstoep om saam te eet en stories te deel. Dit is 'n veilige ruimte vir eerlike gesprekke.

Proses:

- Die gemeente voorsien kos.
- Verskeidenheid mense word intensioneel genooi.
- 'n Fasiliteerder lei die gesprek met wysheid.
- Die fokus is op luister met begrip, nie oordeel nie.
- Doel: Verhoog empatie, verminder isolasie, en bou verhoudings.

15.6.2 Prototipe 2 - Netwerkontwikkeling

Prototipe: Gemeentes bou praktiese, organiese netwerke oor grense heen om mense en gawes te verbind, sonder beperkende strukture.

Proses:

- Fokus op mense, hulle gawes, en konteks.
- Inisiatiewe soos koffie-afsprake, buurman groet, advertensies vir betrokkenheid.
- Gemeentelede word uitgenooi om aktief verhoudings te bou.
- Grense tussen gemeentes en samelewingsgroepe word oorgesteek.

15.6.3 Prototipe 3 - Blootstelling aan die Geringes

Prototipe: Gemeentelede word op 'n beplande manier blootgestel aan mense wat gewoonlik op die rand van die samelewing leef.

Proses:

- Goeie Vrydag-avondmaal (nagmaal) saam met mense uit verskillende agtergronde.
- Stasies tydens Stille Donderdag beeld gebrokenheid van die wêreld uit.
- Belydenisklas word blootgestel aan ouer mense en geloofsgesprekke.
- Fokus: Leer, luister en liefde vir “die ander”.

15.6.4 Prototipe 4 - Laslappie Kuierklub

Prototipe: Maandelikse byeenkoms van vroue, nie net gemeentelede nie, waar stories en kreatiwiteit gedeel word.

Proses:

- Elke vrou bring iets wat sy wil “las” – 'n resept, boek, handwerk, ens.
- 'n Ruimte word geskep vir gemaklike gesprekke sonder “Bible bashing”.
- Doel: Vertroue bou vir dieper gesprekke en ondersteuning.
- Leiers volg sensitief op ná elke geleentheid.

15.6.5 Prototipe 5 - Konnekteer met jou Roeping

Prototipe: 'n Sewe-week reis om mense te help om hulle roeping te ontdek, deur stories, Bybelstudie en refleksie.

Proses:

1. Week 1: Identifiseer waar liefde reeds werk.
2. Week 2: Deel persoonlike stories – luister sonder oordeel.
3. Week 3: Herken en leer uit stories van liefde-in-aksie.
4. Week 4: Luister na die stemme wat ons normaalweg nie hoor nie.
5. Week 5: Ontmasker hindernisse tot konneksie (soos vrees, selfsug).
6. Week 6: Identifiseer die storie wat met jou eie resoneer.
7. Week 7: Ontdek jou roeping – en begin daarmee!

15.6.6 Prototipe 6 - Ontdek en Ontgin Gawes in 'n Geloofsgemeenskap

Prototipe: Gemeentes help lede om hul gawes en roeping te ontdek, en dit prakties te gebruik binne die geloofsgemeenskap.

Proses:

- Doen opnames, gesprekke en waarneming om gawes te identifiseer.
- Begin projekte wat mense se talente benut.
- Stel mentorskap- en toerustingsgeleenthede beskikbaar.
- Bou verhoudinge en ondersteuningsnetwerke.
- Gebruik 'n proses van transformasie wat fokus op harte én strukture.

15.6.7 Prototipe 7 - Die DINGES in

Prototipe: 'n Eerlike gespreksruimte vir mense wat gefrustreerd en kwaad is, veral in die konteks van semigrasie en politieke/maatskaplike trauma.

Proses:

- Gebruik 'n simboliese “moertjie” as aanknopingspunt tot gesprek.
- Gesprekke word geanker in respek, eerlikheid en die Woord.
- Doel is nie net ontlading nie, maar begin van genesing.
- Vrae soos “Wat gaan aan?” en “Wat behoort te gebeur?” help deelnemers reflekteer en verantwoordelikheid neem.
- Begin as proeflopie in bestaande mannegroepe of rade, dan uitbrei.

16. SENTRALE TEMAS IN DIE VOORGESTELDE PROTOTIPES

Hier is vyf sentrale temas wat na vore tree uit die prototipes – dit is kernaspekte van die lewe van 'n kerk wat op God se alternatiewe storie in die Oos-Kaap bou, en dus geloofwaardig, relevant en getrou wil leef in die nuwe tyd:

16.1 Ruimtes vir Eerlike en Empatiese Gesprek

Byna elke prototipe skep doelbewus 'n veilige ruimte vir mense om hul stories te vertel, gehoor te word, en sin te maak van hul ervaringe. Van Stoepstories tot “Die DINGES in” wys dit op die behoefte aan *luistergemeenskappe* waar eerlikheid, broosheid en respek die norm is.

Kernwaarde: *Die kerk as gespreksgemeenskap waar mense se stories met deernis ontvang en verwerk word.*

16.2 Gemeenskap oor Grense Heen

Die prototipes daag die kerk uit om *oor grense te beweeg* – ras, ouderdom, klas, agtergrond, teologie. Dié grensoorsteek gebeur prakties, deur koffiedrink, saam eet, besoek aan ouetehuse, deelname van "inkommers" en netwerkontwikkeling.

Kernwaarde: *Die kerk as oop en inklusiewe gemeenskap wat mense bymekaar bring wat anders is.*

16.3 Gemeentes wat saam leer, onderskei en verander

Deur prosesse van gereelde ontmoeting, vertel en luister, ontdek die geloofsgemeenskap saam hulle roeping. Soos in *Connect met jou roeping* en *Ontdek en Ontgin Gawes*, word verandering 'n gedeelde reis – nie 'n top-down besluit nie.

Kernwaarde: *Die kerk as leer- en onderskeidingsgemeenskap – waar almal 'n bydrae het en saamgroei.*

16.4 Aktiewe liefde in aksie – sigbaar en prakties

Liefde is nie abstrak nie – dit word geoefen in praktyke van gasvryheid, betrokkenheid, diens en ondersteuning. Die prototipes wys dat liefde sigbaar word waar mense hulle tyd, kos, verhoudings en vaardighede gee aan mekaar en aan hul gemeenskap.

Kernwaarde: *Die kerk as geloofsgemeenskap in diens – liefde in aksie in plaas van net woorde.*

16.5 Erkenning van Trauma en Soeke na Genesing

Daar is 'n duidelike bewustheid van mense se pyn, verlies, woede en gebrokenheid. In plaas daarvan om dit te ontken of weg te bid, word dit eerlik erken en in God se lig ingebring – soos gesien in *Die MOER in, Blootstelling aan die geringes*, en *Stille Donderdag* se simboliek.

Kernwaarde: *Die kerk as plek van heling – wat die wonde van die samelewing eerlik in die oë kyk en mense begelei na herstel.*

Hierdie vyf temas gee 'n raamwerk vir die kerk om 'n geloofwaardige teenwoordigheid in die wêreld van vandag en môre te wees.



TABEL 5: Grafiese voorstelling van die vyf sentrale temas uit die prototipes

17. REFLEKSIE: WAT SÊ DIT VIR DIE TOEKOMS?

17.1 Die greep van die oorweldigende probleemverhaal op ons Christelike verbeelding as gemeentes moet oorkom word. Dit is 'n versoeking wat ons wil laat vasval in die dryfsand van hopeloosheid en die gevoel van onmag.

17.2 Bewussyn van die probleemverhaal maak ons realisties, want dit help ons om vanuit die Koninkryk op egte probleemareas te fokus waarin ons die Here se wil vir die pad vorentoe soek.

17.3 Die alternatiewe verhaal bied vir ons 'n agenda waaraan ons vorentoe aandag moet gee.

17.4 Die prototipes vir aksie, soos ontwerp by die Leiersberaad, is juis 'n poging om op die alternatiewe verhaal – die verhaal van God se aksie in ons midde – in te speel en dit te versterk.

NUWE MOONTLIKHEDE IN DIE NG KERK

18. VERBREIDING VAN DIE AMP IN DIE NG KERK

18.1 Teen die agtergrond van die eise van die konteks en herbesinning oor die Gereformeerde verstaan van die ampte wat Christus aan sy kerk gee, het die NG Kerk by die Algemene Sinode in 2019 besluit om die ampte te verbreed.

18.2 Daar word nou vir die volgende ampte voorsiening gemaak:

Predikant / Gemeenteleraar

Gelegitimeer as proponent en beroepbaar na gemeentes met preek- en sakramentbevoegdheid.

Diensleraar

Gelegitimeer as proponent en beroepbaar na gemeentes om te bedien in area van opleiding onder mentorskap van gemeenteleraar. Word georden met preek- en sakramentbevoegdheid.

Bedienaars

Ring verleen bevoegdheid en bevestig bedienaar as ouderling of diaken. Beskik oor bevoegdheid om in bedieningsarea diens te lewer o.l.v. predikant as mentor.

Standplaasleraar

Gemeenteleraar in die “standplaas” (unieke missionale konteks) en beroepbaar as leraar na soortgelyke standplaas. Word georden as leraars met preek- en sakramentsbevoegdheid.

18.3 Sedert 2019 is baie moeite gedoen om die nodige opleidingsbane te skep waardeur hierdie persone hul toerusting kan ontvang.

18.4 Bedienaars

18.4.1 Vir kontekste waar beperkte bronne bediening kniehalter, is Bedienaars van besondere belang.

18.4.2 Bedienaars is lidmate wat geroep is om leiding te gee en diens te lewer in 'n terrein van die gemeente se bediening. Hulle word met gestandaardiseerde kursusse wat by Hugenote kollege (HK) kerklik geakkrediteer is, opgelei. Na hulle opleiding word hulle deur Ringe in gemeentes bevestig vir hulle dienswerk in die gemeentes. Daar word nie 'n diensooreenkoms met Bedienaars gevestig nie, aangesien hulle as geroepenes hulle diens lewer in die gemeentes. Voorbeelde van goedgekeurde Bedienaarskursusse is:

- Prediking en erediensteleiding
- Pastorale gespreksvaardighede
- Jeug en familie bediening
- Diakonale bediening

18.4.3 Bedienaars verwerf die Kerklik-Geakkrediteerde Sertifikaat in Teologie (KAST) by die Hugenote Kollege, en deurloop die opleiding met begeleiding van 'n plaaslike mentor. Inligting oor die kursusse kan by die onderstaande skakel afgelaai word:

<https://www.hugenote.ac.za/prospectus.php>.

Soek vir die Kerklik-Geakkrediteerde Kursus in Teologie (KAST).

18.4.4 Studente wat belangstel om die kwalifikasie te voltooi, moet by die Direkteur Sinode asook by die Kerkraad en Ring aanmeld.

19. HANDEVAT-GEMEENTES VERSTERK AMPSVERBREIDING

19.1 Die krag van die ampsverbreiding word **vermenigvuldig** wanneer gemeentes mekaar se hande vat. 'n **Grafiese uiteensetting van die proses** is beskikbaar by:

<https://ngkok.co.za/sinode2025/artikels/Handevat-Gemeentes.pdf>.

19.2 Die Handevat-proses is 'n manier hoe kleiner gemeentes saam kan werk om nie net aan die gang te bly nie, maar om werklik 'n verskil te maak in hulle gemeenskappe. Dit help gemeentes om te onderskei wat God van hulle vra, en hoe hulle op 'n nuwe manier kerk kan wees. Dit gaan nie oor “oorleef” nie, maar oor nuwe lewe en roeping.

19.3 Uitgangspunte van die proses

Hier is die belangrikste idees waarop die Handevat-proses gebou is:

- **Innovasie** is belangrik: Ons moet bereid wees om dinge op 'n nuwe manier te probeer doen.
- **Wederkerigheid**: Almal wat deelneem dra by – daar is nie net een “helper” en een “ontvanger” nie.
- **Netwerke** maak ons sterker: Gemeentes moet verbind wees aan mekaar.
- **Geestelike onderskeiding is sentraal**: Die proses is ook 'n manier om God se leiding te soek.
- Ons moet werk met **dorps- en gemeente-identiteit**, en dit nie probeer ontken of wegwens nie.
- Soms moet reëls **buigbaar** wees sodat die proses nie vasval nie.


19.4 Ses moontlike Handevat-scenario's

Gemeentes kan op verskillende maniere saamwerk. Hier is ses voorbeelde van hoe dit kan lyk:

- **Konsolidasie**: Gemeentes smelt saam of vorm een bediening.
- **Tweeling**: Twee of meer gemeentes werk gereeld saam.
- **Bedieningsontwikkeling**: Opleiding van lidmate om as diensleraars op te tree, met bevoegdheid om eredienste te lei.
- **Ekumeniese samewerking**: Samewerking oor kerke en denominasies heen.
- **Kontraktering van leraars of tentmakers**: Deeltydse of projekgebaseerde leraars word betrek.

Skuif van ampsbediening na missionale roeping: Al die scenario's ondersteun 'n skuif weg van die tradisionele model na 'n nuwe, roepingsgedrewe bediening.

19.5 Die nege stasies van die Handevat-proses



TABEL 6: Die stappe of “stasies” van die Handevat-proses

19.5.1 Hier is die nege stappe (of "stasies") wat 'n gemeente deurloop in die Handevat-proses:

Stasie 1: Bewusmaking

Die gemeente besef dat die ou manier van kerkwees nie meer werk nie. Trauma en verlies uit die verlede word erken en begin verwerk.

Stasie 2: Inligting oor Handevat

Leiers leer oor die Handevat-scenario's en besluit wat hulle sal los en wat hulle wil behou – veral die gemeente se roeping.

Stasie 3: Ontwikkel 'n konsep

Die gemeente ontwikkel 'n eerste eenvoudige idee vir 'n nuwe bediening wat by hul roeping pas. Dis klein, maar het groot impak.

Stasie 4: Pioniers waag

'n Klein groepie leiers en lidmate begin die idee toets. Hulle is bereid om risiko's te neem om iets nuuts te probeer.

Stasie 5: Ontdek nuwe vennote

Nuwe mense – soos jongmense, vroue of ander randfigure – sluit aan. Die netwerk begin groei.

Stasie 6: Onderskei patrone

Die gemeente kyk na wat gebeur het en vra: “Wat het God gedoen?” en “Wat werk of werk nie?”

Stasie 7: Herontwerp

Op grond van wat geleer is, word die konsep aangepas. Die proses van toets, leer en verbeter word herhaal.

Stasie 8: Nooi meer mense

Meer lidmate word ingenooi om deel te neem. Die konsep begin posvat by die breër gemeente.

Stasie 9: Nuwe model

Die nuwe, volhoubare model word formeel voorgelê vir goedkeuring deur die kerkraad en die Ring. Dit word nou die nuwe manier van kerkwees vir die gemeente.

19.6 Bron van hoop

19.6.1 Hierdie proses gee hoop vir kleiner gemeentes wat voel hulle is aan die sukkel. Dit help om saam te werk, kreatief te dink en God se roeping weer opnuut te ontdek.

19.6.2 'n Grafiese voorstelling van die proses is beskikbaar by:

<https://ngkok.co.za/sinode2025/artikels/Handevat-Gemeentes.pdf>.

BYLAE BY VERSLAG A4: PRAKTYKGERIGTE NAVORSING

BYLAAG A4.1

OPSOMMING: 'N NAVORSINGSTRATEGIE VIR MISSIONALE TRANSFORMASIE

Hier is 'n opsomming van Hoofstuk 17 van die publikasie *Missional Ecclesiology* (2023)ⁱⁱⁱ, met die fokus op die navorsingsbenadering, die sewe sleutelbeginsels en die navorsingsiklus:

1. PROSES VAN DEELNEMENDE NAVORSING

Hierdie hoofstuk beskryf 'n praktiese navorsingsproses wat gemeentes help om as missionale gemeentes te verander. Die proses is ontwerp om nie net kennis op te bou nie, maar om werklik die praktyk van geloofsgemeenskappe te verbeter. Dit is nie navorsing wat op mense *afgedwing* word nie, maar wat *saam met* hulle gedoen word – in vennootskap.

1.1 Navorsing as geloofsonderskeiding

Navorsing word gesien as 'n manier waarop 'n gemeente saam probeer onderskei wat God se bedoeling is vir hulle konteks. Dis dus nie neutrale of koue akademiese navorsing nie. Dit is geloofsonderskeiding – “Waar is die Gees van God besig, en hoe sluit ons aan by God se werk?” Skrif en tradisie speel hier 'n belangrike rol, want dit gee taal aan wat God in gemeentes doen.

1.2 Woord en Gees

Die navorsingspad gebeur onder die leiding van die Heilige Gees, deur die Woord van God. Die doel is nie net om resultate te kry nie, maar om geloofsgemeenskappe in lyn met God se sending (missio Dei) te bring. Die Woord en die Gees hou die navorsing gefokus op God se wil.

1.3 Die verband tussen belydenis en praktyk

Die manier waarop 'n gemeente bely (wat hulle glo), en wat hulle *doen* (hulle praktyk), moet ooreenstem. Navorsing help om blindekolte te sien en nuwe moontlikhede te ontdek, deur weer opnuut na Skrif en tradisie te kyk. Hierdie vorm 'n “taalhuis” wat rigting gee aan wat gemeentes doen.

1.4 Aanpassende verandering (adaptive change)

Missionale verandering is nie net 'n tegniese verbetering nie, soos om 'n nuwe rooster of struktuur te maak. Dit vra aanpassingsverandering – 'n ingrypende en soms ontwrigtende skuif in ingesteldheid, waardes en praktyke. Dit vra kreatiewe denke, verbeelding en die moed om nuwe paaie te probeer.

1.5 Groeiende eienaarskap

Gemeentes is die eienaars van die proses. Navorsing help hulle om self antwoorde te ontdek en verantwoordelikheid te neem vir verandering. Die gemeenskap is nie net voorwerpe van navorsing nie, maar word aktiewe deelnemers en medenavorsers. Dit help dat die verandering volhoubaar en toepaslik bly.


1.6 Praktykgerigte navorsing

Die hele proses is praktyk-gesentreerd. Dit begin by die behoeftes of probleme van die gemeente, en lei tot nuwe maniere van werk wat werklik 'n verskil maak. Dit gaan oor leer deur te doen – insluitende die ontwerp, toetsing, en verfyning van nuwe idees wat in die konteks werk.

1.7 In vennootskap met die eienaar van die probleem

Navorsers werk nie *vir* die gemeente nie, maar *saam met* hulle. Die gemeente is die eienaar van die uitdaging, en navorsers ondersteun die proses. Dit help om strategieë te ontwikkel wat sin maak en bruikbaar is. Die verhouding is nie hiërargies nie, maar gelykwaardig en gesamentlik.

2. DIE MISSIONALE NAVORSINGSIKLUS



Die missionale navorsingsiklus is 'n proses wat gemeentes help om op 'n nuwe manier kerk te wees – om saam met God te werk waar Hy al klaar besig is in die wêreld. Dit gebeur in drie hoofrondes of “siklusse”, en elkeen bestaan uit vier bewegings. Hier is die stappe verduidelik:

2.1 Eerste siklus: Dink nuut oor die probleem en begin probeer

Nota: Hierdie bewegings volg nie direk op mekaar nie, maar kom telkens aan die orde soos die proses deur die kwadrante van die spiraal vorder (vergelyk die grafiese voorstelling hierbo):

- **Sê hoe seer dit is**

Die proses begin by mense se pyn, vrae of uitdagings in die gemeente. Wanneer iets nie reg werk nie, is dit belangrik om eerlik daaroor te praat. Die navorsers luister goed, en help mense om te voel dat hulle gehoor word.

- **Kry die regte vraag**

Nou word die probleem duideliker gestel: Wat is werklik aan die gebeur? Waarom is dit 'n uitdaging? Wat is God moontlik besig om te doen? Die gemeente en die navorsers werk saam om te verstaan wat ondersoek moet word.

- **Ontwerp 'n plan (prototipe)**

Nou word nuwe idees ontwerp wat die probleem kan aanspreek. Dis dikwels iets nuuts wat nog nie probeer is nie. Die plan word nie volmaak gemaak nie – dit is iets om mee te begin en te leer.

- **Toets dit in die werklike lewe**

Die nuwe idee word eers op 'n klein skaal probeer – saam met leiers of groepe wat oop is vir verandering. Dis belangrik om nie dadelik almal in te trek nie, want nie almal is gereed vir verandering nie.

2.2 Tweede siklus: Leer saam en bou verder

Nota: Hierdie bewegings volg nie direk op mekaar nie, maar kom telkens aan die orde soos die proses deur die kwadrante van die spiraal vorder (vergelyk die grafiese voorstelling hierbo):

- **Oefen nuwe gewoontes**

As mense begin om die nuwe idee te gebruik, moet hulle nuwe vaardighede en maniere van dink aanleer. Dis soos om 'n nuwe gewoonte te vorm – dit vat tyd en oefening.

- **Kyk wat gebeur**

Daar word gekyk na wat werk en wat nie werk nie. Mense gee terugvoer. Dis belangrik om oopkop te bly en regtig te leer uit die ervaring.

- **Bou 'n volhoubare model**

As die idee goed werk, word dit verder uitgewerk en makliker gemaak om te gebruik. Dit moet iets wees wat selfs sonder die oorspronklike span gebruik kan word.

- **Begin dit breër gebruik**

Die model word aan meer mense bekendgestel en op groter skaal gebruik. Die idee is dat dit nou deel van die gemeente of kerk se gewone werk kan word.

2.3 Derde siklus: Laat dit deel word van die kultuur

Nota: Hierdie bewegings volg nie direk op mekaar nie, maar kom telkens aan die orde soos die proses deur die kwadrante van die spiraal vorder (vergelyk die grafiese voorstelling hierbo):

- **Laat dit deel word van hoe dinge hier werk**

Die nuwe manier van doen word amptelik aanvaar – dalk selfs as beleid. Mense begin dit as deel van hulle kultuur sien.

- **Benoem die deurbraak**

Die navorsers en leiers kyk waar die grootste verskille gebeur het – en vier dit! Dit help om geloof en hoop te bou.

- **Bou aan leer-gemeenskappe**

Ander gemeentes of groepe kan ook nou leer uit wat gebeur het. Gesprekke en hulp word aangebied sodat die idee verder kan groei.

- **Pas die sisteem aan**

Uiteindelik moet strukture, leierskap en gewoontes aangepas word sodat die nuwe manier van werk nie verdwyn nie, maar 'n volhoubare verskil maak.

Hierdie siklus help gemeentes om nie net oor verandering te praat nie, maar dit stelselmatig aan te pak – saam met God en met mekaar.

Hierdie benadering is dus deel van 'n groter strategie om missionale verandering volhoubaar te maak. Dit is 'n deurlopende siklus wat insluit: luister na die pyn, vra die regte vrae, ontwerp en toets idees, oefen nuwe gewoontes, en integreer dit in die kultuur van die kerk. Die uiteindelijke doel is dat gemeentes as missionale gemeenskappe leef – saam met God, in hulle gemeenskappe.

BYLAAG A4.2

STORIEMUUR: DIE VERHAAL VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND (GEMEENTES, RINGE, SINODE) VANAF 1990 TOT 2025



Leraars tydens die Leiersberaad, besig om die storiemuur waarop almal hul insette geplaas het, te lees.

1. AGTERGROND

1.1 Die storiemuur is gedurende die Leiersberaad van 3 tot 5 Maart 2025 in Gqeberha deur 45 deelnemers opgestel. Die groep het bestaan uit lede van Ringskommissies en enkele ander rolspelers. 'n Fasiliterende benadering is gevolg waar deelnemers gesprekstemas direk en onafhanklik van mekaar d.m.v. kaartjies op die muur kon plaas.

1.2 Die verhaal fokus op primêr die periode 1990 tot 2025.

1.3 Tydens die Leiersberaad is 'n redaksie vir die aantekens van die storiemuur saamgestel, bestaande uit Anton Ferreira, Elsje Büchner, Danie Mouton en Robert-John de Kock. Die redakteurs het op 24 April 2025 vergader om die verhaal van die storiemuur te finaliseer.

1.4 Foto's van die storiemuur is by hierdie skakel beskikbaar:

<https://drive.google.com/drive/folders/1SO702U-CDQdWhDuWYxPZXlezwLAY9H4D?usp=sharing>

2. NARRATIEWE BENADERING: PROBLEEMVERHAAL VERSUS ALTERNATIEWE VERHAAL

2.1 'n Narratiewe benadering beklemtoon dat 'n persoonlike of gemeenskap se verhaal altyd twee verduidelikings na vore kan bring. Daar is 'n probleemverhaal, wat fokus op probleme wat herhaal en gebeur wat herhaaldelik skeefloop. Daar is egter ook altyd 'n alternatiewe verhaal aanwesig. Te midde van al die probleme is daar alternatiewe uitkomst. Indien hierdie hoopvolle, alternatiewe uitkomst met mekaar verband word, skep dit uitsig op 'n hoopvolle toekoms.

3. TYDLYN: UITSTAANDE MOMENTE

3.1 'n Hele aantal gebeurte vorm die raamwerk waarbinne die storiemuur verstaan moet word.

TYD	GEBEURTENIS
1986	Algemene Sinode aanvaar Kerk en Samelewing, 'n verslag wat afskeid van die teologiese regverdiging van apartheid neem. Die kerk is oop ongeag ras.
1987	Die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) kom deur 'n skeuring uit die NG Kerk tot stand.
1987	ROEP – Red Ons Eensame Platteland, 'n dokumentêr deur Ben Lindemann, skep bewussyn van die groeiende ontvolking van die platteland en die inkrimping van landelike ekonomieë.
1990	Nelson Mandela na 27 jaar uit die tronk vrygelaat. 'n Polities-onstuimige oorgangstyd vanaf 1976 bereik in die volgende jare nuwe vlakke van intensiteit.
1990	Namibië word onafhanklik. Die grensoorlog kom tot 'n einde.
1990	Kerk en Samelewing word hersien en teologies versterk.
1990	Algemene Sinode laat die vrou tot die besondere ampte toe.
1993 en verder	Sinode Oos-Kaapland kies vir 'n gemeenteteologie, wat prakties beteken sinodale werksaamhede word afgewentel na gemeentes en ringe. PSD-poste word gerasionaliseer.
1994	Eerste demokratiese verkiesing. Die nuwe SA word gebore. Nelson Mandela word president.
1994	Prof Johan Heyns, stukrag agter die wegdraai van apartheid, deur 'n sluipskutter vermoor.
1994	Eerste vrouepredikant bevestig.
1994	Gemeentebou-programme is gewild. Strategiese teologiese beplanning word in gemeentes toegepas. Jeugmusiekfeeste (Louis Brittz) begin.
1994 en verder	Talle gemeentes raak betrokke by internasionale sending, die onbereikte volke van die 10-40 venster gryp die verbeelding aan, in SA sterk ondersteun deur die Joshua Projek.
1995 en verder	Selgemeentes wen sterk veld in die NG Kerk. Kliengroepe word 'n wesenlike deel van talle gemeentes se bediening.
1996 en verder	“Worship Wars” begin in die NG Kerk, 'n groter beweging na kontemporêre musiek. Gemeentes begin die kerkgebou herbedink (bv. kansels en kerkraadsbanke verwyder).
1996	Die Waarheids- en Versoeningskommissie begin sy werksaamhede.
1998	Kinderkommunie: Algemene Sinode laat gedoopte kinders tot die nagmaal toe.
2000	Dissipelskapprogramme raak gewild in die NG Kerk.
2002	Buitengewone Sinode Oos-Kaapland: voer rasionalisasie verder, skaf sinodale kommissies af, kies vir teologiese fundering van die sinode se werk.
2002	Algemene Sinode aanvaar eerste roepingsverklaring. Sterk dryfkrag vir kerkhereniging in die NG Kerkfamilie ontstaan.

Bylae by A4 : Navorsing (Praktykgerigte Onderskeiding)

2002	Konferensie, <i>Moederkerk en haar dogters</i> , gehou om aandag aan die stadige aanstelling van vrouepredikante in gemeentes te gee.
2003	Sinode Oos-Kaapland vergader. Die missionale beweging word onderskryf en die sinode aanvaar die Belharbelydenis, hoewel almal dit nie hoef te onderskryf nie.
2004	Eerste fasiliteringsnetwerke van “Gestuurde Gemeentes” geloods. Die missionale era in die NG Kerk begin.
2004	Algemene Sinode staan weg van 1986-beleidsdokument oor homoseksualiteit. Die AS besluit om verder navorsing te doen en nie langer die 1986-besluit as amptelike standpunt te aanvaar nie.
2005	Groot Predikantebyeenkoms in Bloemfontein gehou.
2005	Buitengewone Sinode Oos-Kaapland: kies vir vaste persentasie vir sinodale dankoffers, bespreek die kerk en homoseksualiteit, aandag aan kerkhereniging.
2006	Die Oos-Kaaplandse Sinodale Kommissie besluit om kerkraadslede op te lei om eredienste te lei, ampsvernuwing.
2007	Algemene Sinode bereik 'n konsensusbesluit oor homoseksuele ampsdraers.
2007	Sinode Oos-Kaapland vergader. Aksent op gemeentesentriese teologie en ampsvernuwing – groen lig vir kerkraadslede wat eredienste lei.
2011	Algemene Sinode keur konsep-wysiging vir Artikel 1 van die Kerkorde goed, vir voorlegging aan gemeentes. Raak die insluiting van die Belharbelydenis in die kerk se belydenisbasis.
2011	Klein gemeentes – die Algemene Sinode bespreek 'n uitgebreide verslag oor klein gemeentes waarvolgens dit nie langer as 'n probleem of krisis gesien word nie, maar as 'n unieke bedieningsruimte
2012	Sinode Oos-Kaapland vergader. Daar word groot klem op publieke teologie en die impak van gemeentes in die samelewing gelê.
2013	Algemene Sinode keur beleidstuk oor missionale kerkwees goed.
2014	Buitengewone Sinode Oos-Kaapland keur wysiging van Artikel 1 goed, besin oor praktiese uitvoering van die stemproses re wysiging van Artikel 1.
2015	Algemene Sinode keur SG-verbintenisse goed.
2016	Sinode Oos-Kaapland aanvaar nie voorstelle om SG-verbintenisse summier van die hand te wys of gravamen in te dien nie.
2016	Buitengewone Algemene Sinode (BAS) wys SG-verbintenisse af.
2019	Hof verklaar BAS-2016 se SGV-besluit ongeldig. Die Algemene Sinode aanvaar later in 2019 'n nuwe SGV-beleid, wat ruimte skep vir SGV.
2020	Covid-19 inperkings begin in Maart 2020. Dit lei tot digitale bediening en eredienste in parkeerareas.
2021	Sinode Oos-Kaapland besluit om predikante en gemeentes oor SGV-beleid te konsulteer. Die wye konsultasie dui aan die meeste predikante aanvaar die ruimte wat vir SGV gebied word, maar benut weens eie oortuiging nie self die ruimte nie. In 2024 besluit die SK om van die verdere hantering van die saak af te stap, met verslag aan die volgende sinodesitting.
2023	Die Algemene Sinode vergader. SGV is 'n belangrike gesprekspunt.

4. VERHAAL VAN DIE STORIEMUUR: SINODE OOS-KAAPLAND (MAART 2025)

4.1 Die verhaal van die storiemuur begin in 1986 toe die Algemene Sinode die verslag **Kerk en Samelewing** aanvaar het. Die verslag aanvaar dat lidmaatskap van die kerk bepaal word deur geloof in Christus, nie ras nie. Die kerk se lidmaatskap is hiermee oopgestel vir gelowiges uit alle rasse. Dit

was ook deel van die NG Kerk se wegbeweeg van die teologiese regverdiging van apartheid. Hiermee het die verstaan van die NG Kerk as 'n volkskerk formeel tot 'n einde gekom.

4.2 Die **wegskeuring** van die Afrikaanse Protestantse Kerk uit die NG Kerk, in 1987, het direk hierop gevolg. Soos die naam getuig, het die APK sigself as 'n volkskerk gesien.

1990-2000

4.3 By die **Rustenburg-Kerkeberaad** in November 1990 het prof. Willie Jonker as persoon maar ook namens die NG Kerk omvergifnis vir apartheid gevra. Hierdie gebeure is opgevolg toe die Algemene Sinode van 1994 die Sinode van Versoening sou word, met pres. Nelson Mandela wat daar opgetree het en die AS se verskoning aan predikante en teoloë wat voorheen – weens teenstand van apartheid – in die kerk onder hewige kritiek deurgeloopt het.

4.4 Op 21 Maart 1990 het **Namibië** (voorheen Suidwes-Afrika) onafhanklik van Suid-Afrika geword. Daarmee het die grensoorlog formeel tot 'n einde gekom.

4.5 Die kerk se herposisionering kon daartoe bydra dat FW de Klerk die bevrydingsbewegings in 1990 **ontban** het en Nelson Mandela vrygelaat is. Na spanningsvolle jare kon ons in **1994 verkiesing** hou. Met die verkiesing het Suid-Afrika van 'n tradisionele samelewing na 'n liberaal demokratiese samelewingsorde geskuif.

4.6 Hiermee het prosesse wat eeue in Europa geneem het om te ontplooi, meteens op die SA-samelewing neergedaal. Ons het beleef dat groepwaardes nou plek maak vir die individu se regte. Waar leiers die gesagfigure in die groep was wat die groep se tradisie in stand gehou het, het die nuwe norm selfverwesenliking en die outonomie van die individu geword. Elke individu het nou hul eie gesagsbron geword. Die gesag van die tradisie is vervang deur mense wat individueel vir hulself besluit het wat waar is.

4.7 Die hele Suid-Afrikaanse landskap het dus met **1994** verander. Die samelewingsorde is nuut gestruktureer.

4.8 In die ou staatkundige bedeling het tradisionele Afrikanerwaardes en die kerk se teologiese mening swaar gewig gedra. Dit het bepaal wie gepraat en wie geluister het. Diensbaarheid aan die volk en kerk was hoog op prys gestel. Haas niemand kon 'n werk bekom as jy nie 'n getuigskrif van die predikant gehad het nie. Om op die kerkraad te kon dien het gesorg vir 'n goeie inskrywing op jou CV.

4.9 Die kerk het 'n sterk anti-kommunistiese inslag gehad. Verskeie organisasies wat met die stryd teen apartheid te doen gehad het, was verban. Individue wat in opstand teen die groep se strewe na selfbehoud gekom het, is ingeperk. Koerante wat die ou staatkundige bedeling aangeval het, is selfs gesluit.

4.10 Gevolglik was die ontbanning van die ANC, die vrylating van Nelson Mandela en die eerste demokratiese verkiesing is geweldige moeilike tyd van aanpassing vir Afrikaanse kerkmense. Hul ervaring was dat die wyse waarop hulle moraliteit en sosiale “kompas” voor 1994 gevorm is, nou op kernpunte nie meer van toepassing was nie.

4.11 Die stryd op die landsgrense teen die kommunisme was meteens weg. Die kommuniste het in die kabinet gedien en in die parlement gesit. Die wyse waarop sosiale statuur as vanselfsprekend georden is (bv. op grond van biologiese kenmerke) geld nie langer nie. Blanke lede van die veiligheidsmagte moes nou die reg van betogers en protesteerders beskerm eerder as om sulke byeenkomste uitmekaar te jaag. Die Bybels en God se wet as grondslag vir die samelewingsorde is nou deur die grondwet, die reg en liberaal-demokratiese waardes vervang. Baie lidmate het die ervaring gehad dat hulle in die ou bedeling bedrieg is.

4.12 Die vrees vir die politieke oorgang is effektief deur die versoenende styl van mnr. Nelson Mandela hanteer. Veral Suid-Afrika se oorwinning in die 1995 Rugby Wêreldbekertoernooi en Mandela se verskyning in die Nommer-6 trui van spankaptein Francois Pienaar het merkwaardige impak gehad.

4.13 Die 1990's was die dekade waar globalisering wêreldwyd sigbaar impak gemaak het. Hierdie stroomversnelling het Suid-Afrika soos 'n tsunami getref, aangesien dit saamgeval het met die oopgaan van die grense van 'n voorheen sanksie-geïsoleerde land. Skielik is temas soos identiteit, gesag, groepe versus individu, diversiteit en kompleksiteit ook op die kerk se agenda geplaas.

4.14 Nuwe tegnologie, soos selfone, die internet, e-pos en teksboodskappe het rigiede grense van plek en tyd begin versag.

4.15 Die storiemuur vertel hoe hard die NG Kerk sedert 1986 en veral na 1994 gewerk het om haar teologiese identiteit in Christus in hierdie nuwe tyd opnuut te vind en te herontdek. Uit die storiemuur blyk die volgende voorbeelde:

4.16 Die Algemene Sinode het in 1990 die vrou tot die ampte van diaken, ouderling en predikant toegelaat. Hoewel enkele tekste in die Bybel vroue in die erediens die swye oplê, het die Algemene Sinode vanuit heelwat Skrifgegewens en die trajek van Jesus se bediening tot die konklusie gekom dat die ampsbediening deur vroue 'n Bybelse gawe aan die kerk is.

4.17 Reeds voor hierdie datum het die eerste vroue begin om – gehoorsaam die God se roeping in hulle lewens – hulself teologies voor te berei om as predikante te dien. Die eerste vrou is in 1994 as predikant georden. Dit sou egter lank neem voordat vroue werklik die ervaring het dat gemeentes hierdie nuwe moontlikheid omarm.

4.18 'n Verdere voorbeeld van die kerk se soeke na 'n teologiese identiteit is die opkoms van selgroepe (ook selgemeentes genoem) in die kerk. 'n Kragtige nuwe verstaan van die rol van elke lidmaat – die amp van die gelowiges – het hierdie beweging vergesel. Die bedoeling was nie net onderlinge versorging nie, maar ook uitreik na buite.

4.19 Gemeentes het ook bewus geraak van die groter wêreld, en gemeentes se verantwoordelikheid as draers van die evangelie. Die konsep van die 10-40 venster het baie gemeentes gemotiveer om by wêreldsending betrokke raak, bv. deur sendelinge na onbereikte volkere te stuur of selfs uitreik na die onbereikte dele van die wêreld te neem.

4.20 Evangelisasieprogramme soos EE III en Getroue Getuies is ook in vele gemeentes aangebied.

4.21 Dit was ook die era van Gemeentebouprogramme en strategiese teologiese beplanning deur kerkrade. Dit was 'n betekenisvolle beweging, aangesien kerkrade en gemeentes hul identiteit nie bloot langer deur die tradisie laat bepaal het nie, maar ook deur 'n soeke na konneksie met die omgewing en breër gemeenskap, en gevra het na God se wil.

4.22 Sanger Louis Brittz se BX-feeste waar musiek jongmense laat saamtrek het, kom ook uit hierdie tyd.

4.23 Die pynlike oorgang van die ou Suid-Afrika na die nuwe is ook gekenmerk deur stryd en pynlike verlies. 'n Vorige NG moderator, prof. Johan Heyns, wat hom vir die herontdekking van die kerk se Bybelse roeping in Suid-Afrika beywer het, is in 1994 deur 'n sluipmoordenaar in sy huis doodgeskiet.

4.24 Die Waarheid-en-Versoeningskommissie was ook 'n pynlike ervaring. Dit het intense lyding en vergrype deur die veiligheidsmagte van die vorige politieke era na vore gebring. Die NG Kerk het op verskillende wyses voorleggings gedoen, onder meer deur die destydse moderator, ds Freek Swanepoel, by 'n WVK-sitting in Port Elizabeth.

AFWENTELING

4.25 Die Oos-Kaaplandse Sinode het in 1973 van die Wes-Kaapse Sinode afgestig. Met die stigting was ekonomiese vooruitsigte so hoog dat die Sinode 'n enorme hoeveelheid werksaamhede oorgeneem het, waaronder die salarisse van predikant-sendelinge in die Transkei. Duur strukture is ook gevestig en boonop is 'n splinternuwe sinodale sentrum in die 1980's opgerig.

4.26 'n Buitengewone sinodale vergadering is in 1993 gehou waartydens op beleid van “afwenteling” besluit is. Die dra van sendeling-salarisse is gestaak, die CMR en die inrigtings is oorgedra na ringe en gemeentes. Alle poste – uitgesonderd 'n nuwe pos vir Direkteur Sinodale Kommissie - van predikante in sinodale diens (PSD), waaronder ook die hospitaalleraar gerasionaliseer. Ds Giep Louw, voorheen PSD Sending het die nuwe Direkteur Sinodale Kommissies (DSK) geword.

4.27 Hoe pynlik die proses ook al was, het dit die sinode baie meer bekostigbaar vir gemeentes gemaak. Soortgelyke rasionalisasieprosesse is sedertdien by byna al die NG Kerk se tien sinode deurgevoer.

4.28 Die strewe na kerkeenheid begin na 1994 momentum kry. Sinode Oos-Kaapland raak vanaf 1996 betrokke by die Church Unification Coordinating Committee (CUCC), 'n onderneming saam met Sinode Wes-Kaapland en die VGKSA (Verenigende Gereformeerde Kerk) Kaapland.

4.29 Die 1990's het ook die era van die internet en e-pos ingelui. Die digitale wêreld het in alle erns begin.

4.30 Die getal belydende en dooplidmate van die NG Kerk het deur hierdie dekade gedaal. Dit geld ook die NG Kerk in Oos-Kaapland.

2000 – 2010

4.31 Die opkoms van die internet versnel kommunikasie. Facebook – die gewilde sosiale media platform – en die Google soekenjin ontstaan in hierdie dekade. E-handel word ook 'n nuwe werklikheid. Beurtkrag het ook teen die einde van hierdie dekade 'n deel van die land se woordeskat geword.

4.32 'n Dekade na afwenteling het die Oos-Kaaplandse sinode weer deur 'n verfyning van sy strategie en bedryf gegaan. 'n Buitengewone Sinode in 2002 aanvaar 'n nuwe visie en missie, sinodale kommissies word gesluit en die era van netwerke begin.

4.33 Die Oos-Kaaplandse Sinode van 2003 en die Buitengewone Sinode van 2005 sit die proses voort. Die finansiële model vir sinodale bydraes wat in 1993 aanvaar is, word nou vervang deur 'n eenvormige lae persentasiebydrae deur gemeentes. 'n Nuwe instelling is ringsprojekte, waar die sinode uit die sinodale heffings ringe finansier om Koninkryksprojekte uit te voer.

4.34 Grens.Pos, die Sinode e-Nuusbrief, wat in 2003 begin het, staan aanvanklik bekend as Oos-Kaapland e-Nuus.

4.35 Die eerste Netwerk vir Gestuurde Gemeentes begin in 2004 in Port Elizabeth funksioneer. Die gestuurde-beweging het wyd deur die Oos-Kaap uitgebrei, met Netwerke in Uitenhage, die Noordoos-Kaap, opeenvolgende Netwerke in Port Elizabeth, asook in Port Alfred en Oos-Londen.

4.36 Die Algemene Sinode van 2002 is die laaste tradisionele sinodesitting wat in “parlementstyl” plaasvind. In 2004 vergader die Algemene Sinode by Hartenbos in 'n fasiliterende styl. Vir die eerste keer sit afgevaardigdes na die Algemene Sinode om tafels en voer gesprek, d.w.s. dialoog eerder as bloot debat. Daar word konsensus gesoek. By hierdie vergadering skort die AS ook sy besluit oor homoseksualiteit uit 1986 op en begin 'n proses om 'n nuwe standpunt daaroor te formuleer.

4.37 Ten einde predikante te versterk en verhoudinge uit te bou, word 'n Algemene Predikantebyeenkoms in 2005 in Bloemfontein gehou.

4.38 Die gesag van die Algemene Sinode oor die styl van gemeente-wees daal, en gemeentes word meer en meer vry om nie klone van mekaar te wees nie. Dit word veral in die erediens gesien. In die vroeë 2000's begin ons kennis neem van die “Worship Wars”. Eredienste vernuwe nou wat styl, inhoud en musiek betref. 'n Nuwe Liedboek word in gebruik geneem, maar so ook talle ander populêre geestelike liedere wat deur orkeste begelei word.

4.39 Gemeentes begin ook kansels verwyder en vervang met platforms voor in die kerk. Predikante wil nader aan die gemeente wees en geestelike intimiteit bevorder. Die predikant is nie langer apart en verskans agter 'n kansel met die woorde “So spreek die Here” nie. Dit lui ook meer deelnemende eredienste bestuursprosesse in gemeentes. Eerder as twee kerkraadslede per gemeentewyk, begin gemeentes ook hul kerkrade verklein.

4.40 In 2006 besluit die Sinodale Kommissie Oos-Kaapland om ouderlinge op te lei om eredienste te lei. 'n Werkgroep word aangestel om in oorleg met prof. Malan Nel 'n kursus vir hierdie doel te ontwikkel. Bykomend is ook 'n kursus in pastorale begeleiding vir lidmate ontwikkel. Die Sinode Oos-Kaapland keur die beginsel en opleiding in 2007 goed, waarna dit in 2008 'n aanvang neem.

4.41 Terwyl die plaaslike gemeente in die Oos-Kaap al hoe meer op die voorgrond tree, begin dit daartoe lei dat bepaalde predikante, kerkrade en selfs ringe meer geïsoleerd raak. Dit is 'n besliste nadeel.

4.42 In hierdie dekade word ook sterk aandag aan kerkeenheid in die NG Kerk Familie gegee. Sinode Oos-Kaapland gee in 2003 die groen lig vir die Belydenis van Belhar as 'n amptelike belydenisskrif vir 'n toekomstige herenigde kerk. 'n Konvent vir Eenheid word in 2004 gehou waar Sinode Oos-Kaapland sterk verteenwoordig is. Op Cradock word in 2007 'n Oos-Kaapse Konvent gehou waar die NGK en VGKSA deelneem. Allan Boesak is een van die sprekers.

4.43 In hierdie dekade het die klem toenemend op dissipelskap en spirituele vorming geval. Ds. Deon Loots se dissipelskapreeks, wat ook met selfverstaan en roeping werk, het in baie gemeentes groot seën meegebring. Ds. Gys van Schoor se (Sentrum vir Spiritualiteit) se dissipelskapmodel het ook groot impak gehad.

4.44 Die getal belydende en dooplidmate van die NG Kerk het deur hierdie dekade gedaal. Dit geld ook die NG Kerk in Oos-Kaapland.

2010-2020

4.45 Staatskundig was hierdie die dekade waar die impak van Jacob Zuma, staatskaping, stagnasie van ekonomiese groei en die manipulasie van die openbare mening deur sosiale media groot effek gehad het.

4.46 'n Deel van die dekade het versengende droogtes oor dele van die land opgelewer. Sensitiwiteit vir klimaatsverandering groei in hierdie dekade. Jeugwerkloosheid het skerp toegeneem.

4.47 Sinisme oor die politiek met groeiende wantroue teenoor leiers en instellings het toegeneem. Die verval in die staat se dienslewering en toenemende onveiligheid kenmerk die dekade.

4.48 Kerkeenheid kry in hierdie periode sterk aandag. Die Algemene Sinode formuleer 'n wysiging aan Artikel 1 van die Kerkorde (die belydenisbasis van die Kerk) wat dit moontlik maak om die Belydenis van Belhar in te sluit. 'n Buitengewone Sinode in Oos-Kaapland keur die wysiging in 2014 goed, en lê dit – soos wat in die res van die lang gebeur – vir goedkeuring aan gemeentes voor. Hierdie wysiging

verg dat al 10 sinodes en twee-derdes van kerkrade landwyd dit moet goedkeur. Dit gebeur nie. Die wysiging word deur 'n meerderheid gemeentes afgekeur.

4.49 Ontvolking in die platteland word 'n belangrike tema vir die kerk. Klein gemeentes word egter nie langer as 'n krisis gesien nie, maar as 'n eiesoortige bediening waarvoor 'n toepaslike benadering nodig is. Die praktyk om ouderlinge in die Oos-Kaap op te lei om eredienste te hanteer brei ook uit na ander Sinodes, soos KwaZulu-Natal.

4.50 Sentrale gesag verdwyn toenemend in die NG Kerk. Die ekklesiologie-van-bo (die sinode besluit vir almal) word vervang deur 'n ekklesiologie-van-onder – plaaslike oplossings word deur plaaslike verantwoordelike persone bedink.

4.51 Wanneer die Algemene Sinode in 2015 'n besluit neem wat selfdegeslagverhoudinge legitimeer, ontstaan 'n vloedgolf beswaarskrifte en geskrifte wat leergeskille met die Algemene Sinode aanvoer.

4.52 'n Buitengewone Algemene Sinode word in 2016 gehou. Hier word die 2015-besluit omgekeer. 'Groepie lidmate neem die Algemene Sinode na die hof, waar die 2016-besluit (in 2019) tersyde gestel word. Wanneer die Algemene Sinode in 2019 vergader, word 'n nuwe besluit geneem wat selfdegeslagverhoudinge opnuut insluit, hoewel die Sinode sê dat slegs 'n verbintenis tussen een man en vrou 'n huwelik genoem kan word.

4.53 'n Groep lidmate, ampsdraers en gemeentes begin toenemend protesteer. Dolering (treur) teen die AS se 2019-besluit word 'n bekende woord in die kerk se geledere. Hierdie benadering word vergesel deur toenemende wantroue teenoor predikante in sommige dele van die kerk, en ook sterker kritiek op teologiese opleiding in die algemeen.

4.54 Die feit dat plaaslike kerkrade self oor SGV-sake kan besluit, versterk die persepsie dat gemeentes onafhanklik en outonoom kan funksioneer.

4.55 Ampshervorming kry in hierdie dekade groter momentum in die NG Kerk. Die wyer verband aanvaar die opleiding van kerkraadslede maar innoveer ook verder. By die Algemene Sinode in 2019 word verskillende bane van opleiding goedgekeur wat nou voorsiening maak vir Bedienaars en Diensleraars.

4.56 “Bedienaars” is die eerste geïnstitusionele opleiding vir leke-bediening in die breë NG Kerk.

4.57 Hierdie dekade verteenwoordig ook steeds sterker klem op spiritualiteit en dissipelskap. Dr. Andrew Murray se kontemplatiewe en Geesgedrewe Gereformeerde spiritualiteit word herwaardeer.

4.58 Die getal belydende en dooplidmate van die NG Kerk het deur hierdie dekade gedaal. Dit geld ook die NG Kerk in Oos-Kaapland.

2020-2025

4.59 Die jaar 2020 is in ons geheue ingebrand as die jaar van Covid. Die inperking wat in Maart 2020 begin het, het 'n enorme ontwrigtende uitwerking gehad. Eredienste kon nie plaasvind nie, persone was vir vyf weke basies tot hul woonplekke beperk, families en gesinne het geliefdes aan die dood afgestaan sonder om van hulle afskeid te kon neem, en besoekwerk en pastorale versorging is ingeperk. Fisieke isolasie het tot alleenheid en 'n gevoel van verlorenheid by baie gelei.

4.60 Gemeentes het meestal gereageer deur oornag digitale bediening aan te gryp. WhatsApp en stromingsdienste het die nuwe lewensaar geword. Daar is ook op parkeerterreine eredienste gehou. Ringsittings en ook die Oos-Kaaplandse Sinodesitting van 2021 het op Zoom plaasgevind. Predikante is selfs aanlyn bevestig en deurry-afskied is van predikante geneem. Dit beteken lidmate het in hul motors in 'n ry verby die leraar beweeg en so deur die motorvenster van hom/haar afskeid geneem.

Daniël Jacobus Francois de Jongh	Predikant	NGK PE-De Duin	22 Januarie 2022
Hendrik Johannes Prinsloo	Predikant	NGK Grasvoëlkop	23 Januarie 2022
Marnico Wessels	Predikant	NGK Paterson	10 Junie 2022
Micaela Wahl	Predikant	NGK PE-Noord	1 Mei 2022
Trunette de Jongh	Predikant	NGK Uitenhage-De Mist	5 Maart 2023
Niel Muller	Predikant	NGK Aliwal-Noord	16 April 2023

Tijané Pieterse	Predikant	NGK PE-Lorraine	2 Julie 2023
Bianca Marais	Diensleraar	NGK Blouwaterbaai-Familiekerk	3 Desember 2023
Paul Stefanus Stoltz	Diensleraar	NGK Algoapark	5 Mei 2024
Hester Magaretha van der Watt	Diensleraar	NGK Jeffreysbaai	9 Junie 2024
Eliza van der Westhuizen	Diensleraar	NGK Sondagsriviermond	18 Mei 2025
Jacobus Johannes Joubert	Diensleraar	NGK Murraysburg	22 Junie 2025
Conrad Christiaan Pienaar	Diensleraar	NGK Newtonpark	6 Julie 2025
Wouter Ulrich Barnard	Diensleraar	NGK PE-Sherwood	10 Augustus 2025

4. WYSIGINGS AAN DIE KERKORDE: OOS-KAAPLAND

4.1 Motivering: Wysigings aan die Oos-Kaaplandse bepalings is nodig in die lig van nuwe kerklike beleid, soos deur die Algemene Sinode goedgekeur en aanpassings aan die regulatoriese raamwerke waaraan die Sinode, Ringe en Gemeentes moet voldoen.

4.2 Aard: Die aard van die onderstaande voorgestelde wysigings is nie ingrypend nie, wat beteken dat daar geen kontroversiële voorstelle of wysigings nodig is nie.

4.3 Bepaling 8

4.3.1 Bepaling 8 lees tans soos volg:

8. Beroeping van predikante

8.1 — Vakatures

8.1.1 — Die aanvulling van vakatures geskied so spoedig moontlik. Indien dit nie binne drie maande kan geskied nie, moet die toestemming van die ring/ringskommissie verkry word om die beroep uit te stel.

8.1.2 — By langdurige vakatures of na verlies van bevoegdheid of bedanking van 'n predikant adviseer die ringskommissie, indien nodig, die kerkraad met betrekking tot die geestelike bearbeiding van die gemeente.

Aantekening

Vakatures bestaan vanaf die datum waarop die predikant bedank, bevoegdheid verloor of afgesit is, demissie ontvang, sterf of 'n nuwe gemeente gestig is.

8.2 — Die beroepbaarheid van persone word bepaal deur Reglemente AS11 en AS12.

Aantekening

In hierdie verband het die Algemene Sinode die volgende besluite geneem wat van toepassing is:

1 — Verandering van standplaas binne drie jaar

Die Algemene Sinode het besluit “dat dit in die reël nie ten bate van die Evangelie is indien terende ampsdraers wat positiewe diens lewer, binne drie jaar hulle standplaas ontruim nie.”

2 — Dieselfde vakature

'n Predikant wat vir 'n beroep bedank het, mag nie weer vir dieselfde vakature beroep word nie (AS 1966).

3 — Ongeldig verklaarde beroep

Indien 'n predikant se beroep ongeldig verklaar word omdat vir hom/haar propaganda gemaak is, mag sy/haar naam nie tydens die betrokke vakature weer op die grostys geplaas word nie (AS 1966).

4 — Kapelane wat verplaas word

Die volgende prosedure word gevolg:

- a) Eers besluit die kerkraad of hy gewillig is om die kapelaan as medepredikant met spesiale en beperkte opdrag ooreenkomstig sy/haar werk as staatsbesoldigde te aanvaar.
- b) Indien die kerkraad toestem, word soos by 'n gewone beroep die kieskollege opgeroep om 'n beroep uit te bring.
- c) Die beroepende liggaam word gevra om per geslote stembrief “Ja” en “Nee” te stem. Daarmee word uitdrukking gegee aan die vryheid van keuse.
- d) As 'n volstrekte meerderheid “Ja” stem, word die beroep soos gewoonlik afgekondig, en word daar verder insake die goedkeuring van die beroep, ens, soos die Bepalinge voorskryf, gehandel (AS 1990).

8.3 — Die **beroeping van 'n predikant** word bepaal deur Reglement AS12

Aantekening

- 1 Gemeentes in kombinasie beroep volgens ooreenkoms soos in Reglement AS27.
- 2 Indien die konsulent beroep word en tydens die vergadering daarvoor bedank, kan die vergadering dadelik 'n volgende beroep uitbring.

4.3.2 AANBEVELING

Aangesien die sake in hierdie bepaling nou volledig in die reglemente van die Algemene Sinode opgeneem is, word Bepaling 8 geskrap.

4.4 Bepaling 9

4.4.1 Tans lees Bepaling 9 soos volg:

Bepaling 9

Ampspilte van die predikant

9.1 — Benewens die omskrywing in Artikel 9 geniet die volgende aandag:

Woordverkondiging:

- — op Christelike feesdae,
- — by die bevestiging van huwelike, en
- — die lei van begrafnisse.

Aantekening

1 Daarby kom ook:

- a) die sistematiese prediking aan die hand van die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis, Dordtse Leerreëls en die tydensgeskiedenis van Christus;
 - b) die prediking oor die betekenis van die doop en die herdenking van die Kerkhervorming;
 - c) die verantwoordelikheid vir die kategeseskool, afneem van belydenisaflegging en jeugbediening; en
 - d) die bevestiging van kerkraadstede.
- e) Is die verlof vanweë siekte van die predikant, sorg die kerkraad vir die behoorlike vervulling van sy dienswerk.

2 Die ring kan hierin help.

4.4.2 AANBEVELING

Aangesien die sake in hierdie bepaling nou volledig in die kerkorde van die Algemene Sinode verantwoord word, word Bepaling 9 geskrap.

4.5 Bepaling 13

4.5.1 Aangesien die sake wat in Bepaling 13 aangespreek word, nou in ander gedeeltes van die kerkorde aandag kry, word aanbeveel dat Bepaling 13 soos volg gewysig word (teks wat bygevoeg word, word **in vetdruk** geplaas):

Bepaling 13

Die lewensonderhoud van predikante

~~13.1—Die verantwoordelikheid van die beroepende gemeente begin vanaf die datum van die predikant se demissie uit sy/haar vorige werkkring, maar by proponente vanaf die datum van bevestiging.~~

Aantekening

Dit geld ook indien hy/sy voor sy/haar bevestiging medies ongeskik bevind sou word of sterf.

13.2 Die vergoeding van predikante word onderhandel met verrekening van die riglyn wat jaarliks deur die Taakspan van die Algemene Sinode aanbeveel word, soos gepubliseer deur die NG Kerk in Oos-Kaapland, en sluit onder andere die volgende in:

Elke beroepende vergadering onderhandel met die predikant 'n lewensonderhoud aan die hand van die totale koste van indiensneming (soos jaarliks aanbeveel deur die Algemene Taakspan vir Fondse) en sluit onder andere die volgende in:

Aantekening

Die pakket kan na behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan ter saaklike wetgewing en sinodale besluite gestruktureer word.

~~13.2.1 'n Lewensonderhoud volgens die riglyne van die traktementskale van die Algemene Sinode of haar taakspan. 'n Predikant se eerste diensjaar strek vanaf sy/haar bevestiging tot aan die einde van die boekjaar in die volgende kalenderjaar.~~

13.2.2 'n motor- of vervoertoelaag minstens volgens met die Oos-Kaaplandse sinodale besluit as riglyn;

13.2.3 Gratis behuising van 'n pastorie waarop die predikant aan die hand van SAID-formule belas word, of 'n behuisingssubsidie wat onderhandel word.

~~'n vry woning waarby water, krag en huishoudelike brandstof ingesluit is, of die toekenning van 'n woningstoelae wat hiermee gelykstaan;~~

13.2.4 'n Kommunikasietoelaag telefoon vir amptelike gebruik;

13.2.5 die instandhouding van die werkgewersbydrae tot die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika deur die kerkraad ten behoeve van die predikant; en

13.2.6 die betaling van 50% van die premie van 'n mediese fonds.

Aantekening

Die pakket kan na behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan ter saaklike wetgewing en sinodale besluite gestruktureer word.

Die Sinode verplig alle predikante in die sinodale gebied om aan 'n mediese fonds te behoort.

13.3 Vervoerkoste

13.3.1 Die gemeente wat beroep het, sorg vir die vervoer van die beroepene se goedere. en betaalt die reiskoste vir hom/haar en sy/haar gesin volgens sinodale skaat.

13.4 Verlof van predikante

Sien Reglement AS20

4.5.2 AANBEVELING

Die Sinode wysig Bepaling 13 soos voorgestel ten einde uitdrukking te gee aan die huidige bestuurspraktyk in die NG Kerk.

4.6 Bepaling 15.5

4.6.1 Verkort Bepaling 15.5 soos volg:

15.5 Die verkosenes reageer binne agt dae na die tweede afkondiging skriftelik op die verkiesing ~~en indien die reaksie negatief is, met 'n duidelike opgawe van redes.~~

Aantekening

Die kerkraad oordeel oor elke bedanking. Indien die redes vir bedanking grondig is, aanvaar hy dit en kies weer iemand om die vakature aan te vul. Indien die redes nie grondig is nie, tree die kerkraad pastoraal of broederlik vermanend op.

4.6.2 AANBEVELING:

Die Sinode verkort Bepaling 15.5.

4.7 Bepaling 26.2

4.7.1 Wysig hierdie bepaling soos volg:

26.2.1 die belydende lidmate ~~wat binne die bepaalde grense, soos deur die ring vasgestel, woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is;~~

26.2.2 die dooplidmate binne die gemeentegrense;

4.7.2 AANBEVELING

Die Sinode verkort Bepaling 26.2.1 en 26.2.2

4.8 Bepaling 27.1

4.8.1 Die Sinodale Regskommissie is deur die Ring van Burgersdorp versoek om bepaling 27 te wysig deur die hoeveelheid kerkraadslede wat 'n wettige kerkraad konstitueer te verminder as gevolg van die uitdaging wat kleiner gemeentes beleef om ses kerkraadsposte te vul.

4.8.2 Bepaling 27.1 word gewysig deur die volgende toevoeging as bepaling 27.1.2 en deur bepaling 27.1.2 se numerering te wysig na 27.1.3

27.1.2 Indien 'n gemeente minder as 100 belydende lidmate het, word die kerkraad saamgestel uit die plaaslike predikant, met ten minste twee ouderlinge en twee diakens. Waar die predikantspos vakant is, woon 'n predikant deur die ring daartoe aangewys kerkraadsvergaderings by.

27.1.3 By ontstentenis van die kerkraad tree die ring/ringskommissie in sy plek op. Verwys ook na Artikel 22.2.1

4.8.3 AANBEVELING

Die Sinode wysig Bepaling 27.1 soos voorgestel.

4.9 Bepaling 27.3

4.9.1 Die tweede paragraaf onder die opskrif word gewysig deur die woord “godsdiensbyeenkomste” te vervang met “eredienste”.

4.9.2 In die vierde paragraaf word die woord “onderwys” vervang met “geloofsvorming”

4.9.3 Die sewende paragraaf oor die bevestiging van huwelike word geskrap

4.9.4 AANBEVELING

Die Sinode wysig Bepaling 27.3 soos voorgestel.

4.10 Bepaling 30.1

4.10.1 Voeg die woorde “/ diensleraar / standplaasleraar” in na “predikant”, sodat die bepaling lees soos ander verwysings in die kerkorde

4.10.2 AANBEVELING

Die Sinode wysig Bepaling 30.1 soos voorgestel.

4.11 Bepaling 33.1

4.11.1 Wysig Bepaling 33.1 soos volg:

33.1 Die Sinode word saamgestel uit ten minste een predikant / **diensleraar / standplaasleraar** en 'n gelyke getal kerkraadslede as afgevaardigdes per gemeente.

4.11.2 AANBEVELING

Die Sinode wysig Bepaling 33.1 soos voorgestel.

4.12 Bepaling 35.7.3

4.12.1 Skrap Bepaling 35.7.3, wat handel oor 'n bepaalde tydelike kommissies wat tydens sinodale vergaderings moet funksioneer:

~~35.7.3 **Kommissie vir Reiskoste** bestaande uit twee predikante en twee ouderlinge/diakens.~~

4.12.2 AANBEVELING

Die Sinode skrap Bepaling 35.7.3.

4.13 Bepaling 35.8.2

4.13.1 Die Sinode word versoek om die aantal lede van die Sinodale Regskommissie ietwat in te kort, aangesien dit logistieke reëlins vereenvoudig sonder om die werking van die SRK negatief te beïnvloed:

35.8.2 Die Sinodale Regskommissie, bestaande uit ~~sewe~~ **vyf** lede (met sekundi), waarvan ten minste een 'n regsgeleerde is en waarvan die aktuaris lid is, word deur elke sinodevergadering benoem

4.13.2 AANBEVELING:

Die Sinode vervang die woord “sewe” met “vyf”.

4.14 Bepaling 57.1.1

4.14.1 Hierdie bepaling moet soos volg aangepas word om aan die Reëls van die Predikante Pensioenfonds te voldoen, wat op sy beurt weer deur Pensioenwetgewing gereguleer word:

57.1.1 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is deelhebbende van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika wat onder beheer is van 'n Raad van Trusteas waarop die Sinode **ooreenkomstig die Reëls van die Pensioenfonds verteenwoordig word. twee verteenwoordigers met sekundi** het, ~~wat op aanbeveling van die Sinodale Kommissie soos volg verkies word:~~

Aantekening

~~1 Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland kan skriftelik aanbevelings tot die fonds doen.~~

~~57.1.1.1 — een as verteenwoordiger vir die werknemers deur die lede uit eie geledere; en 57.1.1.2 een as verteenwoordiger vir die werkgewer deur die Sinode.~~

~~57.1.1.3 — In die reses, indien nodig, wys die Sinodale Kommissie verteenwoordigers aan.~~

4.14.2 AANBEVELING:

Die Sinode bring Bepaling 57.1.1 in ooreenstemming met die Reëls van die Pensioenfonds.

4.15 Bepaling 57.2.2

4.15.1 Aangesien Bepaling 57.2.2 nie meer deur met die Reglement van die Sinodale Argiefkommissie ooreenstem nie, word dit geskrap:

~~57.2.2 — Die NG Kerk in Oos-Kaapland het een verteenwoordiger met 'n sekondus in die Sinodale Argiefkommissie van die NG Kerk in Suid-Afrika wat deur die Sinodale Kommissie benoem word.~~

4.15.2 AANBEVELING:

Die Sinode skrap Bepaling 57.2.2.

4.16 Bepalings 64

4.16.1 Aangesien Bepaling 64 volledig deur die Reglemente van die Algemene Sinode ondervang word, word dit geskrap:

~~Bepaling 64~~

~~64.1 — Die ondersoekliggaam ontbind ooreenkomstig Reglement 22 punt 10.3.5.~~

4.16.2 AANBEVELING:

Die Sinode skrap Bepaling 64.

4.17 Bepaling 65

4.17.1 Aangesien Bepaling 65 volledig deur die Reglemente van die Algemene Sinode ondervang word, word dit geskrap:

~~Bepaling 65~~

~~65.1 — Reglement 23 reguleer hersiening (revisie), appèlle, beswaarskrifte en prosedurele beswaar.~~

4.17.2 AANBEVELING:

Die Sinode skrap Bepaling 65.

4.18 Oos-Kaapland Reglement 2

4.18.1 Brei Reglement 2 as volg uit:

~~2.2.8 Voorsien jaarliks 'n volledige stel geauditeerde state van die gemeente se fondse aan die kerkraad vir goedkeuring. Hierdie finansiële state moet deur 'n onafhanklike ouditeur of ander geregistreerde rekenkundige deur middel van 'n oorsig nagegaan word. Verwys ook na Reglement 6, Kerklike fondse~~

4.18.2 AANBEVELING:

Die Sinode keur die uitbreiding van Reglement 2 goed.

4.19 Oos-Kaapland Reglement 6

4.19.1 Brei Reglement 6 as volg uit:

- | | |
|--------|--|
| 2.5 | Die kerkraad moet: |
| 2.5.1 | toesien dat behoorlike finansiële boekhouding van alle geldelike aktiwiteite en fondse wat in die gemeente bestuur word, geskied; |
| 2.5.2 | moet jaarliks 'n finansiële staat van sodanige fondse opstel en dit deur 'n onafhanklike geregistreerde rekenmeester en/of ouditeur, met 'n professionele registrasie (bv. SAICA of SAIPA) en wat nie lid van die kerkraad is nie, laat audit of deur 'n rekenkundige oorsig laat nagaan. Die onafhanklike audit of oorsig moet ook die interne finansiële prosesse van die gemeente nagaan, |
| 2.5.3 | Die kerkraad sien toe dat voldoende kontrolemaatreëls in plek is om te verseker gemeentelike gelde word korrek hanteer, en |
| 2.5.34 | na Bepaling 31.8.2.4 verwys waar 'n gemeente nuwe kapitaalskuld aangaan. |

4.19.2 AANBEVELING:

Die Sinode keur die uitbreiding van Reglement 6 goed.

4.20 Bepaling 27.3

4.20.1 Ten einde Bepaling 27.3 oor die take van die kerkraad in lyn te bring met die gewysigde Reglemente 2 en 6, en finansiële verpligtinge beter te omskryf, word die volgende take by dié van die kerkraad gevoeg:

- | | |
|---------------|--|
| 27.3.1 | Die kerkraad laat die finansiële state van die gemeente jaarliks audit of nagaan deur 'n onafhanklike geregistreerde geoktrooieerde of ander professionele rekenmeester (bv. registrasie by SAICA of SAIPA), wat nie lid van die kerkraad of gemeentelike bestuur is nie en 'n audit of onafhanklike oorsig voorsien. |
| 27.3.2 | Die kerkraad verseker dat die interne prosesse om gemeentelike fondse verantwoordelik te hanteer, in stand gehou word. |
| 27.3.3 | Die kerkraad sien toe dat die sinodale heffing (sinodale dankoffer) en ringsheffing jaarliks oorbetal word aan sinode en ring. |

4.20.2 AANBEVELING:

Die Sinode keur Bepaling 27.3 soos gewysig goed.

5. TEN SLOTTE

5.1 Die SRK wens die Sinode God se seën toe op haar werksaamhede.

Dr DH Davel – Voorsitter

Ds J Grobbelaar - Aktuarius

A7: IN MEMORIAM

PREDIKANTE OORLEDE SEDERT DIE VORIGE SINODE

1. BRONNE

Inligting is verkry uit die jaarboeke van die NG Kerk.

Die name sluit die leraars in:

- wat deur die NG Kerk gelegitimeer is;
- wat hulle bevoegdheid behou het tot by hulle emeritaat of afsterwe;
- wat 'n gedeelte van hulle bediening in Oos-Kaapland deurgebring het (soos hieronder aangedui), in die NG Kerk of susterskerke;
- hoofsaaklik gedurende die tydperk Oktober 2021 – Augustus 2025.

2. NAME VAN LERAARS

Alfabeties volgens noemnaam:

Ds. Alwyn Griebenow (22 April 1936 – 16 Julie 2021)

1977 – 1996 : NG Gemeente Bothasrus

Ds. Basie van Eeden (21 Mei 1936 – 18 Januarie 2021)

1961 – 1963 : NG Gemeente PE-Oos

1963 – 1965 : NG Gemeente PE-De Duin

1965 – 1973 : NG Gemeente Humansdorp (Kapelaan SAPD)

Ds. Ben Janse van Rensburg (23 April 1942 – 8 Augustus 2025)

1980 – 2007 : NG Gemeente Kareedouw

Dr. Breda Ludik (3 Februarie 1955 – 7 September 2023)

1981 – 1984 : NG Gemeente Despatch-Eendrag

Ds. Connie Bester (24 September 1938 – 9 Februarie 2022)

1977 – 1980 : NG Gemeente Cradock

1980 – 1994 : Sinode van Oos-Kaapland, PSD Jeug en Leer-en-Aktuele Sake

Ds. Dawie Scheepers (16 Julie 1927 – 20 November 2021)

1953 – 1957 : NG Gemeente Sidwell

Ds. Elmar Erlank (21 Oktober 1937 - 1 Julie 2024)

1968 – 1970 : NG Gemeente Parkheuvel (Kapelaan SAPD)

Ds. Frikkie Greeff (31 Maart 1951 – 27 Junie 2021)

1990 – 2016 : NG Gemeente Burgersdorp

Ds. Giep Potgieter (28 April 1939 – 14 September 2023)

1969 – 1972 : NG Gemeente Molteno

1975 – 1978 : NG Gemeente Oos-Londen-Noord

Ds. Hennie Strydom (8 September 1945 – 22 Mei 2024)

1975 – 1981 : NG Gemeente Hofmeyr

1987 – 2008 : NG Gemeente Middelburg-Uitsig

Dr. Japie Greeff (4 Mei 1931 – 5 Julie 2021)

1956 – 1960 : NG Gemeente Sondagsrivier (Kirkwood)

1960 – 1976 : NG Gemeente Uitenhage-De Mist

1976 – 1994 : NG Gemeente PE-Lorraine

Ds. Japie van Wyk (23 Junie 1943 – 2 Augustus 2023)

1968 – 1973 : NG Gemeente Cradock

1981 – 1998 : NG Gemeente Alexandria

Ds. Johan Labuschagne (25 Maart 1965 – 21 September 2022)

2000 – 2022 : NG Gemeente Oos-Londen

Ds. Johan Visser (21 Mei 1945 – 30 September 2022)

1977 – 1983 : NG Gemeente Barkly-Oos

1983 – 1991 : NG Gemeente Molteno

Ds. Kallie van Heerden (18 Februarie 1937 – 24 Junie 2022)

1966 – 1973 : NG Gemeente Queenstown

1973 – 1981 : NG Gemeente Cradock

Ds. Kobie Oosthuizen (30 Junie 1939 – 6 Julie 2023)

1965 – 1968 : NG Gemeente Lady Grey

Ds. Kobus Stapelberg (11 September 1931 – 21 Oktober 2020)

1977 – 1991 : NG Gemeente Molteno

Ds. Kobus Venter (15 Oktober 1927 – 24 Oktober 2022)

1953 – 1958 : NG Gemeente Algoapark

1958 – 1962 : NG Gemeente Middelburg (Kaa)

Ds. Koos Anker (4 Maart 1950 – 6 Mei 2025)

1976 – 1979 : NG Gemeente Despatch-Suid

1979 – 2004 : NG Gemeente Tsitsikamma

Ds. Martin Fourie (9 Oktober 1948 – 15 Desember 2023)

1985 – 1994 : NG Gemeente Oos-Londen-Suid

1994 – 2001 : NG Gemeente Port Alfred

Ds. Nico van Wyk (15 November 1956 – 26 April 2025)

1987 – 1996 : NG Gemeente PE-Hoogland

Ds. Piet Crous (27 Januarie 1938 – 22 Maart 2021)

1972 – 1977 : NG Gemeente Burgersdorp

1977 – 1984 : NG Gemeente Steynsburg

Prof. Piet Jonas (7 Mei 1932 – 1 Junie 2023)

1959 – 1977 : NG Kerk in Afrika (gemeentes Oos-Londen, Alexandria en KwaZakhele)

Ds. Pieter Berrangé (17 Maart 1964 – 12 Oktober 2023)

1994 – 1997 : NG Gemeente Fort Beaufort

Dr. Schalk du Toit (16 Oktober 1948 – 18 Februarie 2022)

1985 – 2008 : NG Gemeente Murraysburg

Ds. Stef Skeen (1 Februarie 1931 – 25 Februarie 2024)

1957 – 1959 : NG Kerk in Afrika Rietvlei

Dr. Willem van Zijl (3 Augustus 1931 – 12 Julie 2024)

1956 – 1966 : NG Gemeente PE-Sentraal

Ds. Willie van der Merwe (12 April 1946 – 9 November 2021)

1980 – 1989 : NG Gemeente Dordrecht

1989 – 1996 : NG Gemeente Aliwal-Noord

3. AANBEVELING

3.1 Die Sinode neem kennis van die verslag.

Ds DW Mouton

Me C Vermaak

B: BESKRYWINGSPUNTE

B1. ONDERSOEK NA GEVAARLIKE HONDERASSE IN SUID-AFRIKA

Ring van Dordrecht

Die Sinode besluit soos volg:

Die Algemene Sinode word versoek om ondersoek in te stel na die aanvalle van gevaarlike honderasse op mense en ander honde, met verwysing na:

- **Beskikbare inligting oor die omvang van hierdie aanvalle**
- **Bewusmaking binne die kerk rondom die probleem en uitdaging**
- **Samewerking met betrokkenes, kundiges en belanghebbendes om 'n veiliger omgewing te skep**
- **Duidelike aanduiding van moontlik gevaarlike honderasse en die risiko vir weerlose mense wat aan hulle blootgestel is.**

Motivering:

In ongeveer 2019 is 'n bruin skoolmeisie in 'n Oos-Kaapse dorp deur 'n hond doodgebyt. Daar is berig dat dit 'n pitbull was, hoewel dit moontlik 'n pitbull-kruising kon gewees het.

Sedertdien het daar gereeld koerant- en tydskrifartikels, veral in *Huisgenoot*, verskyn waarin pitbulls verbind is aan ernstige of selfs dodelike aanvalle op kinders en volwassenes. In die laaste skakel in die bronnelys hieronder (nommer 20, oor honde-aanvalle) word berig oor drie kinders wat in 2022 deur pitbulls doodgebyt is. Volgens 'n berig op *Netwerk24* van 23 Julie 2025 is die pitbull-eienaar, Keabetswe Moroane (43), in die streekhof in Bloemfontein skuldig bevind aan strafbare manslag nadat haar hond op 12 November 2022 die agtjarige Olebogeng Mosime in sy erf in Vistapark doodgebyt het. Die hond het uit sy erf ontsnap en die buurkind aangeval. Olebogeng was 'n graad 3-leerder aan Laerskool Roseview in Bloemfontein.

Dieselfde berig meld dat nog 'n Vrystaatse kind, die driejarige Keketso Innocent Saule van Hennenman, enkele dae ná Olebogeng se dood ook deur 'n pitbull doodgebyt is. Hierdie voorvalle is voorafgegaan deur die dood van Storm Nuku (10), wat in September 2022 in Gqeberha deur twee pitbulls aangeval is. Moroane se vonnisoplegging is vir 2 September geskeduleer. Wanneer afgevaardigdes hierdie motivering lees, behoort die vonnis reeds bekend te wees.

Wat egter nie in die hofstukke vasgevang kan word nie, is die ondenkbare vrees waardeur die slagoffers gegaan het toe hulle deur sulke honde verskeur is.

Die Ring het begin kennis neem van hierdie aanvalle. Waar berigte toevallig onder die aandag gekom het, is dit na die Ringskommissie deurgegee. Só het ongeveer 20 skakels ontstaan, asook vier verdere berigte oor die hantering van die saak, onder meer deur die Sizwe Kupelo-stigting. Hierdie stigting het in 2023 'n petisie ingedien en in 2024 gesprekke met die regering gevoer, maar sedertdien is geen terugvoer ontvang nie – moontlik omdat die presiese ras van die betrokke honde nie altyd bo alle twyfel vasgestel kon word nie.

Daar is ook berig dat die *Pit Bull Federation of South Africa (PBFS)*, die *Centre for Applied Pet Ethnology (Cape)* en die Departement Landbou (DL) 'n werkskomitee gestig het om maatreëls te ontwikkel om die publiek beter teen pitbull-aanvalle te beskerm. Dit was egter nie moontlik om die Departement Landbou vir kommentaar te bereik nie.

Die werklikheid is dat mense – veral dié wat op straat beweeg, iemand besoek of selfs die eienaars van sekere honderasse – jaar na jaar deur honde aangeval word. Hierdie aanvalle lei dikwels tot verminking, ernstige trauma en soms tot die dood.

Die vraag is dus of die regering nie gevra behoort te word om ondersoek in te stel na moontlike tendense wat sekere honderasse met gevaarlike aanvalle verbind nie. Dit is moontlik dat daar nog baie gevalle is wat nooit die media bereik het nie. Die bronnelys hieronder is nie deur 'n sistematiese ondersoek saamgestel nie, maar slegs deur toevallige lees van *Netwerk24*.

Indien daar 'n verband getrek kan word tussen aanvalle en 'n spesifieke ras, suiwer of nie, moet die vraag gevra word of sekere maatreëls nie ingestel behoort te word nie. Een moontlikheid is 'n verpligte lisensie vir die aanhou van sulke honde, wat onder meer 'n veilige erf met 'n dubbele hek en duidelike waarskuwingstekens moet insluit. Dit behoort ook oorweeg te word dat veeartse geraadpleeg word oor die gevare van kruisteling, waar die ras nie suiwer is nie en moontlik tot aggressiewe gedrag aanleiding kan gee.

Wat nodig is:

- 'n Ondersoek deur die regering om die feite vas te stel.
- Bewusmaking van die probleem deur die kerk.
- Samewerking met betrokkenes, kundiges en belanghebbendes om 'n veiliger omgewing te skep.
- Duidelike aanduiding van moontlik gevaarlike honderasse en die risiko vir weerlose mense wat aan hulle blootgestel is.

Belangrik in hierdie proses is die gedagte van *lobby* en netwerk – om eerder as demokratiese bemiddelaars en priesters op te tree, eerder as om bloot “van die dakke af te roep”. (Vergelyk veral prof Piet Naudé se riglyne oor profetiese teologie.)

Die teologiese motivering wat ingesluit word, is nie volledig of diepgaande nie, maar het die doel om ons te beweeg om oor sake van openbare belang ter wille van God se Koninkryk ons stem te laat hoor. Hierdie motivering maak gebruik van prof. Anton van Niekerk se artikel “Willie Jonker se Teologiese Etiek” (NGTT 2011: 585–599), sowel as dr Martin Laubscher se boek *Publieke Teologie as Profetiese Teologie?* waarvoor hy die Andrew Murray–Desmond Tutu-prys ontvang het.

Die rede waarom hierdie twee bronne ingesluit word, is omdat sommige mag vra waarom die teologie met hierdie saak gemoeid moet wees, of dit wel binne die fokus van die kerk val, of selfs of dit nie 'n minder belangrike saak is nie. Ons hoop dat die teologiese argumente oor etiek, publieke en profetiese teologie help om groter helderheid te bring.

As Ring is ons van mening dat die herhalende mediaberigte oor hierdie kwessie die kerk verplig om dit nie langer te ignoreer nie. Jonker se etiek en Laubscher se besinning oor publieke en profetiese teologie maak dit duidelik dat die kerk nie mag swyg oor wat reg en verkeerd is in die samelewing nie – veral waar dit die veiligheid en welstand van weerlose mense raak.

Nota: die twee teologiese motiverings hieronder is verkorte weergawes – die volledige motivering en aanlyn verwysings na *Pitbulls in die media* is op die Sinode se webblad beskikbaar – <https://ngkok.co.za/sinode2025/sakelys/pitbulls-volledig.pdf>.

Eerste bydrae as basis vir die teologiese motivering

Hierdie teologiese motivering berus grootliks op prof. “Willie Jonker se Teologiese Etiek”, wat oor sy etiek en enkele hermeneutiese riglyne handel en geskryf is deur prof Anton van Niekerk in die NGTT (Deel 52, Nommers 3&4, September en Desember, 2011, pp.585-599).

Jonker se etiek fokus op die roeping van die kerk in die wêreld. Hy wys dat die kerk tydens apartheid sy roeping versaak het deur diensbaar te wees aan 'n politieke sisteem. Etiek is vir hom die sigbare uitwerking van God se heil in Christus, beleef in die lewe van die versoende kerk. Heiligmaking deur die Gees verander mense se verhouding tot God, mekaar en die wêreld.

Jonker beklemtoon dat die Skrif noodsaaklik en genoegsaam is vir ons hele lewe. Al kan ons nie reëls onbemiddeld uit die Bybel neem nie, bied die Skrif fundamentele riglyne wat in elke konteks toegepas moet word. Sosiale etiek is dus die morele onderskeiding van gemeenskapsinstellings – nie net individue nie, maar ook strukture soos die staat, skole en kerke.

Hy wys dat die kerk krities moet bly oor alle sosiale instellings, omdat kwaad ook bo-persoonlik kan vorm aanneem. Die Skrif bied die maatstaf om hierdie instellings te beoordeel. Daarom moet die hele Skrif in sy heilshistoriese konteks gehoor word, met Christus as sentrum. Etiek beteken dus dat die kerk voortdurend vra of instellings die mensdom dien, geregtigheid bevorder en onreg keer.

Tweede bydrae wat dien as basis vir die teologiese motivering

Hierdie teologiese motivering berus op dr Martin Laubscher se eerste hoofstuk in sy boek “Publieke Teologie as Profetiese teologie?”

Laubscher beskryf hoe publieke teologie beteken dat die evangelie altyd in die openbare lewe ter sprake is. Dit sluit nie net politiek in nie, maar ook domeine soos ekonomie, media en burgerlike samelewing. Publieke teologie het daarom antennas na alle sektore van die samelewing.

Profetiese teologie is deel van hierdie roeping. Waar dit vroeër hoofsaaklik kritiek op geslote politieke stelsels gelewer het, vra 'n moderne demokrasie dat die kerk ook as bemiddelaar optree, en nie net van die kantlyn af profetiese uitsprake maak nie. Die kuns lê in hoe, waar en waarom die kerk sy stem laat hoor.

Verskeie denkers waarsku dat die kerk nie mag onttrek aan die openbare lewe nie. Die versoeking is groot om 'n veilige hawe vir lidmate te word en net na binne te leef. Tog moet die kerk steeds profeties bly getuig en sosiale kritiek lewer, met die oog op geregtigheid, vrede en die koms van God se Koninkryk.

Jonker herinner dat die kerk nie by mikro-moraal mag bly stilstaan nie, maar ook makro-vraagstukke moet aanspreek. Indien die kerk net die bestaande orde verdedig, word hy irrelevant. Die evangelie roep die kerk om te wys na die volheid van die lewe in Christus – dit maak die kerk werklik relevant.

Onderteken namens die Ring van Dordrecht:

Voorsitter: Ds. Ben Kock

Skriba: Mnr. Christiaan Kotzé

Bibliografie

Laubscher, M. 2022. Publieke Teologie as Profetiese Teologie? Stellenbosch: SUN MeDIA.

Van Niekerk, A.A. 2011. Willie Jonker se Teologiese Etiek. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, 52 (3&4): 585 -599.

Nota: Die volledige teologiese motivering van die Ringe, asook die verwysings na Pitbulls in die media is aanlyn beskikbaar – <https://ngkok.co.za/sinode2025/sakelys/pitbulls-volledig.pdf>.

E: BYLAE

E1. 'N BRIEF AAN DIE GEMEENTES IN DIE PROVINSIE OOS-KAAP

Agtergrond:

Hierdie is 'n skrywe deur prof. Piet Naudé, voormalige voorsitter van die Sinodale Kommissie Oos-Kaapland aan die gemeentes in die Sinode. Hy skryf – op versoek - asof uit die eerste eeu deur vanuit die Woord ondersoekend te kyk na ons geloofslawe in Oos-Kaapland. Hy skryf as't ware met die pen van Paulus. Die skrywe bevestig ons geloof, maar daag ons ook uit. Dit is bedoel om die proses van geloofsonderskeiding in ons Sinode te ondersteun.

VAN "PAULUS ", 'N DIENAAR VAN DIE EVANGELIE

Van Paulus wat die eerste Christene vervolg het, maar deur God se genade en radikale ingrype, 'n dienaar van die evangelie geword het.

Aan die 101 gemeentes en meer as 45 000 lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oos-Kaapse provinsie.

Ek groet julle in die Naam van ons Drie-enige God, Skepper en Onderhouer van hemel en aarde wat die gang van die geskiedenis bepaal; ons Verlosser wat bevryding en heling bring; en die Trooster wat julle steeds in die waarheid lei en as Voorspraak gedurig vir julle intree.

VERLEDE

Soos Israel van ouds, moet julle nie die groot dade van God onder en met julle vergeet nie. Die versoeking is om in vandag se probleemstories vas te val en die genadepad wat agter lê te vergeet.

Sedert 1792 is God deur Sy vrye genade aan die werk onder julle te midde van beduidende historiese gebeure in die grensgebiede wat die land se geskiedenis tot vandag wesenlik beïnvloed. Ek verbly my in die sendingwerk, evangelisasie en maatskaplike sorg wat uit julle geledere soveel seën vir ander gebring het. Julle loon in die hemel is groot.

Stilweg deur die eeue is gemeentes gestig en uitgebou. Ons eer ons voorgangers - leraars, ouderlinge, diakens en vele vroue wat met oorgawe gedien het al was hulle vir so lank van die amptelike bediening uitgesluit. "Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het " (Heb. 13:7). Laat ons nie vergeet nie dat die Pinkstergebeure 'n vervulling was dat seuns en dogters, jongmense en oumense gesigte sal sien en drome sal droom oor die uitdra van die evangelie.

Laat ons nooit moeg word om terugskouend die wonder van ons eie verlossing te vier nie. Uit louter genade is ons gered. Ons geloof is 'n gawe van God. Selfs ons volharding en die feit dat ons nog as sinodale verband hier is, is geen basis om te roem nie en is die vrug van die Heilige Gees se werk in ons.

Julle verteenwoordig – soos deur God beskik – die kosbare tradisie van die Reformasie wat deel vorm van die katolieke kerk. Staan vas en verbly julle in die helderheid van die Skrifte, die krag van die geloof, die vrygewigheid van genade en die redding deur Christus alleen.

Herinner mekaar aan die gawes van die credo's en belydenisskrifte wat naas geloofskonsensus vir ons die woorde gee om oor die groot daad van God te praat en te sing.

Dis nou reeds 1 700 jaar dat die woorde van Nicea (325) onder ons lewe en die Drie-Enige God bely en verkondig. Saam met die Apostolicum, die Formuliere van Eenheid en die Belhar-belydenis help dit ons om in ooreenstemming met die Skrifte in elke tyd nuut oor God te praat.

En dit troos ons om te weet dat ons maar een hoofstuk is in die lang storie wat God geskryf het nog voor ons daar was. En dat Hy nog steeds as Outeur van die geskiedenis voortgaan om te skryf.

Ons is briewe van Christus. En ander wat ná ons kom, sal lees van die werk van God in die Oos-Kaap.

HEDE

Die Heilige Gees druk dit op my hart om in julle huidige situasie in te spreek:

Dis verblydend dat julle die ampte uitbrei en losbreek uit die strik-idee dat slegs een tipe leraar vir die bediening geskik is. Laat ek julle herinner: Die eerste amp is dié van gelowige profeet, priester en koning (1 Pet 3:15). Alle ander "amp" kom daarna. En God voorsien bedienaars vir verskillende situasies en behoeftes as ons met onderskeiding na Hom luister. Ons self het as apostels begin, maar later leraars, profete, bedienaars, evangeliste en ander bygevoeg om seker te maak die evangelie word uitgedra in ooreenstemming met die konteks, as beliggaming van die gawes wat die Gees uitstort, en as antwoord op die geestelike nood van mense.

Die krimpende getal lidmate en gemeentes moet julle nie in die eerste plek moedeloos laat nie. Daar is verskuiwings waaroor julle nie beheer uitoefen nie. Die volle katolieke kerk is steeds teenwoordig waar twee of drie in God se Naam vergader, die Skrifte gelees en die sakramente bedien word. En dis goed om te sien dat gemeentes – daar op grondvlak – kreatief werk om die erediens in stand te hou en – soos dit hoort – meer volhoubaar is as formele predikantsposte. Dis ook die wil van God dat middele nie op 'n sentrale "hoofsentrum" spandeer word nie maar direk aangewend word in ringe waar God se mense die beste weet hoe om die evangelie gestalte te gee. Julle ringsverhale is helder tekens van God se koninkryk waarop julle trots en dankbaar kan wees.

'n Kleiner-wordende NG Kerk beteken nie 'n kleiner-wordende koninkryk van God nie. Dit moet julle ook tot selfondersoek en geloofskreatiwiteit dring:

Is ons gemeentes regtig plekke waar dit nie saak maak of iemand wit of swart, ryk of arm, Afrikaans of Engels of Xhosas, gay of *straight* is nie, maar almal een is in Christus? (Gal 3:26-28). Of is die NGK oor die algemeen en ook in die Oos-Kaap - in teenstelling met die Nuwe Testament - 'n laaste vesting om kulturele identiteit te beskerm? Is daar geleenthede tot groter samewerking onder mekaar en met ander geloofsgenote? Of is die idee dat elke gemeente "outonoom" is, 'n rookskerm om nie regtig vir mekaar om te gee nie? En word

"gereformeerdeheid " so eng vertolk dat ekumene met ander op die dorp en in die streek swaar van die grond af kom? Word die kerkgeboue en kerksale as dienssentrums besien wat bakens van hoop in gemeenskappe skep wat swaar deur werkloosheid, hongersnood, en ineengestorte staatsdienste getref word? Of is ons infrastruktuur en mensepotensiaal "ons s'n " wat in "ons " behoefte moet voorsien?

Die Skrifte leer dat die wêreld die koms van Christus sal glo op grond van die liefde wat hulle onder ons sien.

Dis met onsteltenis en hartseer dat ek hoor van strydpunte wat julle en die breër NG Kerk se onderlinge verhoudings skaad. Dis asof die duiwel altyd weer 'n nuwe soort mens-vraag onder julle in die NG Kerk stel en julle in die strik laat trap om daarvan 'n saak te maak wat vervreemding, afskeiding en selfs vyandskap werk:

Eers was dit die vraag na kerklidmaatskap van swartmense; toe die vraag na vroue in die lerende amp van ouderling (om nie van hoedens in die erediens te praat nie); toe die vraag na kinders se deelname aan die Nagmaal; en nou onlangs die vraag na seksuele identiteit in verband met huwelik en ampsbediening.

Elkeen van hierdie vrae is opsigself belangrik en in die oomblik moeilik om te deursien. Die kerk in ekumeniese verband stry ook dieselfde stryd en deur die eeue – van die eerste gemeentes in Handeling – was daar ongemaaklike vrae en strydpunte.

Maar ons weet mos dat die Heilige Gees ons - vanweë ons eie vooroordele, eiebelang en sondige natuur - stadiger tot insig lei as wat gemaklik is . Terwyl ons in die stryd is, raak ons blind en kyk eers later met verbasing terug dat alles so duidelik en eenvoudig is.

Wag op die Here en wag geduldig op mekaar soos Christus geduldig was met ons.

Maar geeneen van hierdie strydvrae hef ons eenheid in Christus op nie. En geeneen van hierdie vrae is genoeg gronde om struktureel en persoonlik van mekaar weg te stap nie. Die verskeurde NGK familie - wat die APK en ander Afrikaanse kerke insluit - is en bly 'n skandvlek op die getuieis dat Jesus se verlossing ons almal erfgename van Christus maak.

Elke afskeiding maak van ons vyande van die kruis.

Hou dus aan om sonder ophou te bid en te dink en om mekaar met Christelike liefde en verdraagsaamheid vas te hou.

Die geloof-waardigheid van die evangelie is op die spel.

TOEKOMS

Julle is medewerkers van God om te bou aan die toekoms van die koninkryk in die Oos-Kaap. Hy kan ook sonder ons werk. Die klippe sal dit uitroep. Maar Sy weg loop deur die liggaam van Christus.

Julle het reeds moedige stappe geneem om 'n storie van hoop te help skryf. Hoop vir julleself maar ook hoop vir ander.

God het in die geskiedenis deur Sy algemene genade mense (self heidense konings), instellings (selfs die VN) en uitvindings (soos die boekdrukkuns, TV en nuwe tegnologie vandag) gebruik om Sy Naam uit te dra. Maak dus gebruik van wat voor oë is en laat die Gees

julle skerp insig gee om geleenthede vir die kerk en koninkryk te sien in mense, toestande en instellings wat op die oog af negatief werk:

Korrupsie is 'n kans vir waarheidspreke en etiese opleiding; ineenstorting van dienste is 'n kans vir barmhartigheid en profetiese kritiek; sosiale media bied die kanale om jongmense te win en te behou en diegene te bereik wat ver is. En nog vele meer.

My innige gebed is dat God julle in staat sal stel om die dinge waarop dit aankom, reg te onderskei. "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Jesus Christus kom " (Fil. 1:6).

Laat ons mekaar herinner: Duisend jaar is vir God soos 'n nagwaak. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Waar in lê ons waarborg opgesluit?

In die feit dat ons kinders van Abraham is en dus ingesluit is in God se ewige verbond met Israel en die nuwe volk van God. Elke keer as julle die brood breek en die wyn proe of die water van die doop sien, herinner julleself dat ons nie aan die wigte en teenwigte van die geskiedenis, kultuur, ekonomie en politiek uitgelewer is nie. Nee, ons is verbondsmense wat weet dat God – meestal ten spyte van sy eie halsstarrige volk – nooit die werk van Sy hande laat vaar nie. Al lei Hy ons soms deur die woestyn en ballingskap ter wille van ons geestelike heil en om die eer van Sy heilige Naam.

Christus is die opgestane Hoof van die kerk en Hy is 'n Koning wat nie sonder onderdane sal wees nie. Ook nie in die Oos-Kaap nie.

SEËNGROET

Groete aan almal wat aan God behoort deur Jesus Christus en die werk van die Heilige Gees.

Die genade van ons Here, Jesus Christus, sal by julle wees en bly.

Piet Naudé

Augustus 2025

E2. MATTEUS 28 (2020)

Opwekking van Jesus

1. Ná die Sabbat, teen dagbreek op die eerste dag van die week, het Maria Magdalena en die ander Maria gegaan om na die graf te kyk.
2. Skielik was daar 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal, nader gegaan, die steen weggerol en daarop gaan sit.
3. Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere wit soos sneeu.
4. Uit vrees vir hom het dié wat die graf bewaak, gebewe en soos dooies geword.
5. Toe antwoord die engel die vroue en sê: "Moenie langer bang wees nie, want ek weet julle soek Jesus, die gekruisigde.
6. Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek, soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het,
7. en haas julle en gaan sê vir sy dissipels, 'Hy is opgewek uit die dood! Kyk, Hy gaan voor julle uit na Galilea – daar sal julle Hom sien. Dit het ek vir julle gesê.' "
8. Met vrees en groot blydschap het hulle haastig van die graf af weggegaan en gehardloop om die boodskap aan sy dissipels oor te dra.
9. Onverwags het Jesus hulle tegemoet gekom en gesê: "Gegroet! " Hulle gaan toe nader, gryp sy voete en aanbid Hom.
10. Daarop sê Jesus vir hulle: "Moenie langer bang wees nie. Gaan sê vir my broers dat hulle na Galilea moet gaan – daar sal hulle My sien. "

Die wagte se leuen

11. Terwyl die vroue op pad was, het enkele van die wagte na die stad gegaan en alles

wat gebeur het, aan die leierpriesters berig.

12. Die leierpriesters het toe met die familiehoofde bymekaargekom, en 'n besluit geneem om 'n groot som geld aan die soldate te gee,
13. met die opdrag: "Sê, 'Sy dissipels het in die nag gekom en hom gesteel terwyl ons geslaap het.'
14. En as die prokurator daarvan te hore kom, sal ons hom gerusstel en sorg dat julle nie in die moeilikheid beland nie. "
15. Hulle het die geld toe geneem en gemaak soos hulle voorgesê is. Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode versprei.

Jesus se laaste opdrag

16. Die elf dissipels het na Galilea gegaan, na die berg waarheen Jesus hulle ontbied het.
17. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel.
18. Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.
19. Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees,
20. en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd. "

Aantekeninge

SINODE VAN DIE
NG KERK IN OOS-KAAPLAND
Veertiende vergadering
13-16 Oktober 2025

